# DIE HART VAN DIE EVANGELIE

**Christo Nel**

# Inhoud

HOOFSTUK 1 DIE ONGELOOFLIKE GENADE VAN GOD ........ 4

HOOFSTUK 2 DIE KRAG VAN GOD SE LIEFDE EN EMPATIE ........ 9

HOOFSTUK 3 DIE GOEDHEID VAN GOD ........ 12

HOOFSTUK 4 DIE ROEPING VAN DIE KERK ........ 14

HOOFSTUK 5 DIE KRAG VAN AANVAARDING ........ 17

HOOFSTUK 6 DIE LIEFDE IS DIE SLEUTEL WAT DINGE VERANDER ........ 20

HOOFSTUK 7 DIE REGVERDIGE GOD IS EINTLIK "ONREGVERDIG" TEENOOR HOMSELF ...... 22

HOOFSTUK 8 NEEM JULLE POSISIES IN AS HEERSERS ........ 24

HOOFSTUK 9 GOD OORDEEL MY NIE MEER NIE ........ 28

HOOFSTUK 10 MARINEER ONS IN U LIEFDE, HERE! ........ 31

HOOFSTUK 11 JESUS, VRIEND VAN SONDAARS ........ 36

HOOFSTUK 12 KOM ONS DINK WEER OOR JESUS ... SY MENS-WORD - DEEL 1 ........ 40

HOOFSTUK 13 KOM ONS DINK WEER OOR JESUS – DEEL 2 ........ 43

HOOFSTUK 14 KOM ONS DINK VERDER OOR ‘N VERHEERLIKTE JESUS - DEEL 3 ........ 46

HOOFSTUK 15 DRIE DAE IN DIE GRAG ........ 50

- Palm Sondag ........ 50
- Daardie Dinsdagaand laat ........ 50
- Vroeg Woensdagoggend om 06:00 ........ 50
- Die kruisigingsgebeure ........ 50
- Woensdagoggend om 09:00 ........ 50
- Woensdagmiddag om 15:00 ........ 50
- Vroegaand (voor 18:00) daardie Woensdag ........ 51
- DRIE DAE IN DIE GRAF ........ 51
- Die opstanding ........ 51
- Vroeg die Sondagmôre ........ 51

HOOFSTUK 16 OMHELS JESUS EN DIE IMPAK VAN SY BLOED ............................................. 52

HOOFSTUK 17 WAAROOR MOES HY SO LY? – DEEL 1 .......................................................... 56

HOOFSTUK 18 WAAROM MOES HY SO LY? – DEEL 2.......................................................... 58

HOOFSTUK 19 WAAROM MOES HY SO LY? (Deel 3)............................................................ 60

HOOFSTUK 20 DIE HART VAN BYBELSE BEVRYDING............................................................ 62

HOOFSTUK 21 ONS VEG HIERDIE GEESTELIKE OORLOG ELKE DAG ...................................... 66

HOOFSTUK 22 PERSPEKTIEF.................................................................................................. 71

HOOFSTUK 23 MOENIE VREES NIE! ....................................................................................... 74

HOOFSTUK 24 OM MET GOD TE WANDEL IS OM GELOWIG TE SÊ WAT GOD SÊ................. 77

HOOFSTUK 25 BEGIN BELY WAT JY WERKLIK GLO................................................................ 80

HOOFSTUK 26 GRYP IN ANDER SE LEWENS IN ..................................................................... 84

HOOFSTUK 27 TRANSFORMASIE VAN DIE WÊRELD OM ONS............................................... 87

HOOFSTUK 28 GRYP GOD SE DROOM VIR JOU NOU VAS..................................................... 90

# HOOFSTUK 1    DIE ONGELOOFLIKE GENADE VAN GOD

**Ps 106:1**

*Halleluja! Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.*

**Ps 103:8**

*Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.*

**Joh 3:16-17**

*"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.*

*17 God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.*

**2 Kor 5:18-19**

*En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het,*

*19 naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.*

**Heb 8:12**

*Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.*

**Ps 23:6**

*Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.*

Ek het met 'n skok ontdek dat ek worstel om God te vertrou omdat ek worstel om te glo dat Hy my onvoorwaardelik en aanmekaar kan liefhê terwyl ek is wat ek is en doen wat ek doen.

Ek weet dit is deels omdat ek uit 'n tipiese Nederduitste Gereformeerde kerklike agtergrond uitkom. Ons het daar as't ware saam met moedersmelk ingekry dat ons sondaars is en so sal ons bly! En dan het ons nog boonop aanmekaar die wet vir mekaar bly lees om dit net nog meer in ons in te hamer.

Maar wat ons nie besef het nie is hoe ons met ons tipiese wettisisme met sy baie reëls vir 'n normale Christelike lewe, en klem op God se oordeel, 'n prentjie van God gefikseer het in mense se lewens. Van hierdie kwaai, altyd-straffende God wat daarop uit is om ons erens goed te looi oor ons gedurige rebellie en ongehoorsaamheid.

Dit was eers toe die God self deur Sy Gees vir my die ware intensies van die Sy hart begin wys het, iets van die allesoordekkende aard en omvang van Sy liefde vir my my, het iets hier in my binneste begin gebeur. En as jy my toelaat, sal ek graag jou so 'n entjie op hierdie pad, wat die Here met my geloop het, wil saam stap.

Ek weet nie of jy weet nie, maar die vers wat die meeste kere in die Bybel voorkom is dit wat daar in Ps 106:1 staan: . *Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.* Of soos die Nuwe Vertaling dit vertaal: *Loof die Here, want Hy is goed. Aan Sy liefde is daar geen einde nie!*

Kom ons dink net 'n oomblik aan wat hier staan! Die God en Here wat ek en jy ontmoet het in Jesus Christus, is bo alles 'n goeie God. Is die God wat daar in Jer 29:11 ook vir ons sê: *Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.*

En soos Paulus daar in Rom 8:28 sê: *En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.*

As 'n mens kies om dit te glo, werklik te glo, gebeur daar iets hier in jou. Skielik breek 'n dimensie van die Evangelie en van die Woord vir jou oop wat jou hart laat ruk. Dit is asof jy vir die eerste keer sekere gedeeltes in die Bybel lees; en vir die eerste keer sekere dinge wat Jesus gedoen het begin verstaan.

Kom ek gebruik 'n beeld om jou te help: Soos ons partykeer vleis in 'n marinade moet laat week om regtig sag en sappig te word, lyk dit vir my, moet ons - of kom ek wees meer persoonlik - moes ek kies om te week in hierdie Bybelse waarheid dat God onvoorwaardelik en aanhoudend mense liefhet op hierdie aarde. Sodat ek sag en soepel genoeg kon word om hierdie God werklik met my hele lewe, en al my behoeftes te vertrou - om nie eers te praat van ander en hulle behoeftes nie.

Solank ons op hierdie aarde is, sal God alles moontlik doen om mense wat Hom nie ken nie op te soek en bewus te maak van Sy alles-oorheersende liefde vir hulle; sal Hy alles in Sy vermoë doen om mense wat Hom ken te oortuig dat Hy hulle aanmekaar en onvoorwaardelik liefhet, veral nou dat hulle Sy kinders is.

'n Mens kan nie die kern van die Evangelie van Jesus se koms, lewe, dood en opstanding verstaan as jy nie hierdie hart en intensie van God begryp nie.

Natuurlik is dit nie eintlik die lyne waarin die meeste van ons - en die meeste godsdienstige mense - dink en praat nie. Ons sou ook maar eerder saam agter ons hande gepraat het oor Jesus wat so by mense kuier wat geestelike verraaiers en kerkloos is. Wat dan nog boonop heeldag met hulle saam partytjie hou!

Daarom moet ons ook maar luister as Jesus daar in Luk 5:31 die hart van die Vader teken met Sy woorde: *Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.*

Wat my aangryp is dat Jesus nie aan hierdie sogenaamde "sondaars" 'n klomp reëls oor hoe 'n mens moet lewe voorgehou het om hulle tot bekering te bring nie. Dit is mos wat ons dink gedoen moet word! Nee, Hy het net daar tussen hulle gaan sit en hulle liefgehê! En tussen al daardie liefhê deur het hulle gelê en marineer in God se genade en goedheid. Het hulle saggenoeg geword om van mening te verander oor God en wie Hy is, en gekies dat Hy ook hulle God word.

Ek het skielik op 'n dag met 'n skok besef dat Jesus nooit vir die skares gesê het dat Hy hulle liefhet nie. (Hy het dit wel so een of twee keer in Sy binnekring vir sy dissipels gesê). Maar tog het almal na Hom gestroom, want hulle was "mal" oor die manier hoe Hy hulle prakties liefgehad het.

Ek vang my dat ek in 'n poging om vir my kinders te wys dat ek hulle liefhet, al strenger en strenger met hulle word. En in die proses lê ek net meer en meer reëls neer wat hulle moet beskerm en moet leer hoe hulle moet lewe. Maar ek hoef nie vir jou te vertel dat dit nie die dinge is wat hulle maak anders optreë nie.

Nee, dit is eerder wat met daardie tienerdogter of -seun van jou op 'n dag gebeur. Ja, daardie een wie se kamer elke dag soos 'n varkhok lyk of wie nooit hulle gesig behoorlike wil was en versorg nie. 'n Mens praat mos tot vervelens toe daaroor, sonder dat dit regtig help. Tot op daardie dag wat daardie kind van jou skielik bewus word van daardie iemand spesiaal. Skielik het jy 'n nuwe tiener! Soveel so dat jy partydae self moet gaan seker maak of iemand nie dalk jou kind omgeruil het met iemand anders wat net soos hy/sy lyk nie.

Liefde verander mense. Reëls kry hulle net oppervlakkig in lyn met wat jy wil, maar dit verander nie hulle hart nie.

G'n wonder die Here sê daar in Op 2:4 die volgende aan gelowiges nie: *Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.*

Om terug te keer na ons "eerste liefde" is om weer opnuut te ontdek dat God ons eerste liefgehad het, en wat dit aan ons gedoen het (ons eerste werke) toe ons dit ontdek het.

Dit is mos asof 'n mens so gewoond daaraan word om te weet dat daar 'n lewende God is, en dat Hy jou, soos wat jy is, kan liefhê! Ja, dat Hy jou so liefgehad het dat Hy Sy enigste, Sy kosbaarste se lewe gegee het sodat jy Sy kind kan word.

G'n wonder die Hebreërskrywer roep ons na hierdie God se woonkamer toe met die woorde daar in Heb 4:16 nie: *Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.*

As ons weet en glo dat Hy ons aanmekaar en aanhoudend liefhet, ongeag wie en wat ons is, dan weet ons dat Sy troon 'n troon van genade is waar ons al die barmhartigheid en genade sal kry wat ons nodig het.

Ja, veral daardie tye wat ons teen ons beterwete in, en teen Sy liefdevolle vermaning in, ons eie kop gevolg het en moeilikheid gekry het.

Sien, Hy is nie soos ons wat, as iemand iets aan ons gedoen het wat ons seergemaak het, eers tyd gegun moet word om mekaar te straf, en af te koel voor ons mekaar genadig kan wees nie.

God is altyd gereed om ons hier op aarde genadig te wees. Hy hou net aan en aan om ons onvoorwaardelik lief te hê.

Ons hoef nie eers een of twee dingetjies te doen om so eers Sy guns te wen nie. Want ons kan nie met wat ons doen Sy guns wen nie. Hy gee Sy guns immers aan mense uit genade, verniet, sonder dat hulle dit moet verdien. Hy seën self mense wat Hom nie ken nie, en Hom nie dien nie. Hy laat reën dit op regverdiges en onregverdiges.

So baie keer laat ons mense dink dat die sondes wat hulle doen, kan hulle skei van die liefde van God. Maar dit is Ou Testamenties. Jesus het immers gekom om namens ons ons sondes op Hom te neem en namens ons deur God verlate te wees. Daarom kan selfs sonde ons nie meer van Hom skei nie. As ons Jesus en dit wat Hy vir en namens ons gedoen het, aanvaar in die geloof, kan ons saam met 'n Paulus uitroep dat "niks ons kan skei van die liefde van God nie".

Dit is immer die evangelieboodskap. Dat God ons nie straf en behandel soos wat ons verdien om behandel te word nie, maar eerder ons genadig is en deur Sy onvoorwaardelike liefde tot bekering wil lei.

Luister hoe Rom 2:4 dit sê: *Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?*

Ek vertel nie gewoonlik vir mense dat ek 'n predikant is nie, want die oomblik as ek dit doen, verander hulle. Dit is mos asof hulle van daardie oomblik af verwag dat jy hulle oor die kole moet haal oor hulle lewe. Dit is presies wat gebeur het toe 'n komediant op die vliegtuig ontdek het dat 'n prediker langs hom sit net nadat hy 'n bier 7:30 in die oggend bestel het. Dit was eers nadat die prediker sy bier vir hom oopgemaak het en hom vertel het hoe lief God hom het, dat hy ontspan het en vir hom hierdie grappie kon vertel:

Van toe Noag se kinders in die ark vervelig geraak het en wou visvang. "Natuurlik" het Moses gesê "maar wees net versigtig, want ons het net twee wurms!"

Mense het nodig om te hoor hoe lief God hulle werklik het, want net die liefde van God verander mense werklik.

Selfs ons lewens as gelowiges ook. Soos Moses het ons ook nodig om net weer te beleef wie en wat God werklik is. Daarom was dit vir hom genoeg om net die agterkant van God se heerlikheid en Sy genade te sien, om werklik vrede weer te ervaar.

Maar ek en jy kan God van aangesig tot aangesig leer ken in Jesus. Heb 1 noem Hom nie verniet die eksakte ewebeeld van die Vader nie.

En om Hom dan te hoor sê: *Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.* Dan weet ons, by Hom is ons veilig.

Rom 3 het immers gesê ons is almal siek van die sonde in ons are. Ons moes net erens in ons lewe dit erken, want soos niemand 'n alkoholis kan help as hy nie wil erken dat hy 'n probleem het nie, kan God niemand bedien met Sy liefde as hy/sy nie wil erken dat hulle behoefte aan daardie liefde het nie.

Ons kan maar kom soos wat ons is. Soos die prostituut van Luk 7:36, want God is nie 'n aansiener van persoon nie. Hy gaan ons nie weg wys oor wie ons is of oor wat ons in die verlede gedoen het nie.

Die Gees van die lewende God het immers ons kom haal daar in die vreemde waar ons lekker God se genadeseën uitgemors het. Dit was Hy wat ons kom oortuig het - daar in die "gutter" waar ons gesit het - dat daar baie meer vir ons by die Vader se huis wag, al moet ons net daar werk as 'n bediende. En ons gaan net soos die verlore seun, elke keer sien hoe die Vader na ons toe uitgehardloop kom om ons terug te verwelkom, want "sy verlore seun wat dood was, is terug".

Sê vir my, waar het God jou die eerste keer uit kom haal?

Daarom kan ons maar weer en weer by Sy voete kom kniel soos hierdie vrou van Luk 7 en daar aan die huil gaan. Dit is immers die voete van Een wat ons so liefgehad het dat Hy Sy Seun gegee het sodat ons kan lewe. Hier is daar beslis vir ons 'n plekkie in die son waar ons sonder vrees kan kom sit.

Het dit nie weer vir jou tyd geword om daar te gaan sit sodat God jou kan lief hê nie? Ja, kan liefhê meer as wat jy ooit dit kon verdien het.

## HOOFSTUK 2    DIE KRAG VAN GOD SE LIEFDE EN EMPATIE

God se begeerte om jou te seën is baie groter as jou gewilligheid om dit te glo en te aanvaar.

Jesus het maar aangehou om melaatses te genees, al het net een van hulle teruggekom om dankie te sê.

Ek geniet dit om dit waarmee die Here my mee seën, te deel met ander, en om dit ook vir hulle gebruik beskikbaar te stel. Maar ek kom agter dit is eers as hulle my werklik persoonlik leer ken het, dat hulle van my aanbod begin gebruik maak.

So het ek eers werklik toegelaat dat God my met Sy genade en empatie bedien, toe ek persoonlik aan my eie lyf Sy liefde beleef het. Ek het in my eie lewe beleef dat, alhoewel ek baie oor God geweet en baie feite geken het, was dit eers toe ek Sy liefde vir my persoonlik geproe het, dat ek geleer het om Hom meer en meer te vertrou in my lewe.

G'n wonder Judas v 21 - volgens die NIV-vertaling - stel dit soos volg nie: "*Keep yourselves in God's love as you wait for the mercy of our Lord Jesus Christ to bring you to eternal life".*

Om jou in God se liefde te "keep", beteken ten minste dat ons lank genoeg in die marinade van God se liefde moet gaan lê om daaroor te mediteer totdat dit deel geword het van ons gewone denke. Totdat ons geleer het om dit onvoorwaardelik te aanvaar en te glo. Ja, te glo dat Sy beloftes in die verband waar is. Eers dan sal ons beleef hoe geloof en hoop en vertroue in ons begin groei.

Om te glo dat God jou onvoorwaardelik en aanhoudend liefhet, kan werlik 'n mens in sy diepste wese verander. Omdat jy weet dat Hy jou volkome liefhet sonder enige voorwaardes of terughoudendheid, leer dit jou om Hom in alle omstandighede te vertrou, want jy weet Hy bedoel dit altyd goed met jou. Ja, dat Hy selfs enige omstandigheid kom omdraai en benut tot jou voordeel.

Maar dan moet ek weet dat dit net waar is omdat God is wie Hy is, en nie omdat ek is wie ek is nie. Anders is ek maar net weer daar dat Sy optrede teenoor my afhanklik is van my optrede.

Luister 'n bietjie hoe Dawid daar in Ps 51 nog steeds van God genade kon verwag na alles wat hy gedoen het. Onthou egter dat dit iemand is wat pas 'n ander man se vrou vir hom gevat het; toe daardie man laat vermoor het; en toe die profeet hom daaroor aanpraat, nog boonop die doodstraf uitspreek oor iemand wat dit kon doen!

*Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid, na aanleiding daarvan dat die profeet Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel met Batseba. Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig.Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger*

*geword het.Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel. Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie! Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien. Dan sal ek oortreders leer wat U van 'n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal bekeer. Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad. Here, gee my die woorde om u lof te verkondig. 'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie. Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.*

Dit is mos die woorde van iemand wat weet dat die hart van God is om mense onvoorwaardelik lief te hê en genadig te wees hier op aarde.

Iemand het eenmaal die baie harde stelling gemaak dat die kerk die enigste weermag is wat sy eie gewondes skiet. As ons eerlik is moet ons erken dat baie Christene spesialiste daarin is om ander se diepste geheime bloot te lê vir die hele wêreld om te sien, en om hulle dan sonder genade te veroordeel.

Terwyl dit die hart van God is om mense te restoreer. Luister wat Paulus daar in Gal 6:1 hieroor te sê het: *Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei (die Grieks sê: "geestelik is" ), so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom.*

Paulus praat hier met mense wat "geestelik" is in die ekklesia/gemeente. Maar dan nie in die sin dat hulle baie geestelike gawes het nie, maar eerder soos wat 1 Joh 4 dit defineer, naamlik as 'n persoon wat God ken omdat hy/sy die liefde van God persoonlik ervaar het.

'n Mens ervaar God se liefde daar waar Hy jou erens in jou lewe baie pertinent aanraak. Soos daardie melaatse in Markus 1:41. Onthou melaatses was die verwerptes ("the untouchables") van hulle samelewing. Maar omdat Jesus hulle wou laat proe dat God hulle liefhet, kom Hy raak hulle aan as Hy genees - uit empatie staan daar in hierdie vers.

So wys Jesus vir hierdie man baie prakties dat Hy hom liefhet. Wys Hy vir hom dat God hom liefhet en vir hom omgee. Selfs al is hy nog 'n onbekeerde sondaar.

As mense kan sien en ervaar dat jy hulle liefhet, kan jy 'n kanaal wees vir God se liefde om hulle kennelik te bedien. Hoe sê die gesegde: Sondaars is lief vir diegene wat sondaars soos hulle is liefhet.

Ons raak soms so tegnies en wetties met mense, dat ons erens langs die pad perspektief verloor waaroor dit nou eintlik gaan. Dat ons eintlik net geroep is om mense lief te hê met dieselfde liefde as wat Jesus hulle sou liefhê. Hulle lewens gaan nie in die eerste plek verander omdat hulle meer bid nie, of meer Bybel lees nie, of meer hulle tiende gee nie. Hulle gaan verander as hulle God se liefde as 'n realiteit in hulle lewens beleef het.

Daardie ou wat 'n reuse finansiële krisis het en nie eers geld het om na sy pa toe te gaan wat op sterwe lê nie, gaan God se aanraking beleef daar waar jy gehoorsaam vir hom die geld gee om heen en weer te kan ry.

G'n wonder Jesus bid daar in Joh 17 baie pertinent vir Sy volgelinge dat hulle God se liefde sal ken en ervaar in hulle lewe nie. En dit is presis wat Paulus daar in Ef 3 ook bid vir gelowiges.

Ek wil hê jy moet hoor ek sê "ken en ervaar", want daar is beslis 'n ervaringsdimensie ook hier van sprake. Toe Dawid na die Batseba-sage beleef het hoe God hom begenadig het, het hy ook emosioneel beleef dat God hom liefhet ten spyte van wat hy gedoen het. Hy het beleef God wil ons nie doodmaak omdat ons sondig nie. Sonde sal jou doodmaak. Maar God se genade en liefde is onvoorwaardelik en aanhoudend.

Ons houding teenoor God verander soms so vinnig soos die weer, maar God se houding teenoor my verander nooit nie, nooit nie.

Daarom glo ek wil die Here hierdie woord gebruik om jou en my uit te daag om weer ons passie en eerste liefde vir God te herwin. Ja, daardie passie en eerste liefde wat baie keer vervaag soos wat ons vasgevang word in wettisisme, of verval onder veroordeling as gevolg van sonde of mislukkings langs die pad en dit wat mense ons daarna toegesnou het. Ek wil jou net weer verseker dat God se liefde vir jou nie erens langs die pad gestop het nie.

Gaan maak tyd om stil te word voor die Here. Mediteer weer 'n slag oor hierdie tekse en oor wie Jesus was. Visualiseer hoe jy soos die verlore seun na baie eskepades na jou pa se huis aangestap kom, en sien hoe Vader uitgehardloop kom na jou. Beleef Sy arms om jou en sy soene oral op jou gesig. Beleef hoe Hy jou toevou in Sy genade en oorvloed.

Laat God se liefde jou liefde vir Hom weer restoureer.

# HOOFSTUK 3    DIE GOEDHEID VAN GOD

As jy nie glo dat God werklik onder alle omstandighede 'n goeie en liefdevolle God is nie, kan jy Hom nie werklik onder alle omstandighede vertrou nie!

Jesus se hele bediening het gefokus op die goedheid, genade en liefde van die Vader vir mense.

**Spr 16:6**

*Liefde en trou bring versoening waar daar verkeerd gehandel is; kwaad word vermy deur die Here te dien.*

Hoor jy wat hier staan? As hier verwys word na "kwaad" dan moet jy asb nie net dink aan sonde of dinge wat 'n mens verkeerd doen nie. In die Hebreeus word hier 'n woord gebruik wat ons in die Engels met "iniquity" kan vertaal. M a w dit gaan hier oor daardie natuurlike vermoë van die mens om te sondig. Daardie natuurlike vermoë/natuur van ons word bedien wanneer ons blootgestel word aan God se liefde en genade, en dit maak dat ons begin om kwaad te vermy.

Sien, net blootstelling aan God se liefde en genade deur die werking van die Heilige Gees kan mense se harte verander; daardie hart waaruit die oorsprong van alle dinge is, sê Spreuke.

Daarom reflekteer jou lewe vandag, en jou optrede, wat werklik in jou hart aangaan! Ons beskuldig so baie keer die duiwel en ander mense vir die manier hoe ons optree, maar jou optrede is maar net die gevolg van wat jy werklik glo in jou hart.

Kom ons klaar net gou iets uit: Jou "hart" in die Bybel kan in verskillende kontekse verskillende dinge beteken. Maar in die meeste gevalle verwys dit na waar jou gees jou gedagtes, jou emosies en jou wilskeuses direk beïnvloed en beheer, en so dus ook jou hele lewe verder beheer.

'n Christen is dus na sy wedergeboorte iemand met 'n nuwe hart, want God het deur die werking van Sy Gees sy gees lewend of nuutgemaak, en van daaruit wil die Heilige Gees nou ook hierdie mens se gedagtes, emosies en wilskeuses vernuwe en verander.

Daarom het ons nodig dat God ons letterlik in die "marinade" van Sy liefde, goedheid en genade moet laat lê, sodat ons ou rigiede, denke oor God en onsself kan sag word en stelselmatig begin verander.

Bv baie mense dink dat hulle as't ware God "skuld" om Hom te dien. Daarom doen hulle dit, maar in werklikheid is dit vir hulle 'n straf, want hulle doen dit nie van harte nie.

**Gal 5:1**

*Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie.*

Deel van die Evanglieboodskap is dat mense ontdek dat hulle onder geen verpligting is om God te dien, of dinge vir God hoef te doen nie. Jesus het reeds gekom en al ons skuld by God volledig betaal. Ons skuld die Vader niks meer nie, en ook nie vir Jesus nie. Ons is vir die eerste keer werklik vry om te doen wat ons **wil** doen.

God wil gedien en gehoorsaam word deur mense wat Hom liefhet omdat hulle verander is deur Sy liefde vir hulle! Omdat God se liefde hulle gees nuutgemaak het, en hulle harte verander het. Dit is wat Paulus bedoel as hy praat van "om gewortel te wees in die liefde van God".

**Ef 3:16-19**

*Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.*

Dit was die boodskap wat Jesus aan die mense kom bedien het. Daarom word Sy boodskap ook goeie nuus genoem daar in Mrk 1:14. En dit was werklik goeie nuus as 'n mens dit sou vergelyk met die gewone boodskap wat in die meeste sinagoges op daardie tydstip verkondig is. Daar is immers klem gelê op die wet en hoe om moet leef om in lyn te wees daarmee.

Die wet is deur God gegee om die mens te laat besef hy kan nie doen wat nodig is om God te behaag nie. Die wet is daar om mense tot bekering te lei, om hulle van gedagte te laat verander waar hulle gedink het dat jy moet presteer om God te behaag. As jy nie van mening hieroor verander nie, gaan dit jou ry tot jou dood, want jy gaan aanmekaar ontdek jy verdien nie God se liefde en goedheid nie.

Ons het nodig om in God se rus in te gaan. Soos Jesus se goeie nuus ons uitgenooi het om te doen. Sy boodskap was immers dat sondaars nie van lewenswyse kan verander uit hulle self nie. Dit is ook nie wat God van ons vra nie. Hy vra ons net om te aanvaar en te glo dat God sondaarmense liefhet en hulle roep om Sy volgelinge te word. Sy boodskap is juis dat Hy gekom het om vir mense wat nie liefde verdien nie, te kom sê dat God hulle liefhet.

Mense wat dit glo, word deur hierdie boodskap verander. Sodat jy goed kan voel oor jou verhouding met God en met jouself.

## HOOFSTUK 4 DIE ROEPING VAN DIE KERK

**Sag 3:17**

*Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou:*

Die Here jubel oor ons. Hy hou nie heeltyd ons verlede voor ons nie. Dit is goeie nuus. Om dit te glo verander mense se lewens.

Baie dink dat dit die Kerk se taak is om mense te kry dat hulle reg moet begin lewe. Maar dit is nie die kerk se roeping nie. Die kerk se roeping is om die goeie nuus aan mense te vertel en hulle op te roep om dit te glo.

Ons instrument is dus die goeie nuus. En nie vrees nie. Soveel keer probeer mense mekaar se optrede verander deur mekaar te manipuleer met vrees.

**Jes 29:13**

*Die Here het gesê: Hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My af, hulle dien My soos mense dit wil hê, nie soos Ek wil nie.*

Sien, dit is wat 'n boodskap van vrees en wettisisme aan mense doen. Dit verander die dop maar nie ons harte nie. Net liefde kan ons hart verander.

**1 Joh 4:12-18**

*Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik. Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het. Wie bely dat Jesus die Seun van God is-God bly in hom en hy in God. En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom. Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.*

Liefde bring 'n geestelike volwassenheid in ons. 'n Volwassenheid wat alle vrees verdryf.

Ek beleef dat soveel mense in vrees vir God lewe. Gelowiges uit tradisionele gemeentes pak die skuld vir alles op God. Terwyl gelowiges uit die Pinksterwêreld weer al die skuld op die duiwel pak. Terwyl die probleem gewoonlik is dat ons nie wil verander nie, want solank ons die skuld op iemand anders pak, kan ons en hoef ons nie te verander nie.

Die waarheid wat mense dus vry maak om te begin verander is oor wie God regtig is. Dat Hy goed en liefdevol is. En dat net mense, wat Hom ontmoet het as 'n goeie liefdevolle Vader in Christus, se harte verander en so gered en bevry word.

**Hos 4:6**

*My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.*

Wat mense vernietig is hulle sonde, want sonde maak dood. Maar kennis oor die ware karakter van God kan hulle werklik vry maak. Die bose sal alles in sy vermoë doen om jou te oortuig om aan te hou om God uit eie krag en vermoëns te dien, want dit veroorsaak frustrasie, woede en uiteindelik, die dood.

Daarom sal die kerk weer aan sy doel beantwoord as ons mense blootstel aan die realiteit van God se liefde. Daar waar ons leer om te begin lewe uit die ervaring van permanent gebaai en omvou te wees deur God se liefde, sal 'n ander soort liefde uit ons begin stroom na mekaar en na ander.

Dan kan **Mat 22:36-40** eers werklik waar word in ons lewens:

*"Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" Jesus antwoord hom: "`Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: `Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."*

Daar buite in die wêreld kry mense net wat hulle verdien, maar dit hoort nie te gebeur in die kerk tussen gelowiges nie. 'n Ervaring dat God jou liefhet soos jy is, onvoorwardelik en aanhoudend, kan en het ons lewens verander. En deel van hierdie verandering is dat daar deur die werking van die Gees, 'n liefde soos God mense liefhet, uit ons na ander begin stroom.

Maar ook na onsself toe. God het ons immers lief, daarom is deel van 'n kwaliteit-liefde soos God dit begeer, beslis ook 'n onvoorwaardelike liefhê van jouself.

Jesus het aan ons kom openbaar dat die Vader nie 'n aansiener van persoon is nie. Hy aanvaar ons soos ons is. Hy het ons lief lank voor ons nog aanvaar dat ons liefgehê en vergewe is.

Moet dus nie eers probeer om jouself mooi genoeg of skoon genoeg te kry voor jy na God gaan nie. Jy maak immers net 'n groter gemors elke keer daarvan.

Nee, gaan soos jy is, want God het jou lief soos wat jy is.

**Rom 8:38-39**

*Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte  of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*

Geloof maak dat ek en jy hierdie liefde begin aanvaar en glo. En as ons dit werklik glo, sal ons die wêreld na ons toe trek omdat iets van hierdie onvoorwaardelike liefde sal deursypel na 'n liefdeshonger wêreld daarbuite.

## HOOFSTUK 5 DIE KRAG VAN AANVAARDING

**1 Tim 1:3-11**

*Soos by my vertrek na Masedonië toe, dring ek nou weer by jou daarop aan om in Efese te bly. Daar is sekere mense wat vals leerstellings versprei, en jy moet hulle dit verbied. Hulle moet hulle nie met verdigsels en eindelose geslagsregisters besig hou nie. Sulke dinge gee eerder aanleiding tot twisgesprekke as dat dit die vorming bevorder wat God deur die geloof gee. Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom. Daar is mense wat hiervan afgedwaal het en in 'n vrugtelose gepraat verval het. Hulle wil leermeesters in die wet wees, maar hulle verstaan nie hulle eie woorde of die dinge waaroor hulle so selfversekerd praat nie. Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik. 'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is. Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlikheid van die goeie God.*

Paulus waarsku hier dat ons nie tussen allerhande dwaalleringe verdwaal moet raak nie. Ons moet onderskei tussen wat op die periferie lê, en wat sentraal behoort te staan. Om mense te help om God se hart vol liefde werklik te ken; en om hulle aan te moedig om gelowig te lewe omdat hulle harte verander is deur hierdie liefde, is mos waaroor dit in wese gaan.

Mense raak so besig met allerhande dinge in gemeentes: dan is hulle besig om in mekaar se verlede rond te krap vir voorouerlike bindinge of vloeke; en dan is hulle besig om watergeeste te bestudeer. En al wat in die proses meestal gebeur is dat mense net meer en meer veroordeel en skuldig voel oor wie hulle is en waar hulle vandaan kom. En vergeet hulle dat hulle nuwe, wedergebore mense is, geliefd, verander, volkome verlos en geseënd deur die enigste lewende God daar waar hulle lê en baai in Sy genade en liefde in Christus Jesus.

Blaai 'n slag daar na **Joh 8** toe.

- In hierdie gedeelte sien ons weer hoe mense na Jesus gestroom het.
- Maar ons sien ook hoe die Fariseers - wat Jesus in onguns wou bring - 'n vrou wat op heterdaad betrap is met 'n ander man in die bed, na Jesus toe bring
- Dit is selfs moontlik dat hulle hierdie hele ding vooraf georkestreer het om te sorg dat daar ten minste twee getuies was om haar op heterdaad vas te trek soos die wet vereis het.

- Dan sleep hulle haar daar in: ontbloot, veroordeel, verneder, terwyl sy weet sy is gedoem om te sterf - soos die wet vereis
- Maar Jesus vra: As daar van julle is wat nie skuldig is aan "dieselfde soort" oortreding as sy nie, kan julle die eerste klip gooi. En dan sluip hulle almal daar uit sonder om een klip te gooi.
- Jesus het beslis nie hulle sonde daar op die grond neergeskryf nie! Hy is immers nie die "aanklaer van die broers" nie (Satan speel daardie rol)
- Dan spreek Hy hierdie vrou aan as "Mevrou" en nie "Egbreekster nie. En sy proe so Sy liefde
- En Hy bedien haar met genade en vergifnis.
- Maar ook waarheid: Gaan dan en sondig nie meer nie.

Maar hoe het Hy geweet sy sal nie voortgaan met haar verkeerde lewe nie? Omdat Hy weet wat in **Spr 16:6** staan: *Liefde en trou bring versoening waar daar verkeerd gehandel is; kwaad word vermy deur die Here te dien.*

Hy weet 'n mens wat God se liefde en trou beleef het, se lewe word daardeur verander.

Soos die dominee van 72 wat eers laat in sy bediening iets besef het van God se liefde en totaal verander is daardeur. Op 'n dag kom 'n man na hom en gee hom 'n tjek van $50 000. Maar op die tjek staan daar  dat dit uit sy "Escourt agency"-besigheid kom, want hy het 6 van hulle gehad. Almal wou hom uitskop en die tjek teruggee. Maar die dominee het net gesê: God is hier besig. Laat Hom Sy werk doen. Wees julle maar net lief vir hom. Toe begin daardie man sy dames erediens toe bring, en een vir een het hulle tot bekering gekom. En uiteindelik het hy al 6 sy agentskappe toe gemaak.

Een nag het hy 'n droom gehad waarin die Here skielik aan hom verskyn en vir hom sê: Besef jy dat jy die dorp skoon gemaak het deur doodgewoon My liefde aan mense te bedien!

Die opdrag van die Liggaam van Jesus is om mense te begin bedien met die liefde wat God vir hulle het. En dit sal gebeur, nie omdat ons probeer om so lief te hê nie, maar omdat ons ervaar het dat God ons onvoorwaardelik liefhet.

Soos wat hierdie vrou in Joh 8 dit beleef het. As ek werklik geproe het hoe God my, soos hierdie vrou, in my naaktheid en gebrokenheid toevou met Sy onvoorwaardelike aanvaarding en vergifnis, kan ek iets daarvan ook aan ander begin gee.

God se liefde vir 'n mens genees jou, maak jou volwasse en voltooi jou.

Soos die vrou wat verkrag is en verskriklik fisies aangerand is, gesê het - toe haar verkrag vrygelaat is - "Hy het 30 min van my lewe gesteel. Ek gee hom nie een minuut verder in my lewe nie.

Is dit nie vreemd dat die wêreld nog altyd die mense wie se boodskap propvol genade was, elke keer doogemaak het nie! Dink 'n bietjie: Hulle het dit met Jesus gedoen, en met Abraham Lincoln, Gandi, en met Martin Luther King.

Om te dink dat mense Jesus doodgemaak het omdat Hy hulle uitgenooi het om deel te word van God se familie en saam te deel in God se oorvloedige genade wat ook genoeg is vir hulle!

**Rom 2:4**

*God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?*

Deur Sy goedheid wil God mense se lewens verander. Dit raak hoog tyd dat ons toelaat dat dit ons lewens so verander dat ons nie anders kan as om kanale te word van Sy soort liefde teenoor ander nie!

# HOOFSTUK 6 DIE LIEFDE IS DIE SLEUTEL WAT DINGE VERANDER

**1 Joh 4:12,13**

*Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik. Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee.*

Liefde voltooi dit wat God in ons lewens wil doen. Dit is die leifde van God was in ons geloof en hoop bewerk. Jy kan nie God vertrou as jy nie weet dat Hy jou lief het nie.

As jy nie weet dat God jou lief het nie, verstaan jy nie die karakter van God nie.

In **Joh 17:22-26** sê Jesus: *Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet. "Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het. "Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U, en hulle hier weet dat U My gestuur het. Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle."*

Jesus sê dus hier vir die Vader dat Hy Sy ware karakter as Vader aan die mense geopenbaar het: as 'n liefdevolle God.

En elkeen wat na die lewe van Jesus kyk, kan nie anders as om dit te beaam nie, want as daar een ding was wat almal wat met Jesus in aanraking gekom het geweet het, was dit dat Hy hulle liefhet.

Kyk maar hoe Hy met die vrou in Joh 8 te werk gegaan het, en met die misdadiger aan die kruis! Kyk maar net na die kruis self om te weet: God wil nie mense gee wat hulle verdien nie. Hy wil hulle net liefde gee! En vergifnis, en verlossing …

Sien, die Evangelie se boodskap is dat God nie met ons verlede wil werk nie. Hy wil jou liefhê sodat jy kan besef wat Hy in die toekoms ook nog in jou lewe wil doen. As jy gedink het dit is wonderlik dat God jou lief kon hê toe jy nog 'n sondaar was, moet jy dink wat gaan gebeur nou dat jy Sy kind is!

Kom ons dink 'n bietjie daaroor: Voor jou bekering en wedergeboorte was jy 'n sondaar, maar jy het ook baie kere 'n goeie lewe tussendeur gelei. Maar dit het jou nie in 'n regte verhouding met God geplaas nie. Jy het nog altyd 'n sondaar gebly.

Wat alles verander het was toe God se liefde in Jesus Christus jou tot bekering gebring het en Hy jou wederbaar het deur Sy Gees.

Maar wat nou? Sê nou jy sondig weer na jou wedergeboorte! Maak dit van jou weer 'n sondaar? Natuurlik nie. Jy is nou 'n wedergebore kind van God wat net gesondig het.

Daarom is dit belangrik dat ons as wedergebore Christene moet besef dat God se liefde ook nou vir ons genoeg is, soos wat dit genoegsaam was voor ons bekering.

As God vir ons lief en genadig was voor ons bekering, hoeveel te meer nou dat ons Sy kinders is!

Kom ons dink 'n bietjie oor wat die Bybel oor ons sê as Christene: Toe ons wederbaar is, het God self Sy Gees in ons liggame laat kom woon. Hebreërs en Ps 91 sê dat Hy sy engele opdrag gee om reg rondom ons te kom stelling in neem. Ps 23 sê dat God se goedheid en genade ons elke dag, letterlik in ons voetspore, volg. Ons kan op geen manier onder hulle uithardloop of uitjaag nie.

Wat gebeur dan as 'n gelowige in sonde val?

Die Spreukeskrywer het al daar in hfs 24:16 gesê dat hy al gesien het het hoe 'n regverdige 7 keer geval het, maar elke keer staan hy op. Hoekom? Want God sal hom elke keer optel. Hoe? Met Sy liefde en genade.

Daarom sê die Hebreërskrywer daar in hfs 10 dat ons 'n genadetroon het waarheen ons oppad is as ons na God oppad is.

Daarom kan Paulus daar in Rom 8: 31 tot 39 kom en sê wat hy sê. Luister mooi na wat hy daar sê, en word getroos daar deur. Hoor hoe hy vir ons sê dat niks ons kan skei van die liefde van God nie. Al voel ons nie elke dag ewe heilig nie, is ons in God se oë volkome heilig en vergewe.

Soos Jannie wat sy ouma se pragtige wit eend eendag met sy kettie doodgeskiet het. Dit was al erg genoeg, al die wroeging daaroor. Maar toe moes hy ontdek dat sy sussie dit gesien het, en van daardie dag af moes hy daarvoor betaal deur al haar werkies te doen "anders vertel ek …"

Op 'n dag het hy net genoeg hiervan gehad, en gaan vertel toe vir sy ouma en vra om verskoning. Maar sy lag net, en sê sy het al lankal geweet, want sy het dit daardie dag ook gesien, en hom reeds vergewe. Maar sy wou sien hoe lank gaan hy aanhou om uit skuldgevoelens sy sussie se slaaf te wees.

Wie se slaaf is jy? Terwyl jy volkome vergewe en vry behoort te wees!

## HOOFSTUK 7 DIE REGVERDIGE GOD IS EINTLIK "ONREGVERDIG" TEENOOR HOMSELF

**Hand 10:34,35**

*Toe het Petrus aan die woord gekom en gesê: "Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is.*

God is nie 'n aansiener van persoon nie. Hy is lief vir mense ongeag wie en wat hulle is, en ongeag wat hulle doen.

Dit is natuurlik vir die meeste godsdienstige mense grieks! Dat God gelowiges en ongelowiges met dieselfde intensiteit kan liefhê, lyk en klink vir die meeste van hulle "onregverdig".

Maar dit is nie vir hulle die ergste nie. Wat vir hulle geen sin maak nie is om te dink dat Hy mense kan seën - uit hulle skoene kan uit seën - sonder dat hulle in Hom glo of vir Hom liefhet.

Wat hulle nie verstaan nie, is dat dit nie vir God, as Hy liefhet, gaan oor regverdig of onregverdig, of wie dit verdien en wie nie. God gee nie liefde vir mense op grond van wat hulle verdien nie.

As ons nog so dink, verstaan ons nie God se hart nie. As ons vir ware regverdigheid soek in hierdie saak, hoort almal van ons in die hel! Verdien almal van ons om hel 24 uur uit 24 uur te ervaar! Dit sou "regverdig" wees.

Maar dit is nie waaroor die Evangelie handel nie. Die hart van die Evangelie-boodskap is juis oor 'n God wat skoon siek is so lief het Hy mense. Hy sal alles moontlik doen om jou te laat verstaan hoe lief Hy jou het.

En as ek en jy dit verstaan, as ons dit ervaar, leer ons om hierdie God onvoorwaardelik te glo en te vertrou.

Vra, jy vir Paulus hieroor uit, dan sal hy jou vertel dat hy hierdie liefde van God wat in genade na mense uitreik in sy eie lewe beleef het. Dink maar net aan daardie gebeure in Hand 9 wat in sy lewe afgespeel het! Hy wat 'n Fariseër was, wat sy hele lewe gedink het God gee vir mense net wat hulle verdien, moes beleef hoe God hom genade gee in plaas van straf. Hy het daar besef hoe "onregverdig" God eintlik is. En dit het hom geskud! Soveel so dat hy vir 3 dae nie kon eet of drink nie.

Later in sy lewe sou hy oor hierdie "onregverdigheid" van God skryf, as hy daar in **Rom 5:20 en 21** soos volg skryf: *Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword. Die doel was dat, soos*

*die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here.*

'n Ontmoeting met God se liefde het gemaak dat Paulus gesien het hoe God se genade meer word soos wat die sonde en ellende meer word. En hy het besef dat daar altyd hoop vir ons is. Ja, sonde maak mense dood, maar dit is God se hart om mense toe te gooi onder Sy genade en liefde.

Hy het verstaan dat in hierdie "regverdigheid" van God, trek God altyd aan die kort kant. Kyk maar net na die gelykenis van die Verlore Seun daar in **Luk 15** as 'n goeie voorbeld.

Bid jou aan, hier gaan 'n pa vir sy seun sy erfporsie as hierdie seun vir hom sê: Pa, ek kan nie wag dat jy moet doodgaan voor ek kry wat my toekom nie!

En dan gaan mors hierdie seun dit uit. En as hy bankrot in die varkhok sit, besef hy wat hy gehad het, en hoe anders dit in sy pas se huis sou wees.

Sien, God se liefde haal ons selfs daar in die varkhok in. Ons kan nooit te diep of te ver wees nie.

En dan kom hy terug. Om hom vas te loop in die alles-omhelsende liefde van sy pa wat heeltyd vir hom gewag het. Om herstel te word in sy seun-skap en in alles wat dit behels.

Daar is mos niks "regverdig" hieraan nie! Maar dit is hoe God se liefde vir ons werk!

En, sê **Mat 20:1 ev**, dit is hoe die koninkryk van God werk. Dit is soos 'n eienaar wat al sy werkers aan die einde van die dag presies dieselfde betaal ongeag wanneer hulle die dag begin werk het.

Soms kan die goedheid van God ons 'n bietjie ontstel, né!

Dink aan **Joh 3:16**: God die Vader was bereid om afstand te doen van Jesus, Sy Seun, omdat Hy nie van ons afstand wou doen nie!

Soms voel ons terleurgesteld omdat God nie "presteer" het soos wat Hy moes presteer in ons lewe nie. En dan wonder ons waarom dinge gebeur soos wat hulle gebeur.

Ek het ontdek dat dinge in ons lewe meestal gebeur soos wat ons glo dit gaan gebeur, omdat ons glo wat ons glo oor God. As jy nie glo dat God 'n goeie liefdevolle God is nie, kan jy nie Sy liefde raaksien en ervaar aan jou eie lyf nie. En kan daardie liefde en genade jou nie verander nie.

Wanneer gaan jy dit dan nou eendag glo?

# HOOFSTUK 8    NEEM JULLE POSISIES IN AS HEERSERS

Soms voel ons om te vra: Maar wat meer moet ek doen sodat God kan ingryp in my lewe?!

Ons glo mos dat eers as God ingegryp het, as dinge verander het, sal alles reg wees! Maar totdat dit gebeur, voel ons depressief en terleurgesteld, voel ons ons kan nie vrede en blydskap beleef nie.

Luister dan na **Heb 12:12-15** (lees gerus tot by vers 29 vir die konteks):

*Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op; en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word. Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.*

Die uitdrukking " *pas op dat niemand in die genade van God veragter nie"* beteken nie dat so iemand gevaar loop om verlore te gaan nie. Nee, ons moet eerder dink aan wat "*die genade van God*" beteken. Dat dit nie net dui op God se gratis guns en liefde nie, maar ook - soos iemand baie beskrywend in Engels gesê het - "the ability from God to man to do that which we can't do".

Of, as ons dit anders moet sê, die krag en vermoë wat net God 'n mens kan gee om daardie soort lewe te leef, of daardie soort dinge te doen wat "onnatuurlik" is om te doen.

Sien, die oomblik as ons nie meer werklik in die geloof rekening hou met God se genade in ons lewe nie, kan ons maklik bitter word teenoor God, omdat ons nie Sy genade en liefde verstaan nie. As daar nie meer 'n oop deur of venster in ons lewe is vir 'n liefdevolle, genadige God wat wil en wat kan ingryp nie, sit ons met 'n geweldige probleem.

Dan sit ons voor die gevaarlike situasie dat ons dalk kan dink ons moet iets doen om God aan die beweging te sit om ons genadig te wees!

En dit is waarvan **Gal 5** praat as hy sê ons lewe dan maar weer volgens "die wet". G'n wonder Paulus waarsku die gelowiges soos volg daar van vers 1 af …

*Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.* En vers 4: *Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.*

Weer kry ons 'n soortgelyke uitdrukking soos netnou: " *van die genade verval*".

Dit is so maklik om aan mekaar 'n tipe evangelie of lering te bedien wat heeltyd mense laat dink dat as hulle dit of dat doen, sal God hulle genadig wees of hulle seën. Maar ons moet mooi dink dat ons dan sê: Want die oomblik as ons dit doen, leer ons mense dat hulle iets

kan doen om te kwalifiseer vir God se genade, en dan is ons terug by die basis-probleem van die Judaïsme, naamlik om God met ons wyse van optrede te probeer tevrede te stel.

En dan kwalifiseer ons juis nie vir Sy genade nie, want dit is immers genade en verniet! Hy deel dit juis uit aan mense wat dit nie kan verdien nie, omdat Hy 'n goeie, liefdevolle God is.

Ag, dit is so menslik om heeltyd na formules te soek wat God se hande in beweging gaan bring! Maar die oomblik as ons begin formules aan mekaar uitdeel hieroor, is ons gedoem tot mislukking en terleurstelling.

Maar dit is eers as ons weer opnuut die genade van God en Sy liefde as 'n onontbeerlike deel van ons lewe aanvaar, en heeltyd daarop wag en voor op die uitkyk is, breek daar 'n dimensie in ons lewens deur wat ons werklik kan beskerm teen terleurstelling en uitbranding. Sonder genade is ons lewe nie meer leefbaar nie.

Kom ek gaan wys jou dit in 'n baie interessante gedeelte in die Bybel, daar in **Mat 5 ev.**

As 'n mens mooi luister wat Jesus eintlik daar van vers 17 af vir Sy dissipels aan die leer is, is dit juis dat  Hy met Sy koms alles gedoen het wat die wet vereis het. So het Hy dus die wet volkome vervul, en dien dit nie meer as 'n middel om God se geregtigheid of genade te kan probeer verdien nie.

Dit is immers presies wat Paulus ook daar in **Rom 10:1 tot 4** ook beklemtoon het: *Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word, want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig. Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry.  Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word.*

Die kruis op Golgota was 'n keerpunt in die geskiedenis, was die monument dat 'n mens nooit nodig het om te probeer om God se genade en liefde te verdien nie. Dit is immers die monument wat ons moet herinner aan 'n God wat ons onvoorwaardelik lief het en genadig wil wees.

Tog bly die mens in sy wese geneig om godsdienstig en wetties te wil wees. Daarom was dit vir Jesus daar in **Mat 5:17 ev** noodsaaklik om vir ons in detail te verduidelik hoe hierdie geneigdheid van die mens 'n doodloopstraat elke keer is. Kyk maar bv na dit wat Hy daar in **v 21 ev** gesê het. Om te probeer om God se genade te verdien is totaal onmoontlik. Buite God se genade om is 'n doodloopstraat.

Kom ons blaai daar na **Markus 10:17 ev**. Kyk wat staan daar in **vers 27**:

*Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: "Vir mense is dit onmoontlik maar nie vir God nie, want vir God is alles moontlik."*

Niemand kan op sy eie krag of vermoë of deur iets wat hy doen God se genade of ingrype in sy lewe verdien nie. Maar almal het 'n geleentheid om dit te beleef as hulle ruimte maak vir 'n genadige, liefdevolle God in hulle lewe. As hulle maar net Sy genade en liefde wil aanvaar waarvan die Evangelie ons vertel.

As ons dit nie doen nie, dreig die gevaar waarvan Heb 12:15 ons vertel het, naamlik dat ons maklik dan kan bitter word teenoor God. En dan is jy op gevaarlike grond, want dan stap jy rond waar God se genade nie is nie.

Kom ons blaai daar na **Rom 5:17** toe waar daar die volgende staan: "*dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer".*

Sien, dit is die sleutel. Ons kan werklik begin heers te midde van moeilike omstandighede en krisisse, as ons geleer het hoe om die oorvloed van God se genade en liefde te ontvang en te glo vir ons lewe. As ons geleer het om werklik te aanvaar dat ek veilig in die senter van God se bol genade en liefde sit!

As ons geleer het om van daardie posisie te dink en te lewe, kan ons opstaan en die dinge gaan doen wat God my opdrag gee om te doen.

Hoeveel keer het ek nie in die verlede ontdek dat dinge tragies verkeerd loop omdat ek nie God se genade en liefde as 'n realiteit aanvaar het en geglo het nie.

G'n wonder Paulus bid daar in **Ef 3:14 tot 21** die volgende vir die gelowiges nie: *Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.*

O Here, help ons om die omvang van U genade en liefde vir ons te begryp! Maar ook toe te pas in ons daaglikse denke en lewe!

Kom ons wees prakties: Ons kan glo dat God ons in Sy genade wil genees. Ons kan dit preek en bely, maar tog steeds siek bly.

As ons egter mooi gaan dink oor wat agter die skerms in ons hart aangaan, dan sal ons dalk ontdek dat ek dink dat ek hierdie of daardie dingetjie moet doen of sê sodat God my kan genees.

Maar dan het ek al weer gewaag om buite die dampkring van God genade te probeer lewe!

Daarom het die Here my begin leer hoe om prakties te begin rus in hierdei dampkring van Sy genade en liefde. Hy het my geleer hoe om my hart vas te maak aan die vaste anker, dat ongeag wat verkeerd mag loop of hoe dinge om my lyk, weet en glo ek verseker dat God my altyd en onvoorwaardelik lief het, en genadig wil wees omdat Hy 'n goeie Vader vir my wil wees.

Dit staan ook daar in **1 Joh 5:7 ev**: *Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.*

God is lief vir ons, hoor jy!

Die oomblik as 'n mens dit hoor en werklik glo, verander dit jou lewe. Die oomblik as ons toelaat dat God ons daarin wortel en vasanker, leer dit ons om in oorwinning te lewe ongeag ons omstandighede.

## HOOFSTUK 9 GOD OORDEEL MY NIE MEER NIE

Oor die goedheid, genade en liefde van God is die Bybel stampvol. En dit is hierdie prentjie van God wat biljoene mense se lewens al verander het.

**Rom 1:11**

*Ek sien baie daarna uit om julle te besoek, want ek wil 'n geestelike gawe aan julle oordra om julle te versterk.*

In die Grieks staan daar eintlik "*gawe van genade*". Sonder die gawe van genade wat gedurig vir ons 'n werklikheid is, kan ons nie werklik stabiele Christene wees nie.

En watter behoefte het die wêreld nie aan stabiele, gebalanseerde mense nie. En ek is oortuig dit is God se plan dat Sy liggaam-mense die voorbeeld hiervan behoort te wees. Maar kyk jy om jou rond, dan hoor en sien jy dat baie Christene van die mees onstabiele mense om ons is, wat beraders voltyds besig hou.

Maar luister 'n bietjie na die getuienis van 'n stabiele Christen as Paulus daar in **Fil 4:13** die volgende sê**:** *Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*

Ons kan rotsvas en stewig staan as ons prentjie van God, ons Vader, 'n Bybelse, korrekte prentjie is: Van 'n genadige, liefdevolle Vader onder alle omstandighede.

Dit is daarom aangrypend as 'n mens lees dat Johannes daar in **1 Joh 4** sê dat ons baie mooi moet luister as leraars daar van die preekstoel dinge oor God en Sy Woord sê. Alles moet getoets.

Die rede waarom dit so belangrik is, is omdat ons baie maklik maar net weer godsdiens en godsdienstige praatjies gevoer kan word deur leraars. En dit is niks anders as om besmet te word met 'n geestelike HIV-virus nie. Dit maak mense dood, en het al duisende in die verlede doodgemaak.

Iemand anders het ook heel tereg gesê dat godsdiens ons geestelik aan disleksia laat ly, wat maak dat dinge vir ons onverstaanbaar en agterstevoor voorkom. Veral God, en waarmee Hy besig is in ons en ander se lewens.

Daarom is die een eienskap waaraan ons vals leraars sal uitken juis hulle prentjie van God. Luister wat staan daar in **verse 6 tot 8**: *Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer onderskei. Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.*

As 'n mens werklik die Bybelse God ken, kan jy nie anders as om Hom onbevange lief te hê nie, want jy het ontdek hoe lief Hy jou van die begin af gehad het, en hoe lief het Hy jou nog steeds.

Daarom sê **v 16-19**: *Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.*

Dit is nodig vir ons geestelike stabiliteit om te glo, en te bly glo dat God ons aanmekaar liefhet, en nooit iets in ons lewe doen of voor ruimte maak anders as omdat Hy vir ons so liefhet nie.

En in die mate wat ons dit permanent begin glo, sal ons nie meer prooie wees van 'n soort klimtol-christenwees van dan op, en netnou weer af wees nie.

Klim jy 'n bietjie agter hierdie soort op-en-af-tipe-Christenwees, lê daar 'n stuk vrees daaragter. 'n Vrees dat ek net nie goed genoeg is of goed genoeg lewe om aan God se standaarde te voldoen nie. En 'n vrees dat God nie sal doen wat Hy belowe het nie, omdat ek nie voldoen aan Sy standaarde nie.

Dit is eers as ek ontdek dat God my aanvaar, liefhet en genadig is soos wat ek is, dat ek kan ontspan en nie meer bang is nie.

Hoeveel Christene loop nie in onsekerheid oor hulle eindbestemming rond omdat hulle nie weet of hulle dit gaan maak nie! En jy weet, hierdie onsekerheid vreet aan mense en maak dat hulle nooit hulle verhouding met God as Vader kan geniet nie.

Om hierdie vrees te oorwin is nie iets wat in een dag in sulke mense se lewens plaasvind nie. Dit het immers jare en jare se negatiewe gedagtes en gelowe gekos om hulle te maak God vrees! Maar die oomblik as ons begin om te kies om dit te glo, en te kies om dit te bly glo, begin ons deel in dit wat God reeds vir ons in Christus toegesê het.

Daarom roep Jakobus sy lesers tot die volgende op daar in **Jak 2:12**: *Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vry maak.*

Die wet wat ons vry maak is die wete dat God ons so liefhet, so liefhet soos die Evangelie van Jesus werklik vir ons sê.

En daardie wete laat ons uitsien na die dag van oordeel, want ons weet dit sal in ons lewens net 'n dag wees waarop God nie ons gaan "oordeel" soos die mense dink nie, maar eerder net Sy keuse van lank tevore gaan bekend maak dat Hy ons in Jesus reeds genadig was omdat ons in Sy genade en liefde geglo het.

Ja, want ons ken Hom as die God wat mense genadig is en hulle anders behandel as wat hulle dit verdien.

Baie mense dink God gaan jou doodmaak as jy sondig. Maar dit is nie God wat jou gaan of wil doodmaak nie. Dit is sonde wat jou uiteindelik gaan doodmaak.

**Joh 12:28-33**

*Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: "Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik." Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: "'n Engel het met hom gepraat."*

Vir party het hierdie stem soos donderweer geklink , terwyl ander weer gedink het dit was 'n engel wat praat. Maar in werklikheid was dit God wat self gepraat het.

Hoeveel keer verstaan mense verkeerd, hoor mense verkeerd, dink mense verkeerd.

Ja, dink hulle verkeerd oor God. Dink hulle God wil hulle vernietig, terwyl God reeds gekies het om Sy Seun eerder te vernietig as vir ons.

**Kol 1:19-23**

*God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel. Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle gehoor het nie. Dit is die evangelie wat aan al die mense op die aarde verkondig is en waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.*

Die evangelie is immers so eenvoudig. 'n Kind kan dit verstaan. Maar dit is nie verniet dat Paulus gelowiges moet oproep om weer en weer hierdie kernwaarhede vas te gryp en te bly vashou nie. Die vyand sal alles in sy vermoë doen om te verwar of blind of doof te maak vir hierdie waarhede.

Daarom is dit 'n keuse wat ek en jy elke dag moet maak om te glo dat ons in Jesus versoen is met God. Hy is ons Vriend en liefdevolle Vader. Hy het ons lief en sal ons altyd liefhê. As daar een ding is waaroor ek nooit hoef te twyfel nie, is dit dit. Maar ek moet gedurig vir my verstand sê om dit te glo en te bly glo.

Sê my, glo jy dit werklik?

## HOOFSTUK 10    MARINEER ONS IN U LIEFDE, HERE!

Daar in **Ef 3:14-19** bid Paulus dat God deur die werking van die Gees die volgende in ons elkeen se lewens sal doen nie: *Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.*

Ek wil 'n beeld gebruik om te probeer oorsê wat Paulus hier sê: Dink aan marinade waarin ons vleis vir 'n paar uur laat lê voor die braai. Om dit sag en sappig te maak en boonop die marinade se smaak toe te laat om die vleis te deurtrek.

So bid Paulus dat Christene as't ware in die marinade van God se liefde moet lê totdat dit elke breinsel en elke vesel van hulle deurtrek het. Ja, dat hulle deur God se genadewerk in hulle lewens so deutrek word met 'n ervaring van God se liefde vir hulle dat hulle nooit weer in hulle lewens daaraan sal twyfel hoe lief Hy werklik vir hulle het nie.

Net 'n proe van hierdie liefde sal ons ooit kan oortuig dat God ons werklik liefhet.

As ons dan deurtrek is met hierdie liefde, kan mense maar aan ons druk en kan omstandighede maar druk, want al wat uit ons sal uitdrup is liefde, God se liefde deur die werking van Sy Gees.

Daarom sê Johannes daar in **1 Joh 4:7, 18-19** die volgende:

*Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. … Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.*

As ons God se liefde werklik ervaar het, daarin gemarineer is, sal liefde vir mander mense uit ons drup. Maar sal ons ook beleef hoe dit alle vrees in ons lewe sal verplaas. Daar sal nie meer plek wees vir vrees nie.

Dan is dit nodig dat ons weer 'n slag terugkom in 'n plek waar ons God kan toelaat om ons toe te vou in Sy koesterende liefde en intimiteit, waar Hy ons kan marineer en geur met Sy liefde. God soek 'n dieper en dieper intimiteit met ons in ons verhouding met Hom. En nie, soos ons dink, dat ons al meer en meer vir Hom moet doen nie. Ons dink mos baie keer verkeerdelik dat hoe meer ons vir God doen, hoe gelukkiger maak ons Hom.

Daarom tref dit my om elke keer te lees dat as God aan mense verskyn - sy dit deur engele, of as Hy self praat - dat Sy eerste woorde altyd is: Moenie bang wees nie. Moenie vrees nie!

Jesus het deur Sy bediening op aarde dit keer op keer bevestig. Daarom het die mense so na Hom gestroom, want hulle het hierdie liefde aan hulle bas beleef elke keer as hulle by Hom was.

Maar daar gebeur nog iets daar waar ons in Sy liefde marineer: Ons prentjie en idees oor God verander daar!

**Rom 12:2**

*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

Bekering is om van gedagte te verander. En dit gebeur omdat ons op een of ander manier aangeraak en bedien is deur God se liefde. Daardie aanraking laat ons van gedagte verander; maak ons anders dink oor God.

Maar bekering is ook waar ek weer kies om God onvoorwaardelik te vertrou. Waar ek kies om te glo dat ek nooit hoef te twyfel daaraan of Hy my liefhet en dit met my goed bedoel nie.

Daarom is bekering om te glo dit wat daar bv in **Jer 29:11 tot 14a** staan: *Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. Julle sal My ontmoet, sê die Here …*

Sien, 'n mens kan dit net van harte glo as jy erens in jou lewe van gedagte verander het oor wie God regtig is; oor wat regtig in Sy hart vir jou lewe is.

In God se hart is daar vir ons 'n wonderlike hoopvolle toekoms. En jy moet kies om dit te glo. Want as jy dit glo, kan jy roep en bid as dinge om jou nag is … As jy dit weet … weet hoe lief Hy vir jou het, kan jy glo dat jy Hom kan vertrou en dat Hy sal help!

Dit maak ons lus om Sy wil vir ons lewe te soek, Hom te dien en Hom te volg kom wat wil.

Luister na wat Dawid daar in **Ps 34:8** vir ons sê: *Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.*

Vertroue kom na 'n proe-toets erens in jou lewe; waar jy erens gewaag het om God onvoorwaardelik te vertrou. En beleef het dat God vir mense goed is, en genadig is, sonder dat hulle dit verdien. Hy doen dit verniet! En as jy dit eenmaal geproe en werklik verstaan het, kan jy nie anders as om dit vas te gryp en te bly vashou nie. Kan jy nie anders as om mense hierdie goeie nuus te vertel van 'n God wat ons liefhet en genadig wil wees sonder dat ons dit hoef of kan verdien nie.

Maar hoeveel Christene verstaan nou werklik dit?! As ons nie iets van hierdie liefde begryp nie, kan ons maklik 'n prooi word van 'n verkeerde gees, sê die Bybel.

Kom ons blaai daar na **Luk 9:51- 56** toe, dan wys ek vir jou dat die dissipels van Jesus dit nie aldag verstaan en werklik geglo het nie:

*En toe die dae van sy opneming nader kom, het Hy sy aangesig gerig om na Jerusalem te reis, en boodskappers voor Hom uit gestuur; en hulle het vertrek en in 'n dorp van die Samaritane gekom om vir Hom klarigheid te maak. En hulle het Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem op reis was. En toe sy dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het?Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na 'n ander dorp vertrek.*

Jy moet mooi verstaan wat hier gebeur. Dit is baie naby aan die kruisgebeure, en Jesus was oppad Jerusalem toe om daar vir mense te gaan sterf. En Hy kies toe om in 'n Samaritaanse dorpie te gaan oornag oppad daarheen. Die meeste Jode sou dit nie waag nie, want die Samaritane was vir hulle onrein mense. In reaksie het die Samaritane nie eintlik ooghare gehad vir die Jode en vir Jerusalem as hoofsetel van die Jode nie. Daarom weier hulle om Jesus te ontvang.

Dadelik is die dissipels kwaad, en soek hulle weerwraak. En ons hoor hoe vra hulle vir Jesus om die ou dorpie sommer gelyk te maak met die aarde! En omdat hulle weet God het gesê Hy sal nie weer water en vloede gebruik om die aarde uit te wis nie, vra hulle maar dat Hy vuur sal gebruik om hierdie klomp mense reg te sien! En dit is dan wat Jesus hulle waarsku dat hulle toegelaat het dat 'n ander gees as God se Gees hulle denke en praat nou beheer. Dit is tog nie wat in God se hart is nie.

Dit is nie waarvoor Ek gekom het nie, sê Jesus. Ek het gekom om lewe te gee. Kom ons gaan aan. Die Vader sal sorg.

Dit is so maklik om te sê jy het God se hart, en het mense lief soos Hy hulle liefhet, totdat hulle iets aan jou doen waarvan jy nie hou nie. Dan stoot daar 'n begeerte tot weerwraak in jou op wat jou kan maak skrik!

Maar die verhaal is nog nie klaar nie. Blaai nou na **Hand 1:8** en kyk wat staan hier: Hier staan dat een van die plekke waar hierdie dissipels moet gaan getuig, nadat hulle met bonatuurlike krag van die Gees toegerus is, is juis Samaria. "Gaan vertel hulle hoe lief Ek hulle het", sê Jesus dus eintlik vir hulle. (Miskien voel hulle sleg oor hulle nie My wou ontvang nie - my eie invoeiging!).

En lees maar in die boek Handelinge wie uiteindelik gegaan het! Nie een van die dissipels nie, maar eerder een van die bedienaars, Fillippus. En oor hom lees ons dat hy vol van die Gees was. Hy was nie gestuur nie. Hy het net doodgewoon gegaan. En kyk wat gebeur dan daar in Hand 8: wonders en bekerings.

Sien, dit kan nie anders as die regte Gees in jou is nie. Dan is die regte vuur ook daar, en dan gebeur dinge. Maar as die verkeerde gees beheer in ons lewens het, soek ons verkeerde soort vuur!

**Luk 10:25 - 29**

*Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus 'n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: "Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?" Jesus sê vir hom: "Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?" Hy antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself." "Jy het reg geantwoord," sê Jesus vir hom. "Doen dit en jy sal die lewe verkry." Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: "En wie is my naaste?"*

Mense wil heeltyd iets doen om genade en die ewige lewe van God te ontvang. Hulle dink maar heeltyd ons kan Sy genade met een of ander werk verdien. En as Jesus ons dan laat besef dat ons die toets op geen manier gaan slaag nie, soek ons die een of ander gaping in die wet. Soos hierdie wetsgeleerde doen as hy dan vra: Maar wie is nou eintlik my naaste?

'n Mens vra sulke soort vrae as jy nie liefde verstaan nie. As jy nie verstaan dat jy nie kan liefhê voordat jy self die liefde van God ervaar het nie. En dit help ook nie om net daarvan te weet nie. 'n Mens kan net gee wat jy self ontvang het, en tot die diepte wat jy dit self ervaar het.

Daarom kom Johannes daar in **1 Joh 4** en sê dat 'n mens sien baie maklik of iemand die liefde van God al as 'n werklikheid in hul lewe beleef het: Kyk maar net of hulle ander mense kan liefhê! As 'n mens God se liefde werklik in sy/haar lewe geproe en ervaar het, word jy daardeur verander, en kan jy nie anders as om ook lief te hê soos Hy nie.

M a w, in Luk 10 probeer Jesus dus nie sê dat ons ons naaste lief moet hê om hemel toe te gaan nie.

Daarom gaan Jesus voort om daar in **Luk 10:36-37** die volgende te sê: *"Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" Die wetgeleerde antwoord: "Die man wat aan hom medelye bewys het." Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."*

Om ander mense genadig te kan wees en werklik vir hulle liefde te kan gee, moet jy genade beleef het.

Kom ons dink net weer 'n keer wat gebeur werklik in hierdie gelykenis: Hier is 'n man wat in Jerusalem was - die stad van God, noem die Jode dit - en nou oppad is na Jerigo, 'n heidense dorp. Maar dan sak 'n klomp rowers op hom toe en slaan hom half dood (tipies wat met mense in 'n heidense wêreld gebeur).

Die eerste persoon wat by hom verbykom is die priester, die simbool van die tipies tradisionele godsdiens, en kan en wil niks vir hierdie mens in nood doen nie.

Ek kan my net indink dat hierdie priester heelwaarskynlik so vir hierdie man gekyk het in sy ellende en by homself gedink het: God is beslis met hom besig! Daarom stap die priester doodgewoon verby sonder om te help

En dan kom  die Leviet, simbool van die tipiese goeie werke-teologie, en hy help ook nie, want hy voel heelwaarskynlik dat die man daar langs die pad dit beslis moes verdien het om so geslaan te word.

Maar dan kom die Samaritaan, die "outcast" Jood, as simbool van die goeie herder wat heeltyd opsoek is na daardie een wat verlore is, Jesus - wat ook maar deur die Jode verwerp is. En hy verbind hom, rig hom op, sit hom op sy donkie, en bring hom na die herberg (as simbool van die koninkryk van God) toe. Daar vra hy die herbergier (simbool van die Heilige Gees) om hom te versorg, en belowe hy dat alles betaal sal word. "Gee vir hom wat hy nodig het!"

Dit is mos die boodskap van die Evangelie, is dit nie!

God se hart is om ons genadig te wees.

As ons dit maar net wil glo. Veral ook daardie tye as dinge nie presies gebeur soos wat ons bid of op hoop nie. Dan begin ons mos twyfel aan God se liefde. En ons wonder of God nie dalk besig is om ons te straf nie. En wat ons moet doen om weer in Sy goeie boekies te kom.

Soveel predikers maak van God 'n soort Mafia-leier wat ons dreig: As ons nie dit of dat doen, of meer gee nie, dan stuur Hy Gabriël!

En ons maak selfs grappies daaroor, soos die vrou wat gedroom het haar gelowige bediende sterf eers, en kort daarna sterf sy. Dan bevind sy haar in die hemel, besig om saam met Jesus na die huis toe te stap wat Hy vir haar voorberei het. Langs die pad stap hulle by hierdie fantastiese paleis van 'n huis verby, en hoor sy dat haar bediende daar woon. Met groot verwagting stap sy dus verder.

Later word die goudpad, stofpad en onder aan die onderpunt staan toe 'n plakkershuis van sink en plastiek half skeef teen 'n boom. "Dit is joune" sê Jesus tot haar ontnugtering.

"Maar hoe kan dit wees! Kyk wat het my bediende gekry!" sê sy toe.

"Moenie kwaad wees nie" sê Jesus. "Ons het selfs gesukkel om dit vir jou aan te koop met dit wat jy vooruit gestuur het!"

Hoor jy? Asof God nou iets van ons nodig het! Terwyl Sy woonplek se strate vol goudstof lê!

O, mag die Here ons seën met tye en geleenthede in ons lewens waar ons nie anders kan as om te marineer in Sy liefde vir ons nie, dat ons prentjie van God kan verander dat ons kan leer om Hom te vertrou onder alle omstandighede, Maar ook dat Sy liefde ons so sal deursuur deur die werking van Sy Gees, dat ander hierdie liefde sal ervaar as hulle aan ons druk.

# HOOFSTUK 11 JESUS, VRIEND VAN SONDAARS

**2 Sam 14:14**

*Ons sal almal sterf en soos water wees wat op die grond uitgegooi is en nie weer bymekaargemaak kan word nie. God wil geen lewe neem nie, Hy berei 'n weg om die voortvlugtige nie te verstoot nie.*

Het jy mooi gelees wat hier staan? Die God wat ons dien is 'n God wat uit Sy pad sal gaan om mense te help. Dit het ons ook in Jesus se lewe gesien. As daar een ding oor die lewe van Jesus gesê kan word, is dit dat mense geweet het dat Hy hulle vriend wou wees.

Luister net wat Spreuke se definisie van 'n vriend is:

- Spr 17:17 - 'n vriend het altyd lief
- Spr 18:24 - die band tussen jou en 'n vriend is sterker as dié met 'n broer

**Mrk 2:15-17**

*Daarna het Jesus in Levi se huis gaan eet. Baie tollenaars en sondaars was saam met Hom en sy dissipels aan tafel, want daar was baie van hulle wat Hom gereeld gevolg het. Toe die skrifgeleerdes onder die Fariseërs sien dat Hy saam met sondaars en tollenaars eet, het hulle vir sy dissipels gesê: "Waarom eet hy saam met tollenaars en sondaars?" Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars."*

Die Ou Vertaling sê:*Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering* ( **Mrk 2:17**).

Ons dink gewoonlik dit beteken dat ons dan mense die heeltyd moet vertel hoe sleg hulle, en hoe God hulle gaan oordeel, en wat hulle moet doen en wat nie om dit vry te spring. Maar dit is beslis nie hoe Jesus dit gedoen het nie.

Ons ken soveel straatpredikers wat met hulle harde stemme of luidsprekers op straat God se oordeel op hulle afskreeu en hulle allerlei liederlike name noem. En ons weet wat die reaksie van mense daarop is. Hoe dit hulle frustreer en kwaad maak, sonder dat mense werklik tot bekering kom.

Maar wat hierdie predikers nie besef nie is dat al kry ons mense om met al hulle sondes op te hou, gaan hulle nogsteeds hel toe. Net 'n liefdesverhouding met 'n lewende God wie jy glo Sy Seun Jesus gestuur het om jou volle straf te dra, kan jou red.

Ek dink baie keer dat hierdie tipe "vrees" of "hell and brimstone"-prediking geestelike babas voortbring wat soos die tipiese baba tydens 'n baie traumaties geboorte is: propvol vrees, en daarom kort hulle vir 'n groot deel van hulle lewe baie aandag en liefde na die tyd.

Maar, om terug te kom waarmee ons besig is, Jesus was bekend/berug daarvoor vir hoeveel tyd Hy tussen sondaars deurgebring het. En dit is so anders as wat in die algemeen geleer word vir nuwe Christene. Ons leer hulle mos om na hulle bekering al hulle "wêreldse vriende" te los, en uit te kom uit die "dinge van die wêreld". En die rede daarvoor is dat ons bang is dat hulle "wêreldse vriende" hulle so gaan beïnvloed dat hulle gaan terugval in hulle ou lewe.

Dit maak 'n mens natuurlik wonder: Wie se invloed is nou eintlik die grootste? Moet ons hulle nie eerder leer dat die Gees van God in hulle woon wat krag het om siektes te genees en dooies op te wek nie! Dat hulle kan besef dat hulle invloed baie groter kan wees as hulle vriende s'n!

Jesus het daarom doelbewus die geselskap van sondaars opgesoek en geniet! Ja, baie meer as wat Hy die geselskap kon geniet van die godsdienstige, fanantiese Fariseërs wat net heeltyd sonder liefde kritiseer en foutvind. Wie se geselskap sou jy die meeste geniet?

'n Lewe sonder 'n kern van 'n intieme, liefdesverhouding met 'n lewende God wat jou onvoorwaardelik liefhet en aanvaar, maak almal van ons stadig maar seker gefrustreerd, krities, al hoe meer bitter, en uit eindelik dood.

En daarom geld die woord van 2 Sam 14:14 ook hier. Ook hierdie mense wil God op elke moontlike manier teruglei huis toe, terug in die arms van 'n liefdevolle Pa toe.

**Luk 5:17-26**

*En op een van dié dae was Hy besig om te leer; en Fariseërs en wetgeleerdes wat gekom het uit elke dorp van Galiléa en Judéa en uit Jerusalem, het daar gesit, en daar was krag van die Here om hulle te genees. En daar het manne 'n mens wat verlam was, op 'n bed gebring, en hulle het probeer om hom in te bring en voor Hom neer te sit. En toe hulle vanweë die skare geen kans sien om hom in te bring nie, klim hulle op die dak en laat hom met die bed afsak deur die panne tussen die mense in en voor Jesus. En toe Hy hulle geloof sien, sê Hy vir hom: Mens, jou sondes is jou vergewe. En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het begin redeneer en sê: Wie is Hy wat so godslasterlik praat? Wie kan sondes vergewe behalwe God alleen? Maar Jesus het hulle redeneringe gemerk, en Hy antwoord en sê vir hulle: Wat redeneer julle in jul harte? Wat is makliker, om te sê: Jou sondes is jou vergewe; of om te sê: Staan op en loop? Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe sê Hy vir die verlamde man: Ek sê vir jou, staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe. Hy staan toe onmiddellik voor hulle op, neem die bed op waar hy op gelê het, en gaan na sy huis, terwyl hy God verheerlik. En verbasing het almal aangegryp, en hulle het God verheerlik en is met vrees vervul en het gesê: Ons het vandag ongelooflike dinge gesien.*

Elke keer as ek hierdie gedeelte lees, sê ek vir myself: Ek soek vriende soos hierdie! Mense wat my in my nood na Jesus toe vat; wat dakke sal oopbreek en voor geen struikelblok sal stuit om my te probeer help nie.

En dan lees ons hoe Jesus hulle geloof sien, en gelukkig-tevrede daaroor is, want dit is al waarvoor Hy wag om die krane behoorlik oop te draai.

En dan sê Hy: Jou sondes is vergewe! Sonder dat hy eers gevra het!

Dat die mense sê: Maar hoe kan Hy? Want hulle het Ps 103 vergeet wat sê dat God se hart is om mense te vergewe. Soos wat dit Sy hart is om mense te genees. (Miskien moet jy dit net weer gaan lees!)

Dan herinner Jesus hulle dat God krag en die reg het om sondes te vergewe. En om dit aan hulle te bewys, sê Hy: "Staan op en loop!"

Kyk, dit het darem al hulle teologiese argumente stil gemaak!

So maklik as wat dit vir God is om jou te genees, so maklik kan Hy jou vergewe.

Maar sien, soos dit snaak was vir hierdie skare, so is dit snaaks vir die meeste mense om dit te sien, want hulle ken nie die liefde en genade van God werklik nie.

Maar ek wil jou iets anders ook wys. Het jy gesien wat daar in **Luk 5:17** net voor hierdie gebeure staan?

God se krag was daar om te genees. Nie net hierdie man nie, maar ook die Fariseërs wie se lewens siek was van kritiek en wettisisme.

**Luk 15**

Maar die tragedie is dat dit nie die kritiese mense se harte verander het nie! Want hulle wou nie kom dat Hy hulle ook bedien nie. Is dit nie snaak hoeveel mense God se krag en wonders dag vir dag belewe, maar hulle weier om te verander; hulle weier om oop te maak sodat Hy ook hulle kan bedien! Dalk het hulle erens hulle vervies of kwaad geword. En in die proses mis hulle 'n geleentheid om deur God bedien te word.

Ons ken hierdie 3 gelykenisse wat Jesus hier in Luk 15 vertel. Maar wat die meeste van ons nie raaksien nie, is dat Jesus hierdie gelykenisse aan die kritiese Fariseërs vertel. Om vir hulle te vertel hoe lief God hulle het.

- Eers vertel Hy hulle dit deur mense "skape" te noem. En ek hoop jy sien hoe Jesus glimlag as Hy dit doen! Skape is immers baie dom diere, wat maklik verdwaal raak en 'n herder nodig het. Maar wat ook die 99 skape in die kraal los om die 1 skaap wat verlore is te gaan soek. En as hy hom kry, nie met hom baklei nie, maar hom met vreugde op sy skouers laai en terugvat kraal toe. As jy die skaap sou vra, hoe het hy terug hier gekom, sou hy vir jou sê: Ek het die herder raakgeloop. Dan kan jy hom antwoord: Nee, God het jou raakgeloop!

- Dan vertel Jesus hulle van die munstukke om te sê daar is fees in die hemel as een sondaar gered word. (Terwyl die fariseërs altyd gesê het dat daar fees is as een sondaar verlore gaan!). En die rede waarom daar fees is onder die engele is omdat daardie mens nou ook weet wat hulle weet: Hoe lief God 'n mens het!

- En da vertel Jesus die gelykenis van die verlore seun om te wys hoe buitengewoon groot die liefde van die Pa is vir al sy kinders. Ja, vir hierdie verlore seun wat nie kon wag dat

hy dood is om sy erfenis te kry nie. En toe hy dit kry, dit gaan uitmors het. Maar tog, toe hy terugkom, onmiddellik hom herstel as sy seun. Maar die fees kan nie volledig wees as die oudste seun nie ook deel daar in nie. Daardie seun wat presies dieselfde (en selfs meer - hy was immers die oudste seun) gekry het as die jongste, maar nogsteeds gedink het sy pa kom hom te na. Sien jy hoe kan mense God se genade en liefde mis, omdat hulle harte verkeerd is!

Ja, Jesus is 'n vriend van sondaars. En daarom moet ek en jy ook 'n vriend vir hulle wees. Maar Hy is ook 'n vriend vir die kritiese, oudste seuns. Hy wil ook hulle bedien met Sy liefde en Sy genesing.

Almal van ons het verledes, Maar wat vir God belangrik is is dat ons Hom sal toelaat om ons vandag en ons toekoms te verander met Sy liefde.

Party van ons is so besig met ons eie en ander se verledes - waarvoor ons hulle heeltyd kwalik neem en nie wil vergewe nie, dat ons nie God se liefde vir ons meer raaksien nie.

Is jy dalk een van hulle? Dan het jy nou 'n keuse om aan te sluit by die fees, want dit is ook vir jou bedoel.

## HOOFSTUK 12 KOM ONS DINK WEER OOR JESUS ... SY MENS-WORD - DEEL 1

Soms daag die Here my uit om bekende Skrifwaarhede te neem en Hom te vertrou om deur Sy Gees my te help om dit nuut te verwoord. Nie dat ek daarmee my aanmatig om te dink dat ek dit elke keer reg verwoord nie ...

Maar ek glo dat deel van "nuwe wyn-bediening" is om te waag om ou bekende Skrifwaarhede in 'n nuwe woord-houer te sit met die gebed dat die Here, deur die werking van Sy Gees, dit weer vir mense nuwe betekenis sal laat kry.

Tans bevind ons ons in die tyd in die Liggaam van Jesus in die seisoen waarin ons weer opnuut mediteer oor Jesus en Sy lyding tydens Sy menswees op aarde.

Ek het weer so onder die indruk gekom dat mense so geneig is om, as hulle oor Jesus dink, aan Jesus, die mens, dink. Maar wat hulle nie besef nie, is dat Jesus, die mens, net 'n skadubeeld is van die Jesus wat ek en jy nou aanbid, wat ons nou dien en vertrou met ons lewe.

Kom ons lees in hierdie verband dit wat daar in Fil 2:6 ev staan: *"Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader."*

Die Griekse werkwoord "kenoö" is in die Nuwe Afrikaanse Vertaling vertaal met : "Homself verneder". Die Ou Vertaling het dit vertaal met "ontledig". En dit is presies die prentjie wat Paulus aan ons hart wil vasmaak oor wat dit vir Jesus gekos het om mens te word.

Besef jy dat die Seun van God letterlik Homself letterlik moes stroop om 'n mens te word? Luister hoe teken Paulus Jesus, die Seun van God, voor Sy menswording daar in Kol 1:15 ev.:*"Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."*

Eers as jy iets raaksien van Jesus voor Sy menswording, kan jy iets probeer verstaan wat Paulus daar in Fil 2:6 en 7 vir ons sê: Hoe Jesus as't ware Sy "kleed van heerlikheid" moes uittrek, Homself as't ware moes leegmaak ... uitgooi ... om te kon "pas" in 'n gewoon mense-lyf. Soveel so dat duisende mense gedurende die dertig jaar of wat, wat Hy in hierdie mense-lyf was, na Hom kon kyk en net 'n gewone mens kon raaksien ... terwyl hulle inderwaarheid na God self gekyk het.

Eintlik is dit vir ons klein plat koppies onmoontlik om die omvang hiervan te verstaan. Hoe gouer ons dit besef, hoe makliker word dit om in die geloof net hierdie waarhede vas te gryp en te bely.

Al wanneer mense iets van hierdie "weggesteekte heerlikheid" tydens Sy menswees gesien het, was as Hy wonderwerke gedoen het, of daar op die berg – onthou jy – waarvan Mat 17 ons vertel, toe Hy voor die oë van Sy drie dissipels verander het. Hoe sê Matteus: *"Daar het sy voorkoms voor hulle oë verander: sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig."*

En ek het so gedink aan dit wat Johannes daar op die eiland Patmos gesien het (Op 1) toe hy Jesus soos volg beskryf: *"Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat. En toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien en tussen die lampe Iemand soos die Seun van die mens. Hy het 'n lang kleed aangehad en 'n goue band om sy bors gedra. Die hare op sy kop was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam. Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van 'n groot watermassa. In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uit gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn. Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk."*

Ek lees weer hierdie afgelope week hoe Jesus daar in Joh 12:23 – so 'n week voor Sy kruisiging en opstanding – die volgende sê: *"Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in."*

Maar lees net die aangrypende gebeure wat hierna volg – daar van 25 ev: "Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou. As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer. "Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. Vader, verheerlik u Naam!" Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: "Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik." Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: "'n Engel het met hom gepraat." Toe sê Jesus: "Hierdie stem het nie om my ontwil gekom nie, maar om julle ontwil. Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe. En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek."

Wat my net weer aangegryp het, was dat Jesus se lyding aan die kruis die pad was waarmee God Satan en sy magte, hoe staan daar, "uitgooi na buitentoe".

So het Hy die oorwinning ten volle behaal wat ons volle oorwinning verseker.

As ons dus na Jesus tydens Sy verhoor en aan die kruis dink, moet ons Hom as die koringkorrel in die grond dink, wat dan binne drie dae ryp op die land staan ... terug in Sy volle heerlikheid as Seun van God, gereed om weer Sy posisie aan die regterhand van Sy Vader in te neem. Om, hoe sê Paulus daar in 1 Kor 15:25, as koning te heers todat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het."

Ek wil afsluit met die woord van Paulus daar in 2 Kor 3:18 waar hy sê dat dit die Heilige Gees se werk is om iets van die heerlikheid van hierdie Jesus as die opgestane, verheerlikte Here en Koning, in ons lewens te laat deurbreek. Luister hoe sê hy dit: *"Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."*

Die Jesus wat in jou en my woon, deur die werking van Sy Gees, is nie heeltemal dieselfde Jesus wat die Jode destyds daar in Palestina gesien het nie. Nee, Hy is die verheerlikte Jesus, die Koning van alle konings, wat op die troon sit en heers.

Die Jesus wat ek en jy met ons lewe vertrou, wat ons lei met Sy stem, in wie se Naam ons optreë as ambassadeurs, is hierdie verheerlikte Jesus, voor wie alle magte moet buig ... en voor wie die bose, as verslane vyand, moet wegvlug.

# HOOFSTUK 13 KOM ONS DINK WEER OOR JESUS – DEEL 2

Ek wil graag aansluit by dit wat ek verlede week met jou gedeel het. Ons staan in hierdie seisoen as Liggaam van Jesus stil by die lyding, kruis- en opstandings-gebeure rondom Jesus.

Verlede keer het ek met jou daardie woord oordink daar in Fil 2:6 naamlik dat Jesus Homself moes "ontledig" om mens te word, om te kan "inpas" in 'n menselyf. Daarom was dit dat wat die dissipels en die skares van Jesus, Sy krag en heerlikheid te siene gekry het – selfs ten tye van Sy wonderwerke en genesingsdade – net 'n fraksie of 'n sprankie van Sy werklike heerlikheid.

Dit was werklik eers na Sy opstanding, en na Sy hemelvaart, wat die sluiers weggetrek was sodat mense werklik kon sien en ervaar wie Jesus Christus, die Seun van die lewende God, werklik in Sy volle omvang is.

Daarom hoor ons Jesus daar in Joh 17:1-5 die volgende gebed tot Sy Vader - so 2 of 3 dae voor Sy kruisiging - bid: *"Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen. Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het."*

Hoor jy hoe Hy sê: Vader, Ek het gedoen waarvoor Ek gekom het. Dan hoor ons Hom daar in vers 13 verder sê: *"Maar nou kom Ek na U toe..."* Om weer Sy plek van heerlikheid in te neem, in Sy volle glorie as Seun van God, as God.

"Dit is tot julle voordeel ..." hoor ons Hom daar in Joh 16:7 en 12 tot 14 sê: *"Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur.... Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie. Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."*

"Hy sal My verheerlik ..." En in hierdie proses ".... sal julle My weer sien ..." (vers 16). 'n Mens sou ook kon verstaan: Dan sal julle My as't ware op 'n nuwe wyse sien, asof van nuuts af, want dan sal julle My as die verheerlikte Here sien!

Dan waarsku Jesus Sy dissipels dat die volgende paar dae vir hulle aaklig gaan wees, ja, dat hulle soos 'n vrou in pyn voor die geboorte van haar baba gaan voel. Maar dan gaan die lig deurbreek, en gaan hulle, asof vir die eerste keer, werklik "Jesus sien" en na dit sal "niemand hulle blydskap kan wegneem nie! (vers 19-22).

*“Van daardie dag af sal julle in my Naam bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die Vader te wees nie, want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefhet en glo dat Ek van God gekom het.*” (vers 26-27)

Daar sal dus ‘n nuwe intimiteit tussen gelowiges en hulle Vader deurbreek wat ten minste ook beter kommunikasie met die Vader gaan meebring.

Dit is altyd vir my merkwaardig om hierdie Johannes-evangelie te lees en te sien hoe Johannes onder God se inspirasie dinge op ‘n merkwaardige manier inmekaar-in-weef. Daar in Johannes 1:18 het hy ons vertel dat Jesus na ons gekom het as die “Een wat al die tyd teen die bors van die Vader gelê het” – wat dus werklik Sy hart verstaan het. En Hy het ons van die Vader kom vertel tydens Sy menswees.

En toe Hy klaar daarmee was, het daar ‘n tyd gekom wat Hy moes teruggaan na Sy Vader toe om – hoe sê Hy daar in Joh 14:2 – “...om vir julle plek te berei.”

Waar?

Natuurlik ook teen die bors van die Vader, om soos Hy, die hartklop van die Vader permanent te hoor, en Sy liefde vir ons te ervaar sekond vir sekond, dag vir dag. “Dan sal julle blydskap volkome wees.”

Maar dit het ‘n kruis gekos om hierdie pad vir jou en my voor te berei en hierdie voorreg ook vir ons toeganklik te maak. Besef dit as jy in hierdie dae voor die kruis in herinnering staan!

Maar dank God ook vir Sy Gees wat in jou woon, wat die heerlikheid van Jesus, en die hart van God vandag en môre en oormôre aan jou wil bekend maak! Dit is tog ook wat daar in Joh 17:24 staan as ons lees hoe Jesus bid: *“Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.”*

Waarom vertel ek hierdie dinge weer vir jou? Net sodat jy weer met nuwe oë na Jesus kan kyk ...?!

Ja, dit ook. Maar ook sodat jy kan verstaan waarmee die Heilige Gees in jou lewe tans besig is. Dat dit Sy primere taak is om jou met nuwe oë na Jesus te laat kyk, maar ook om iets van die heerlikheid van hierdie opgestane Jesus in jou lewe van elke dag sigbaar te maak.

Dit is immers wat ons daar in 2 Kor 3:18, onder andere, lees. *“Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”*

En hoe gaan die Gees van God dit doen?

Soos Jesus Homself moes “ontledig” om in te pas in ‘n menselyf, gaan die Gees van God ons help “uittrek” om iets van die heerlikheid van Jesus “aan te trek”. Kyk maar weer wat daar in Ef 4:22 tot 24 byvoorbeeld hieroor staan.

Hy gaan ons help om ons “ou mens uit te trek” sodat daar plek is vir die “nuwe mens”, vir die karakter van Jesus, vir die beeld van Jesus, deur die werking van die Heilige Gees in ons lewens. Dan sal mense die “vrug van die Gees” in ons lewens kan sien (Gal 5:22,23).

Dan sal mense Jesus, Sy liefde, Sy vrede, Sy blydskap, Sy geduld ... ensevoorts ... in ons lewens sien. Dan sal mense iets van Sy heerlikheid en Sy krag in ons lewens aan die werk sien en Hom verheerlik.

Ek hoop jy hoor mooi wat ek sê, en sê saam met my: Dankie, Here. Maar ook “Eina, Here” ...

Ek glo dat dit is wat tans in baie van ons se lewens aan die gang is: God is besig om deur die werking van Sy Gees gemors uit te gooi! Hy is besig om plek te maak ... om ons vol te maak met iets anders!

G’n wonder die Bybel noem ons as gelowiges die “liggaam van Jesus” nie, want dit is die werk van die Heilige Gees om ons leeg te maak van onsself, en om ons vol te maak met die “lewe van Jesus” sodat ons die werk van Jesus in hierdie wêreld kan voortsit. En sodat mense na ons kan kyk en werklik die lewe en die heerlikheid van ‘n opgestane Jesus in ons kan sien en ervaar.

Wat ‘n voorreg, maar watter verantwoordelikheid!

# HOOFSTUK 14 KOM ONS DINK VERDER OOR 'N VERHEERLIKTE JESUS - DEEL 3

Die Vader wil ons, as die Liggaam van Jesus, vul met Sy lewe, Sy karakter en Sy heerlikheid.

Dit is wat daar in Ef 4:9 en 10 onder andere staan. Wat my aangryp is dat Jesus mens geword het, en na Sy opstanding uit die dood opgevaar het om Sy posisie van heerlikheid – soos voor Sy menswording - weer in te neem om een rede: en dit is om "alles te vul". Met ander woorde om alles vol te maak met Homself.

Om dit te laat gebeur, moet iets anders gebeur. Moet die wet van verplasing plaasvind in mense se lewens. Gaan dit wees soos 'n glas met olie in, wat volgemaak word met water. Eers begin die olie boontoe styg soos wat die water meer word, om later uit te loop as die glas te vol water word.

So moet ons "ou mens" en "ou mens-dinge" padgee, verplaas word, soos wat God, die Vader, ons vul met Sy Gees, Sy lewe en Sy karakter om Sy heerlikheid aan 'n wêreld om ons te vertoon. Sodat die wêreld uiteindelik net die beeld van die Verheerlikte Here in ons sal sien (vgl 2 Kor 3:18; Rom 8:28,29; Ef 4:14-16).

Ek glo dit is wat tans aan die plaasvind is binne die Liggaam van Jesus. Daarom is God ook besig om die ou wynsakke en ou paradigmas oor Sy Liggaam te konfronteer en stadig maar seker uit mekaar te haal, want dit blokeer Sy heerlikheid in ons lewens.

In Johannes 17 bid Jesus dat die Vader weer aan die wêreld iets van Sy heerlikheid sal vertoon. En het jy gesien hoe? Kyk wat sê vers 11 byvoorbeeld: "Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees." En in vers 20 staan dit weer, en in verse 22 en 23 weer.

Daarom is dit belangrik dat ons presies vir mekaar in hierdie tyd moet sê wat die Bybel oor die Liggaam as houer van Jesus se heerlikheid te sê het. Ek wil graag 4 karaktertrekke beklemtoon:

1. Alle Christengelowiges wat Jesus bely as Verlosser en Here, en dit werklik glo met hulle hart, behoort aan die een liggaam van Jesus op aarde (Ef 4:4)

2. As die Liggaam bymekaar is in byeenkomste, moet daar toerusting van al die gelowiges daar plaasvind sodat hulle kan leer om mekaar en ander te bedien (Ef 4:11-16)

3. Christus Jesus is alleen die Hoof van hierdie Liggaam (Ef 1:22; 4:15; 5:23). Hy, en Hy alleen, is die enigste gesag waarvoor mense wat deel van hierdie liggaam is, moet buig

4. In hierdie liggaam het elke gelowige wat daarvan deel is ('n ledemaat is), 'n funksie (Ef 4:16).

Kom ons plaas die patetiese toestand van die "houers" waarin die Liggaam van Jesus haarself tans bevind op aarde 'n bietjie onder die vergrootglas van hierdie waarhede:

- God sê ons is "een", maar ons praat steeds van "kerke" in die "tradisionele dele" van die Liggaam, en van "onafhanklike groepies óf bedieninge óf gemeentes óf huisgroepies" in die meer "vernuwende dele" van die Liggaam. Dan is daar nog boonop die verskynsel van gelowiges wat so seergekry het in die verlede in "kerk-sisteme" van die een of ander aard, wat niks meer met "die kerk" te doen wil hê nie, en wat maar "op hulle eie" die Here aanbid.

  Kom ons sê nou maar vir mekaar reguit: Ongeag watter kant van die spektrum jy sit, al hierdie "verskynsels" of "wynsakke" is gedrogte in God se oë en blokeer dat die wêreld werklik Sy heerlikheid kan sien! Jesus sê ons "is een".

- Kom ons sê verder vir mekaar dat die Liggaam van Jesus in meeste van hierdie "houers" of "wynsakke" in ten minste 80% van die gevalle totaal misluk het om elke gelowige werklik toe te rus vir bediening. Meeste gelowiges weet niks daarvan dat hulle die lewe en karakter van 'n verheerlikte Jesus na buite moet vertoon nie. Hulle lewens gee geen aanduiding dat hulle werklik totaal bevry is van sonde nie. Hulle verstaan niks van werklik 24 uur uit 24 uur beskikbaar te wees vir bediening van God se genade en liefde nie.

- Wat die Hoofskap van Jesus betref: Besluite in die verskillende dele van die Liggaam van Jesus word in vergaderings vol mense demokraties geneem; of omdat die "kerkorde of –bepalings so sê". Verder is gelowiges lojaal aan "hierdie of daardie kerk", terwyl die Bybel sê ons behoort net aan Liggaam van Jesus, en net Jesus Christus alleen is 100% op ons lojaliteit geregtig.

- Die meeste gelowiges in die verskillende dele van die Liggaam is niks anders as passiewe passasiers nie. En in die meeste plekke is die meeste byeenkomste van die Liggaam – watter grootte dit ook al is – net 'n ruimte waar een of twee "bedienaars" die grootste deel van die tyd "bedien".

WAT IS DIE OPLOSSING?

En nou moet jy maar jou veiligheidsgordel vasmaak, want van hieraf kan dit rof word, maar dit is lewensnoodsaaklik, want Jesus Christus is die Here en Sy Woord, en net Sy woord is waarheid wat werklik vry kan maak!

Blaai ons na die Ou Testament, sien ons wat God gedoen het met 'n tempel-sisteem (of houer) wat 'n blokasie geword het. Kyk maar self daar in 2 Kon 25:8 tot 11 byvoorbeeld. Hy het dit laat afbreek en afbrand tot op die grond.

En die vyande het gekom – as instrument in God se hand - en het Sy volk kom versplinter en verdeel in honderde groepies ballinge in die vreemde vir bykans 70 jaar.

Blaai ons na die Nuwe Testament na 'n gedeelte soos Op 3 waar ons God se brief aan 'n Nuwe Testamentiese ekklesia (of plaaslike groep gelowiges) in Laodisea kry, sien jy weer hoe rof God kan werk waar Sy heerlikheid in die slag bly!

Daarom glo ek, hoor ons tans dwarsdeur die Liggaam van Jesus 'n roepe na "nuwe wynsakke" wat werklik instaat is om die heerlikheid van Jesus aan 'n ongelowige wêreld kan akkomodeer. En ons hoor weer 'n roep aan al die geestelike ballinge wat oral in die vreemde sit, om terug te keer na die plek waar God ons nou wil hê – soos in Nehemia se tyd – om die mure te herbou en die plek te restoureer waar God Sy heerlikheid wil vertoon.

Maar ek wil ook hê jy moet verstaan dit gaan weer net "'n oorblyfsel" wees wat genoeg moed gaan hê om "terug te keer" – om hulle te bekeer – en te doen wat God nou wil. 'n Groot deel gaan net bly waar hulle tans is, want hulle dink alles is "honky dory".

Lees ons Esra, Nehemia en Daniël, hoor ons hoe mense van God gepraat het as "die God van die hemele", omdat Hy sy plek hier op aarde "verloor het" omdat Sy volk nie meer Sy heerlikheid hier vertoon het nie.

Maar God wil "die God van hemel en aarde" wees. Daarom moet daar 'n Liggaam wees wat hiervan getuie kan wees en Hom en Sy heerlikheid hier kan verteenwoordig.

God roep dus 'n oorblyfsel uit die vlees-bevlekte tradisies en sisteme uit - wat Sy Liggaam gevange hou en so laat versplinter het in 'n magdom onafhanklike groepies. Hy roep ons terug om "een te wees", en om as't ware van nuuts af te ontdek ons is Ekklesia in al sy verskillende groottes wat net buig voor Jesus Christus alleen. Enige ander lojaliteit is afgodies en demonies.

Alleen so sal Sy heerlikheid weer sigbaar word tussen ons, en kan ons die koninklike priesterdom wees wat van die Lig getuig (1 Pet 2:9 en 10).

Dit beteken nie noodwendig dat alle gemeentes moet "toemaak" nie. Maar dit gaan ten minste vereis dat 'n paar "sisteme" sal moet toemaak sodat die Liggaam "een" kan wees. En dit gaan ten minste beteken dat ons moet erken dat

- al hierdie denominasionele onderskeidings en verdelings "uit die hel" is
- en die denominasies of onafhanklike gemeentes nie op hulle eie die lokale ekklesia is nie
- en dat al die byeenkomste waar daar net ruimte is vir een of twee gelowiges met die reg om te praat of te bedien, nie instaat is om die ledemate regtens toe te rus vir bediening nie

Volgens Op 3:18 tot 21 soek God na diegene "wat sal oorwin". Wie is hulle?

Lyk vir my dit is diegene wat

- God se plan en bedoeling vir Sy Liggaam raaksien en aanvaar

- En wat dan met die entoesiasme van die Gees opstaan en dit begin najaag en gehoorsaam soos God deur Sy Gees hulle lei (Mat 6:33)

Gaan lees weer God se woord daar in Hag 1:2 tot 4, en hoor Sy hart as jy ook verse 5 tot 11 lees.

God wil Sy Liggaam laat deel in die oorvloedige seën wat in Sy hart vir ons is, maar dit kan alleenlik op Sy voorwaardes plaasvind. Alleen dan sal ons die heerlikheid van 'n verheerlikte, opgestane Jesus Christus in ons byeenkomste beleef. En alleen dan sal iets van daardie heerlikheid ook aan 'n wêreld om ons sigbaar wees.

# HOOFSTUK 15   DRIE DAE IN DIE GRAG

<u>Nuwe lig uit die geledere van die Joodse Messiaanse kringe</u>

Soos wat die Here deur Sy Gees Jode wederbaar en deel maak van Sy gelowige Liggaam op aarde, word die res van die Liggaam verryk met soveel nuwe lig rondom bepaalde Skrifgedeeltes en –gebeure. Een hiervan is die gebeure rondom Jesus se kruisiging en opstanding, en spesifiek oor hoe dit inpas in die Paasfees-gebeure en die presiese datering daarvan.

Wat dus hier volg is my eie poging om dit in Afrikaans kursories weer te gee.

## Palm Sondag

Lees hierdie gebeure daar in Luk 19 en Joh 12:12 ev.

Dit is die vervulling van gedeeltes soos Sag 9:9 en Dan 9:25 –27

Datering: 6 Apr 32 n C – gebaseer op die Julius Kalender (of sogenaamde "maan-kalender"), en nie die huidige Gregoriese kalender (wat sedert 1582 gevolg word wat gebaseer is op die beweging van die son nie).

<u>'n Uiters belangrike gegewe</u>

Die week waarin die Pasga gevier word het gewoonlik 2 sabbatte gehad: Naamlik die spesiale sabbat van die Pasga en die gewone sabbat van die sewende dag van die week

## Daardie Dinsdagaand laat

Word Jesus gevange geneem in Getsemane

## Vroeg Woensdagoggend om 06:00

Gelyktyding met die voorbereidingsgebeure vir die Joodse Paasfees wat kom

Word Jesus gevonnis deur Pilatus (Joh 19:13-16) – die Lam wat moes sterf, is gekies

## Die kruisigingsgebeure

## Woensdagoggend om 09:00

Gelyktydig met die gebeure waar die Hoëpriester die gekose lam vasmaak aan die horings van die altaar op die 14de dag van die maand Nisan

Jesus word vasgespyker aan die kruis

## Woensdagmiddag om 15:00

Gelyktydig met die tyd van die aandoffer van die Paasfees as die lam keelaf gesny en geslag word (Eks 12:6)

Jesus sterf na 3 ure van duisternis van 12:00 tot 15:00 "– Mat 27:45 ev . (Na 3 ure van "hel" kan Hy sê: "Dit is volbring", want sondevergiffenis is bewerk, die oorwinning is behaal, en Hy kan oorgee aan die Vader en sterf).

Datering: 9 Apr 32 n C

### Vroegaand (voor 18:00) daardie Woensdag

Word Jesus se liggaam begrawe - Markus 15:42. (Moenie verlei word deur die Nuwe Afrikaanse vertaling se interpretasie van "Dit was Vrydag ... nie. Dit staan nie in die Grieks nie. Gaan lees maar in die Ou Vertaling of in die NIV wat staan in die Grieks).

### DRIE DAE IN DIE GRAF

Volgens die Skrif en die profesieë was Jesus 3 dae en drie nagte in die graf - die spesiale sabbat (Woensdagaand 18:00 tot Donderdagaand 18:00), Vrydag en dan die normale Joodse Sabbat (Vrydagaand 18:00 tot Saterdagaand 18:00).

### Die opstanding

Vroeg die Saterdagaand na 18:00 (met die begin van die Joodse eerste dag van die week) staan Jesus op uit die dood na drie dae in die graf.

Datering: 12 Apr 32 n C

Vervulling van gedeeltes soos Hos 6:1,2; teken van Jona (Mat 12:40)

### Vroeg die Sondagmôre

Word dit ontdek deur Maria Magdalena en ander Maria, en kort daarna die dissipels (Mat 28:1 ev)

# HOOFSTUK 16 OMHELS JESUS EN DIE IMPAK VAN SY BLOED

‘n Teks wat my boei is Op 12:11 waar die volgende staan:

“Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so lief gehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.”

Verlede week het die Here jou deur hierdie nuusbriefie opgeroep tot oorlog teen die terroris van terroriste. Toe het ek jou aandag gevestig op Ef 6:10 tot 18. Hierdie week wys ek vir jou ‘n prentjie hier in Openbaring van hoe ‘n mens die vyand prakties kan oorwin.

Kom ons kyk ‘n bietjie na die volgende wat hier staan:

- Die gelowiges wat die vyand oorwin is diegene wat in die geloof gaan vasgryp en bly vashou aan die bloed van Jesus wat vir ons gevloei het
- En wat sonder skroom daaroor getuig – ook teenoor die vyand

Ek wil ‘n beeld gebruik om dit prakties aan jou hart vas te bind. Die beeld wat ek wil gebruik is dat ek en jy elke dag van ons lewe Jesus, as die Gekruisigde en Opgestane Here, met al Sy wonde, moet omhels in geloof.

Kom ons dink ‘n bietjie oor “die bloed van die Lam”:

- As ons dink aan die volkome verlossing wat Jesus vir ons bewerk het, sê die Bybel, het dit gebeur deur die bloed van Jesus wat vir en namens ons gevloei het.
- Dink ons aan die bloed van Jesus, dink ons aan al die rekeninge en skuld wat Jesus namens ons betaal het.
- En dit is vir ons die waarborg van die volkome verlossing, oorwinning en ontwapening van die vyand wat Jesus vir ons bewerk het deur Sy versoeningsdood en opstanding uit die dood (Kol 2:13-15).
- ‘n Vers soos Jes 53:5 vat hierdie sekerheid vas as daar staan dat daar deur Sy wonde vir ons volkome genesing gekom het
- Volgens Joh 10:10b het Jesus gekom - om Sy bloed te laat vloei – sodat ons lewe en dit in oorvloed kan hê.

Dit is aangrypend om in die Ou Testament te lees hoe die priester telkens 7 keer bloed moes spat of smeer as simbool van sondevergifnis of totale genesing in bepaalde situasies. So lees ons bv in Lev 4:6 hiervan tydens die sondeoffer-seremonie waar hy van die bloed 7 keer voor die voorhangsel gesprinkel het. Onthou dan dat daardie selfde voorhangsel wat van bo na onder geskeur het (Mat 27:51), die liggaam van Jesus verteenwoordig wat vir ons geskeur is (Heb 10:20), om vir ons volkome verlossing na gees, siel en liggaam te bewerk. Onthou dat

Hy dit gedoen het deur die bloed wat uit 7 wonde gestroom het vir en namens jou. Onthou dit in geloof as jy saam met ander gelowiges weer die brood en die beker gebruik tydens die liefdesmaal.

Om Jesus elke dag in die geloof as't ware "te omhels" is om net weer in die geloof vas te gryp aan wat Hy namens en vir jou gedoen het toe Sy bloed gevloei het. Om jou volkome te kan vergewe, om jou volkome te kan genees, om jou volkome nuut te kan maak en volkome te kan verlos, is Hy as Gekruisigde en Opgestane Here, 7 keer verwond sodat Sy bloed jou kon bedien:

1. DIE WOND IN SY SY

Uit hierdie wond het bloed en water gevloei na die spies se steek. En dit was vir jou.

Onthou dan dat net onder die diafragma 'n mens se "belly" of maag lê waarna Jesus daar in Joh 7:38, en Paulus in Fil 2:1 verwys het. Dit is die deel van die mens waarmee jy jou asemhaling kan kontroleer en beheer. Maar ook die gedeelte wat die Oosterling die "gees" van die mens noem.

Bely daarom dat Sy bloed vir jou moes vloei sodat die Gees van God jou gees kon wederbaar en lewend maak. Omdat Sy bloed vir jou gevloei het is jy in Jesus Christus 'n nuwe mens. (Lees gerus wat Ef 2:1 tot 10 en 1 Joh 5:4 tot 11 hieroor te sê het).

2 en 3. DIE WONDE IN SY HANDE/POLSE

As ons die gekruisigde Jesus sou omhels, sou die wonde in sy hande ons "rug" bedek het.

Gryp dus in geloof net weer die geloofswaarheid vas dat Sy bloed gevloei het sodat God jou jou hele verlede volkome kon bedek (Rom 3:21 tot 24; Hand 2:38 en 39). Onthou dat jy volkome vergifnis ontvang het vir al daardie belyde sonde en ongeregtighede uit jou verlede. Jy is vry en hoef nie meer skuldig te voel oor enige van hulle nie. En as daar nog sonde uit die vandag van jou lewe is wat jy nog nie bely het nie, bely dit en aanvaar dan Sy volkome vergifnis ook daarvoor (1 Joh 1:9).

4 en 5. DIE WONDE IN SY VOETE

As jy die gekruisigde Jesus sou omhels, sou jy gestaan het in Sy bloed wat uit die wonde in Sy voete namens en vir jou gevloei het.

Onthou dan hoe Sy bloed wat gevloei het, jou wandel en dade uit die verlede bedek het (1 Joh 1:9).

Onthou ook dat jou wandel en lewe as kind van God, begin het waar jy gekies het in geloof om jou te bekeer en gekies het om anders te begin lewe omdat hierdie gekruisigde Jesus nou ook jou Here geword het.

6. DIE WONDE AAN SY KOP

Waar die kroon van dorings wonde veroorsaak het, het bloed vir en namens jou gevloei.

Gryp net weer in geloof vas dat omdat Sy bloed vir jou gevloei het, jy God moet vertrou om jou verstand te vernuwe (Rom 12:2). Omdat Sy bloed gevloei het is volkome verlossing en genesing moontlik van al daardie siek idees, gewoontes, paradigmas en leuens waarmee die bose jou oor die jare bedrieg en gebind het. Vertrou God om jou deur Sy Gees se werking ook hier volkome nuut te maak en om jou te leer om in volkome vryheid ook in hierdie deel van jou menswees te wandel. Vertrou Hom om jou te help om jou vlees te kruis sodat jy geestelik ingestel kan raak en meer kan wees en lyk soos Jesus.

7. DIE WONDE A G V DIE HOUE OP SY RUG

Jes 53:5 verklaar dat daar deur Sy wonde vir jou volkome genesing gekom het. Hoor jy? Volkome genesing. Luister dus na Sy Gees wat in jou woon oor wat die implikasies hiervan is vir jou fisiese liggaam en daardie siektetoestande waarmee jy worstel.

Kom ek sluit af. Miskien is dit weer nodig om soos Tomas, jou vingers in al 7 Sy wonde te steek om weer te begin glo dat jy deur Sy bloed bevry is van die vyand se houvas (Joh 20:28; Mat 8:16,17) in jou lewe, in elke faset van jou menswees, na gees, siel en liggaam.

Blaai dan weer na ‘n gedeelte soos Lev 14 en glo dat wat hier plaasgevind het, elke keer kan plaasvind waar jy Jesus as die Gewonde in geloof omhels. Onthou dat melaatsheid die simbool was van sonde, siekte en elke vorm van binding. Beleef hoe Jesus as die Hoëpriester jou simbolies bedien met die bloed van Jesus.

- Sien hoe van hierdie bloed 7 keer oral gespat word.
- Sien hoe daarvan eers aan jou regteroor, regterduim en regtertoon gesmeer word
- Daarna word daar 7 keer van die olie oral gesprinkel. Onthou van die Gees van Jesus wat in jou woon wat jou wil bedien met die volkome verlossing in Jesus.
- Sien daarom hoe van hierdie olie weer aan jou regteroor, -duim en –toon gesmeer word, en jy opnuut weer gesalf word om ook ander te kan bedien met die volkome genesing in Jesus deur die werking van die Gees.

Waar jy leer om hieraan vas te hou in geloof, en hieroor begin getuig oor jou en ander se lewens, breek die vyand se houvas, en is oorwinning verseker.

Raak prakties en kies om elke dag vroegoggend die volgende 5 dinge hardop te bely:

- Jesus se bloed het vir my gevloei sodat ek en God volkome vrede tussen ons kan hê
- Jesus het met Sy bloed my sondeskuld betaal sodat ek die geregtigheid van God kon ontvang
- Jesus het met Sy bloed betaal omdat Hy in my plek my vloek moes dra, sodat ek voortaan ‘n geseënde van God kan wees

- Jesus het met Sy bloed kom betaal sodat ek oorvloed kan hê
- Jesus het met Sy bloed vir my volkome genesing kom bewerk

# HOOFSTUK 17    WAAROOR MOES HY SO LY? – DEEL 1

“The Passion” het mense aan die praat. Dat Hy soveel moes verduur, al die bloed, al die pyn en lyding … is vir die meeste mense uiters ontstellend.

Maar sê my: Waarom dink jy, moes Jesus soveel ly?

In Joh 10:18 sê Jesus self dat Hy as mens gekom het om te ly en Sy lewe af te lê … As deel van Sy Vader se opdrag aan Hom. In Joh 12:27 sê Hy, lank voor die werklike gebeure: "Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur.”

Daarom vra ek weer: Waarom moes Hy so ly? Waarom was Hy gewillig om vrywillig so te ly?

Jesus antwoord self: “Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red.” (Joh 12:47)

Kyk ‘n mens na die gebeure daardie Woensdag van Sy kruisiging, sien jy …

Hoe Hy binne 12 ure ses keer daardie nag verhoor is (en dit boonop in die nag - wat dit, volgens Romeinse en Joodse wette, ongrondwetlik gemaak het!)

Alles om uiteindelik te bevind dat Hy totaal onskuldig was op al die sogenaamde aanklagte dat Hy ‘n misdaad sou gepleeg het

Uiteindelik kon net een beskuldiging werklik standhou: Dit was dat Hy daarop aanspraak gemaak het dat Hy die Seun van God is (Mat 26:59-68). Nooit het Hy aangedring dat mense Hom as ‘n leermeester, of ‘n morele leier, of ‘n man van God, of ‘n profeet moes eer nie. Nee, Hy het net aangedring dat mense moes glo dat Hy God was wat mens geword het.

En hiervoor was Hy bereid om so te ly ... en selfs die mees afgryslikste van afgryslike dode te sterf!

Dit dwing ‘n mens om ‘n keuse te maak oor wat jy werklik van Jesus dink! Vandag nog!

Uiteindelik het ‘n mens net een van drie keuses:

Of jy moet glo dat Hy ‘n dwaas en mal mens was! Wat nie geweet het wat hy sê nie. Wat so geestelik onstabiel was dat hy selfs bereid was om vir ‘n leuen te sterf. Wat so geestelik onstabiel was om te glo dat hy God is! Sulke mense bêre ons vandag in inrigtings, saam met ander wat dink hulle is Napoleon of Hitler.

Of Hy was die grootste bedrieër ooit! Wat dit reg gekry het om sy optrede en sy woorde so te laat klop dat hy miljoene der miljoene mense, vandag nog selfs, steeds kan “bedrieg” om te bly glo dat hy is wie hy gesê het hy is.

Of jy glo dat Hy die waarheid gepraat het.  Dat Hy is wie Hy gesê het Hy is:  die Seun van God, God self, wat mens geword het.  En dan kan jy Hom net aanbid en gehoorsaam.

Die meeste mense op aarde glo reeds iets oor Jesus.  Die vraag uiteindelik is:  Wie was Hy werklik?  Leuenaar?  'n Mal man?  Of Here, soos Hyself gesê het?

Jesus het aanspraak daarop gemaak dat Hy God was wat as Verlosser van die wêreld gekom het.  Dit was waarom Hy toegelaat het dat mense Hom verhoor het, en uiteindelik gekruisig het.  As God kon Hy immers dit verhoed het.  Maar Hy het geglo dit was nodig om die mensdom te red.  Soos daar in Fil 2:6 tot 11 staan:  "Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.  Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,  sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader."

Eendag sal elke knie moet buig en elke tong moet bely dat dit waar was waarop Hy oor Homself aanspraak gemaak het:  Ja, dat Hy was wie Hy gesê het Hy is.  Elke nasionaliteit; elke ouderdom; elke kultuur; elke godsdiens; elke politikus; elke popster; elke professor; elke atleet; sal dit uiteindelik moet erken en bely.

Die lewensbelangrike vraag waarvoor ek en jy, en elke ander mens op aarde vandag staan is: Wie glo jy werklik is Hy?

Dit is die vraag wat elke mens wat "The Passion" kyk, vir hulleself moet beantwoord.

Terwyl ek weer hierdie vraag in hierdie dae vir myself antwoord, is die een ding wat my aangryp dat my lewe ... en elke ander mens op aarde se lewe ... vir Hom so belangrik, so kosbaar was, dat Hy bereid was om so te ly, ja, om Homself letterlik, soos die lam van ouds, op te offer sodat ons gered kan word.  Sodat ons kan lewe.

Hy was bereid om alles prysgegee terwille van my ...  En ook vir jou.

Daarom het dit my gedring om weer te kies om Hom bo alles, met alles wat ek het, lief te hê en te gehoorsaam in elke deel van my lewe!

## HOOFSTUK 18    WAAROM MOES HY SO LY? – DEEL 2

Die film, THE PASSION, trek tans wêreldwyd rekordgetalle mense na die rolprentteaters. Wat vir ons as Christengelowiges natuurlik merkwaardige getuienisgeleenthede skep.

Om jou te stimuleer om jouself sinvol voor te berei vir sulke moontlike gesprekke, gesels ek vir 'n tweede keer met jou oor die vraag: Waarom moes Jesus so ly?

Dit is vir my aangrypend dat die Engelse woord "passion" in die titel van hierdie film se Afrikaanse ekwivalent, "passie", hierdie dubbele betekenis kan hê:

Soos in die Engels kan die woord "passie" - soos in die woord "passie-spel" - verwys na die "lyding" van Jesus

Of dit kan dui op die innerlike dryfkrag, motivering of passie wat onderliggend aan al hierdie lyding was, naamlik, aan die eenkant die hartstogtelike liefde van God vir Sy geskape wêreld en sy mense, en aan die anderkant, Sy woede oor sonde in die algemeen

Een van die belangrikste antwoorde wat die Bybel gee op hierdie vraag: "Waarom moes Jesus so ly?" is dat dit prakties demonstreer hoe lief die lewende God van die Bybel vir jou, my en elke mens op aarde, het! Ja, en tot watter uiterste Hy gegaan het om ons lewens te red en vir ons lewe in oorvloed te bewerk.

'n Mens hoef maar net, saam met hierdie film, daardie laaste dag van Jesus se kruisiging te oordink om intens hiervan bewus te word. Die meeste mense sidder tot in die diepste van hulle wese as hulle met die brutaliteit van kruisiging gekonfronteer word. Dit was immers bedoel om destyds die mees brutale doodstraf moontlik te wees.

Dat Hy bereid was om soveel pyn en lyding terwille van my te verduur, breek elke keer my hart as ek daaraan dink!

Maar Sy lyding, daardie laaste dag van Sy kruisiging, het soveel ander dimensies gehad:

Dink maar net aan die ontsettende fisiese en emosionele lyding en uitputting wat Hy beleef het tydens die 6 hofverhoë daardie hele nag voor die kruisiging! Ek kan my net indink hoe daardie rowwe Romeinse soldate Hom brutaal heen en weer tussen die verhore begelei het. Die Bybel vertel ons maar net van hoe hulle Hom geblinddoek en geslaan het, terwyl hulle spottend gevra het: "Wie het jou geslaan, Jesus?" En onthou jy hoe hulle 'n doringkroon ru op Sy kop gesit het, Hom 'n purperkleed aangetrek het, en Hom dan ru in die gesig geslaan en spottend Sy baard uitpluk het!

Na die verhore word Hy toe gevonnis om gegesel te word! Waartydens hulle Hom met daardie berugte Romeinse kats, met sy 9-leertonge met skerp been- en ysterpunte vooraan, 39 slae ten minste geslaan het (dit wil sê, as iemand getel het! Hy was immers reeds 'n terdoodveroordeelde!). Meer as 350 slae dus, wat Sy liggaam een bebloede massa stukkende vleis en spiere gemaak het! En dit alles vir my en jou!

En toe word Hy gevonnis om gekruisig te word.  Dit is toe dat Hy daardie swaar dwarshoutbalk van die kruis moes dra op al daardie seer ... G'n wonder, Hy kon later net nie meer nie!  Sodat hulle Simon, uit Afrika, moes vra om dit vir Hom tot by Golgotta te dra.

En toe die afgryslike pyn om Sy liggaam gekruisig te kry!  Eens was dit die spykers, een na die ander, deur Sy polse gekap; terwyl hulle, in die proses, Sy skouers uit potjie moes forseer. En toe word Sy voete op mekaar ook vasgekap!

Dan die versmorende pyn daar aan die kruis, byna ses ure lank!  Dit was immers wat gebeur het:  So 'n gekruisigde kon inasem as gevolg van die posisie van die liggaam, maar nie natuurlik uitasem nie; behalwe as hy homself sou oplig op daardie vasgekapte voete van hom!

Totdat Hy uiteindelik van al die pyn sterf, drie uur daardie Woensdagmiddag, net nadat Hy gesê het:  "Tetelestai!"  (in Grieks)  Wat beteken:  Dit is volbring!  Alles is klaar!  Wat gedoen moes word, is gedoen!  Die skuld, die rekening, is ten volle betaal!  Die bewys, van hoe lief My Vader julle het, is gelewer!"

Toe die soldate later daardie middag by Hom gekom het om te kom kyk of Hy dood was, was dit vir hulle onnodig om Sy bene te breek.  Die spiessteek in Sy sy, met die water-bloed-mengsel wat uit Sy borsholte gevloei het,  het immers bevestig dat Hy dood was.  Medici vandag sê selfs, in vele artikels in die Medical Journal,  dat hierdie water-bloed-mengsel net moontlik kon wees as Sy hart letterlik ontplof het daar in Sy binneste!  En weer is die vraag: Was dit van al die pyn, of dalk van al Sy liefde vir jou!?

Ek vra weer:  Waarom was dit alles nodig?  Waarom soveel lyding en soveel pyn?

Rom 5: 6 tot 8 antwoord:  "Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe.  'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe.  Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."

Daarom hoor ek midde al hierdie lyding hoe die Vader self die vraag antwoord:

"So lief het Ek julle ... Sien julle, hoor julle?  So lief het Ek julle ... dat Ek bereid was om My Seun so te laat ly!  Alles sodat julle kan lewe!  Sodat daar vir julle vergifnis ... totale versoening met My ... moontlik is.  Ondanks, ten spyte van julle verlede.  Hy het daarmee julle volle straf gedra!

As julle maar net bereid is om dit werklik te glo ....

Mag ons dit elke keer hoor en ervaar as ons saam met ander gelowiges die tekens van die wyn en brood gebruik.

Sodat ons opreg saam die Engelse lied kan sing:  "Amazing love!"

## HOOFSTUK 19 WAAROM MOES HY SO LY? (Deel 3)

Prys die Here, die storie van Sy lyding het nie by die kruis en in die graf –soos die meeste ander verhale – geëindig nie. Anders was ons nie Christene en kinders van die lewende God nie. Dan het ons nie eers hieroor met mekaar gesels vandag nie, want hoekom ...

Na Jesus se dood het hulle Hom in 'n graf gaan begrawe. Natuurlik 'n ander soort graf as ons s'n vandag. Vandag sit ons die meeste dooies in 'n kis en begrawe hulle dan in 'n graf in die grond wat ons toegooi. Destyds is mense in grotte begrawe. En dan het hulle 'n groot ronde steen gebruik om dit as't ware "toe te rol". So is Jesus se lyk na Sy dood aan die kruis in die grot-graf van die ryk man Josef van Armitea "toegerol".

Maar die teëstanders van Jesus was bekommerd, want hulle het stories gehoor dat Jesus gesê het dat Hy na drie dae gaan opstaan. Nie dan hulle bang was daarvoor nie, maar sê nou Sy volgelinge kom en kom steel Sy lyk en vertel dan dat Hy opgestaan het ...!

Daarom het hulle, vir veiligheid, vir Pilatus gevra om die grot-graf te laat verseël sodat niemand kan in of uitgaan nie, en om soldate opdrag te gee om die graf op te pas.

Wanneer laas het jy gehoor van soldate wat iemand se graf oppas omdat hulle bang is "hy staan op" op die een of ander manier!?

Maar niks wat hulle kon doen sou dit kon keer nie.

Argeoloë vertel vir ons dat Jerusalem plus minus 'n kwart miljoen inwoners destyds gehad het. En binne twintig jaar na die kruisiging en dood van Jesus was daar tussen 100,000 en 125,000 gelowiges in die stad.

Hoekom? Omdat soveel mense met hulle eie oë 'n opgestane, lewende Jesus gesien het en nie daaroor kon stil bly nie!

Rom 1 verwoord dit so treffend as daar staan: "op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here."

Dit is waarom die geboorte en lewe van Jesus so 'n impak op die geskiedenis van 'n hele wêreld gemaak het ... dat dit letterlik die wêreldgeskiedenis in twee verdeel het: Die jare voor die geboorte van Christus, en die tyd daarna!

Die aangrypende van dit alles is, is dat die krag wat Jesus opgewek het uit die dood, ook vandag daar is vir jou en my, om ons te help met enige probleem wat vir ons te groot is om alleen te hanteer.

Hoor hoe sê Paulus dit daar in Efesiërs 1:18-21: "Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy

uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom."

Daardie selfde krag is vandag daar as jy jou lewe vir Jesus gee.

Hoe reageer 'n mens dan gepas in die lig van Jesus se lyding, Sy sterwe en Sy opstanding? Ek wil drie maniere vir jou noem by hierdie geleentheid:

Ek behoort Jesus bo alles lief te hê. Al doen God nooit weer iets anders vir my as dit wat Hy in Jesus vir my gedoen het nie, verdien Hy my totale lojaliteit en liefde. G'n wonder die Bybel sê: Ons het Hom lief omdat Hy eerste ons liefgehad het.

Ek behoort sonde en al wat sleg is te haat soos gif. Waarom? Omdat sonde Jesus doodgemaak het. My sonde, en jou sonde. Daarom kan ons nie meer onversteurd sit en kyk terwyl die TV of die rolprentwêreld maak asof sonde net niks is nie. Ek hoef maar net weer na die kruis te kyk en oor Sy lyding na te dink om te besef waarom ek en jy met alles wat ons het sonde moet haat en moet veg vir geregtigheid en vir wat reg is.

Ons moet ons commit om tydig en ontydig ander te vertel wat ons oor Jesus weet. Daarom sê Paulus daar in 2 Kor 5:19 en20: "Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!" Hoe kan ons stilbly as een van ons vriende, of iemand by die werk, tot hier hulle lewens geleef het sonder om werklik te verstaan wat Jesus Christus ook vir hom of haar gedoen het! As iemand hulle nie in eenvoudige terme vertel nie en hulle sou sterf, was Jesus se lyding en dood vir daardie mens nutteloos!

God se hart is dat niemand verlore sal gaan nie! God se hart is dat ek en jy dit aan die hele wêreld sal vertel. Daarom het iemand jou vertel ...

Dit is wat ek glo die film THE PASSION OF CHRIST weereens vir ons help doen. Dit skep weer vir ons 'n wonderlike eenvoudige rede om met mense oor Jesus en oor wat Hy vir ons gedoen het te gesels.

Nooi dus mense uit om die film te gaan kyk. Almal praat tog daaroor. Dat hulle vir hulleself kan sien waaroor almal so praat. En dan nooi jy hulle uit saam met jou restourant toe. Gesels dan met hulle oor wat hulle gesien en ervaar het

Dit is so eenvoudig om 'n getuie te wees met sulke moderne hulpmiddels rondom jou!

# HOOFSTUK 20 DIE HART VAN BYBELSE BEVRYDING

Ons is besig om die Gees van God te vertrou om die profetiese woord van Jes 61:1 tot 7 vir ons prakties uit te spel. En dan veral hoe daardie belofte van God se seën of genade gaan gebeur in ons lewe.

In die vernuwing word daar in baie kringe van "bevryding" gepraat. Bybelse bevryding of praktiese lewensvernuwing in die meeste Christene se lewens gebeur waar ons voor God sit en toelaat dat Hy ons deur die werking van Sy Gees en Sy Woord leer om ons hele lewe in lyn te kry met Sy plan en Sy wil vir ons lewe.

Die Bybel teken die wedergebore Christengelowige as 'n mens wie se gees nuut en lewend gemaak is deur die werking van die Gees en wat, gevolglik, in Christus volkome regverdig is voor God. Maar die mens is nie net gees nie, maar woon in 'n fisies-chemiese liggaam, en het ook 'n siel of eie persoonlikheid ontwikkel. Daarom moet ook daardie dele van die mens bedien word met genesing. Dit noem die Bybel "heiligmaking", en dit is die deel van ons verlossing wat ons prakties "moet uitwerk" onder die leiding van die Gees van God (Fil 2:12,13). Dit gebeur veral wanneer God ons manier van dink begin verander (Rom 12:2).

As jy 'n prentjie daarvan wil vorm, kan jy dink aan wat met die dissipels daar in Markus 4:35-42 gebeur: Midde 'n storm in hulle lewens, midde hulle vrese, kies hulle om Jesus wakker te maak en toe te laat dat Hy 'n Woord spreek in die situasie. Dit bring stilte en rus midde die storms in daardie storm in hulle lewe.

Rom 12:2 sê dit so: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is".

2 Kor 10:3 tot 5 spel dit baie prakties uit - en ek wil dit sommer omvorm tot 'n baie praktiese metode wat ek en jy elke dag van ons lewe kan gebruik:

Neem elke gedagte van jou gevange en laat dit gehoorsaam buig voor Jesus en Sy Woord.

- STOP elke gedagte in sy spore – en dit kan wees net daar waar jy besig is om te dink, maar ook dalk aan die einde van die dag as jy net weer jou optrede die dag voor God evalueer.
- DINK dan: Soek jy hierdie gedagte in jou lewe? En indien nie, vervang dit met Jesus se gedagtes, met God se beloftes en Woord.
- Gaan dan en DOEN voortaan wat God wil.

Hoor jy die sleutelwoorde: STOP. BEDINK DIT KALM IN DIE LIG VAN GOD SE WOORD. DOEN DAN WAT JY MOET VANUIT 'N POSISIE VAN BYBELSE GELOOF.

Dr Louis Kroon, 'n bekende Christelike terapeut, het dit so gesê: Lei mense om die ware EK IS, Jesus Christus, te vra om in hulle brein op die troon te kom sit en om Hom toe te laat om hulle te help om hulle gedagtes te vernuwe. Kies in die proses om jou evaluasies te baseer op ewige Woord-waarhede en om die beheer in jou lewe oor te gee aan die Gees van Jesus, die Here, in jou lewe. Hy stel nuwe Woord-waarhede aan jou beskikbaar wat jy nou vir jou brein letterlik "moet voer" totdat hy dit begin deurvoer en daarop reageer. (My brein werk immers net soos 'n rekenaar – en as ek dit wil vernuwe, moet ek dit nuwe sagteware en data voer. Alle ou gemors en onwaarhede moet uitgehaal (afgeleer) word, en vervang word met nuwe waarhede (Rom 12:2).

In ander Bybelse taal beteken dit dus letterlik dat ek uit die boom van goed en kwaad moet uitklim (waar ek self besluit het wat reg en verkeerd is) en moet gaan sit by Jesus. Voortaan moet ek kies om Hom toe te laat om my te bedien met wat Hy dink in die situasie. Dan moet ek 'n wilsbesluit maak om op grond daarvan te handel en nie meer op grond van my gevoelens nie. Dus nie my wil nie, maar Sy wil!

Dit help 'n mens om self verantwoordelikheid te neem vir jou eie optredes en gevoelens, en help jou om in die toekoms reg op te tree. So ontdek jy dat meeste van jou probleme spruit uit die negatiewe gedagtes wat jy bedink. As jy dit effektief kan verander, is jou probleem opgelos en iets van die verlede.

Die praktiese metode om dit elke dag te doen is die volgende:

- Kry vir jou 'n sakboekie waarin jy die volgende neerskryf: Neem 'n skoon bladsy, verdeel dit met 'n kruis in die middel vertikaal in twee dele. Hierdie kruis in die middel is die swaard van God se Woord aan jou in die betrokke situasie wat letterlik jou help onderskei tussen jou "twee persoonlikhede" as Christen, nl jou natuurlike gevoelsgeörienteerde mens (wat herken kan word in jou spontane gedagtes of gevoelens), en jou nuwe wedergebore Ek in Jesus Christus (die nuwe mens deur die werking van God se Gees in jou). God gaan jou dus help om te kies tussen hierdie twee persoonlikhede en om die nuwe een in Jesus te kies as die een in beheer, en die ander een as dood te reken. (Natuurlik gaan jy heeltyd bewus wees van die "dooie een", en gaan daar selfs situasies wees waar jy maar weer kies om negatief te reageer op wat die ou natuur/persoonlikheid jou met gevoelens probeer van oortuig. En as jy gehoor sou gee aan sy negatiewe gevoelens en gedagtes en daarvolgens sou optree, beleef jy maar net weer die negatiewe gevolge daarvan!)

- Gebruik 'n halfuur elke dag om dan op daardie bladsy aan die einde van elke dag aan die linkerkant vir jou rekenskap te gee oor een situasie waar jou natuurlike gevoels-georiënteerde mens jou lewe en optrede beheer het. Skryf die situasie neer wat jou pla. Skryf dan neer wat jy gedink het in die situasie, en wees eerlik! Skryf dan neer wat die onderliggende geloof in daardie situasie was (jy het miskien geglo God kan nie help nie). En bely dan die resultate van jou keuse deur jou emosies te bely wat jy beleef het, en jou verkeerde optrede te bely, asook wie jy geblameer het vir jou verkeerde optrede.

- Gaan nou na die regterkant van die bladsy toe en sê vir jouself: STOP! En laat die kruis en die Woord van Jesus in die betrokke situasie insny. Vra jouself eerlik vrae af soos: Is dit wat ek gedink het waar? Was dit liefdevol? Sou Jesus so gedink of opgetree het? Was my optrede effektief of gesond? Wat sê Jesus hieroor? Neem dan elke gedagte wat jy gedink het in die situasie en skryf neer wat die alternatief is wat die Woord daaroor sê. En kies om dit voortaan jou nuwe, positiewe selfspraak te maak in toekomstige situasies. Skryf ook die nuwe, onderliggende geloof neer op grond van die Woord. En bely dit hardop in gebed.

- Wat verder nodig is is om letterlik hierdie nuwe program in jou brein in te laai. Die sleutels vir hierdie "nuwe program" is die woorde: STOP. DINK. DOEN. Begin daarom elke oggend vir die volgende paar dae biddend te visualiseer hoe jy op hierdie nuwe manier begin optree in soortgelyke situasies. Maar wees gewaarsku: Jy gaan teëstand kry. Jou geestelike teëstander en sy magte gaan op allerlei wyses jou negatiewe gedagtes probeer voer, en jy sal elke keer moet besluit wie en wat jy gaan glo. Dit is ook nooit maklik om sommer net te verander nie. Daarom sal jy dus moet kies om aan te hou en te commit totdat hierdie nuwe manier van dink en doen werklik permanent deel is van jou manier van lewe in woord en daad.

- Skryf ook neer watter persentasie verbetering daar is in die emosies wat jy beleef. Maar skryf ook ander positiewe resultate neer.

Kom ons neem een praktiese voorbeeld: Neem 'n mens wat paniekaanvalle kry. So 'n mens moet gehelp word om te verstaan dat die paniek of angs wat hy beleef, die gevolg is van te veel adrenalien-afskeiding. Die simptome wat hy beleef soos hartkloppings, droë mond, borspyne, dofheid van visie en lamheid, is doodnormale chemies-fisiese reaksies as gevolg van te veel adrenalien. Maar dit is ook belangrik dat jy begin verstaan dat dit alles geaktiveer word deur jou manier van dink. Genesing begin dus gebeur as jy kan leer om anders te dink oor hierdie aangeleentheid. Jy moet dus leer om te kies om nie bang te wees vir die simptome nie - al is dit uiters ongemaklik. Dit is maar net die brein se manier om jou te help oortuig jy het hulp nodig in hierdie situasie. Panieksimptome probeer dus eintlik jou vriend wees wat jou wil help. Wees dus bly daaroor. Maar jy moet ook leer om Jesus in te nooi in hierdie situasies. En om Hom toe te laat om jou denke in lyn te kry met Sy Woord en Sy beloftes. Dit gaan jou help om beheer te kry oor jou emosies en sodoende bokant jou omstandighede uit te styg. Die oomblik wat jy begin regkry om positiewe gedagtes te begin dink, sal die brein sy eie serotonien vervaardig wat jou gaan laat goed voel in die situasie, en sal die angs-simptome begin verdwyn!

Maar kan ek, volledigheidsonthalwe, tog ook 'n ander aspek van genesing hier aansny. Daar is egter gevalle soms iets verder nodig voordat mense werklik volkome oorwinning in bepaalde situasies kry. Dit blyk as die negatiewe gedagtepatrone en –optrede nie met normale wyse wil padgee nie. Dan lyk dit vir my duidelik dat ons nie meer net voor gedagte-patrone te staan gekom het wat moet verander nie, maar dat die negatiewe patrone letterlik in die geval 'n negatiewe gees of 'n persoonlikheid aangeneem het wat bestraf moet word in Jesus se Naam om die wyk te neem. Dan moet so 'n mens eenvoudig geleer word om hardop so 'n negatiewe gees te bestraf in Jesus se Naam en hardop te kies om nie verder

toe te laat dat dit sy lewe beheer nie. Kies hardop om te bely dat Jesus self in jou woon deur Sy Gees, en dat Sy Gees 'n gees van krag, liefde en selfbeheersing is, en dat jy daarvolgens wil optree in die toekoms. As dit nodig is om ander gelowiges te vra om saam met jou hiervoor te bid, doen dit.

Hoe dit ook al sy, God se beloftes in Rom 12:2, Jes 61:1 tot 7 en 2 Kor 10:3-5 belowe dat ons lewens nie meer deur ons gevoelens en gedagtes beheer hoef te word nie. Ons kan kies om om te draai en te verander. Stop, dink en laat Jesus deur Sy Gees en Woord jou vernuwe. Gaan pas jou Bybelse geloof toe in daardie situasie. Dit is immers wat geestelike vernuwing behels. Dit is hoe God, Sy Woord en die leiding deur Sy Gees 'n werklikheid word in jou lewe.

Dit maak dat 'n mens kan kies om OK te wees, al is jy fisies siek. En om bokant jou situasie uit te styg, en 'n kwaliteit-lewe te lewe.

"Once He who raise Christ, lives within jou through His Spirit, that same Spirit will give you in your whole being new strength and vitality. So you owe no duty to your old feeling-orientated nature. On the contrary, that way of living leads to certain spiritual death. But if, on the other hand, you choose to cut the nerve of your spontaneous reactions by obeying the Spirit, you will live!"

# HOOFSTUK 21 ONS VEG HIERDIE GEESTELIKE OORLOG ELKE DAG

Normale Christenwees is oorlog teen die onsigbare bose geeste in die lug (Ef 6:10-18). Daarom sê Paulus ...

- moet ons elke dag aangetrek wees met die volle wapenrusting
- moet ons elke dag bid
- moet ons elke dag so lewe dat ons nie vir die bose 'n geestelike houvas gee nie (Ef 4:27)

Die wapens wat ons in hierdie oorlog kan gebruik op God se bevel:

- Bekering en sondebelydenis – Hoeveel keer het dit nie al gebeur dat waar evangeliese spanne op God se bevel sonde in hulle midde (soos trotsheid of verdeeldheid) bely, vind reuse deurbrake plaas, So het daar derduisende mense op die Sokker-Wêreldbekertoernooi tot bekering gekom toe die span hulle trotsheid bely het
- Soms vra die Here ons op fisies te proklameer dat 'n bepaalde gebied aan hom behoort

'n Mens besef partykeer nie die impak van jou lewe van geregtigheid volgens God se maatstawwe nie. Dit kan werklik jou hele familie en selfs jou hele dorp se lewe red (Jer 5:1; Gen 18:20-33).

VERLOS ONS VAN DIE BOSE

Ek het weer die afgelope tyd so bewus geword van die vyand se geweldig gekonsentreerde aanslag op die kinders van God se lewens in hierdie tyd. Jy beleef seker ook iets daarvan in jou eie lewe. Daarom hoor ek ook God se profetiese bemoedigende woorde wat van alle kante na ons stroom ...

- Dat die vyand ons juis nou so intens aanval omdat hy dit vrees waarmee God juis in hierdie tyd besig is in ons lewens
- God se beloftes is immers dat hierdie die jaar is waarin Hy meer as ooit Sy genade en seën gaan bedien aan mense, maar ook die dag is waarin die onsigbare magte van die bose die impak van God se wraak en woede teenoor hulle gaan voel
- Al bedoel die vyand hierdie tyd as 'n tyd van teistering, gebruik God dit om ons net weer te leer om ons staan- en rusplek te vind in God, in Sy liefde en Sy beloftes in Christus Jesus alleen

Ek het weer ‘n slaggie gaan dink oor wat die vyand se strategie nou eintlik in ons lewens is, en besef dat hy met elke aanval of versoeking wat hy inisieer in ons lewens, net eintlik een ding wil, naamlik om ons te laat twyfel aan die liefde en goedheid van God.

As die vyand dit kan regkry om jou so te belieg en te verlei deur sy gekammofleerde aanslag op jou, jou gesondheid, jou finansies, jou huwelik, jou kinders, die ekonomie en ander mense om jou, dat jy verkeerdelik kan dink dit is God wat jou straf, of jou kan maak twyfel of God werklik jou kan uitred in hierdie situasie, het hy in sy sinistere doel geslaag. Hoe sê Paulus daar in 1 Tess 3:5: Dan het “die verleier” julle verlei.

Om Christen te wees is werklik om elke dag in ‘n geestelike oorlog betrokke te wees teen magte wat ons nie kan sien nie (Ef 6:10 tot 19). En dit is veral ‘n propaganda-oorlog waarin die vyand alles inspan om ons leuens te voer.

- Sy bedoeling is om gedagtes in ons kop te plant dat God ons vergeet het
- of deur foutiewe lering en prediking oor die jare te gebruik om ons te maak glo dat God dit nie werklik altyd met ons goed bedoel nie.
- Ja, dat ons selfs verkeerdelik kan glo dat God eintlik baie direk agter baie van die swaar en pyn in ons en ander se lewens sit.

Kan jy dink wat gebeur as ek en jy begin wonder of dit God is wat agter die pyn en seer in ons lewens sit? Dit maak dat ons hele prentjie van God totaal skeefgetrek word.

Daarom is dit so belangrik dat ons net weer ons staan- en rusplek moet kry in die kernevangelie om hoopvol staande te bly midde die mees intense aanslag van die vyand. Dink ‘n bietjie hieroor na:

- Die hart van die Evangelieboodskap is dat God my en jou onvoorwaardelik liefhet. Hy het ons liefgehad lank voordat ons geglo het of Hom liefgehad het.
- Hy het Sy kosbaarste, Sy enigste Seun, gegee om Sy lewe te gee om vir my en jou, en elke ander mens op aarde, volkome geregtigheid te bewerk. Hoekom sal Hy nou enigiets anders (van minder waarde, soos geld of gesondheid of beskerming) van ons terughou?
- Hoe sê Jesus: “'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.” (Joh 10:10).

Besef jy dat die frase in die Bybel wat die meeste in geheel voorkom, die frase is “Hy (bedoelende, die Here) is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!” Besef jy dat die een woord wat God se wese die beste beskryf die woord “liefde” is? En dat daardie liefde waarvan hier sprake is, ‘n onvoorwaardelike, allesoorkoepelende liefde vir mense is wat dit op geen manier verdien of kan verdien dat Hy vir hulle goed of lief of genadig moet wees nie?

Ek wil ‘n beeld gebruik om iets hiervan aan jou hart vas te maak: Die oomblik wat ek en jy ontdek hoe lief God in werklikheid ons het, is soos om een oggend op te staan en ‘n brief te

ontdek waarin staan dat jy so pas tien miljoen rand ryker geword het. En te ontdek dat dieselfde geld vir jou vrou of jou man of jou kinders. Asook geld vir elke buurman of buurvrou op straat, en die petroljoggie, en jou baas by die werk, en elke ander mens op aarde!

Begryp jy, die hart van die Evangelie is dat Jesus lewe, oorvloedige lewe, volkome geregtigheid vir die wêreld bewerk het! Dit is God se belofte aan elke mens. God wil vir elke mens goed wees, vir elkeen oorvloediglik seën!

In die Ons Vader-gebed leer Jesus ons bid: Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die bose".

Lyk vir my versoekings kom oor ons pad as die bose op die een of ander manier ons wil laat twyfel aan hierdie hart van die evangelieboodskap. Sy aanvalle is gerig om ons te laat twyfel of wanhoop of God werklik vir ons liefhet en sal sorg en goed wees.

Versoekings is deel van die omgewing waar ek en jy uitgedaag word om dag vir dag volgeling van Jesus moet wees. Ons uitdaging is om in die donker lig te wees. Stukkendheid en sonde is oral om ons. Ons kan nie daarvan weghardloop nie. Demoniese magte is oral waar daar mense is.

Daarom leer Jesus ons bid: Laat ons nie in versoeking kom nie. Daarom sê Jakobus wat hy sê in Jak 1:13 tot 15. En bemoedig Paulus ons dat daar altyd hoop is in 1 Kor 10:13.

Kom ek probeer om dit wat die Skrif in die verband vir ons leer opsommend te sê:

- Versoeking is opsig self nog nie sonde nie. Dit is die vyand se manier om jou te versoek of te verlei om te sondig.

- En Hy kan op baie maniere kom om jou te versoek. Hy kan sekere situasies gebruik, of mense gebruik, of gedagtes wat by jou opkom

- Jy hoef dus nie skuldig en vuil te voel as jy so versoek word nie. Jesus is self versoek maar Hy het tog nie gesondig nie (Heb 4:15). As om versoek te word verkeerd of sondig was, het Jesus gesondig, en Hy het tog nie.

- Jakobus sê 'n versoeking word sonde as ons ons daartoe commit, kies om te doen wat voorgestel word, of kies om die gedagte wat by ons opgekom het, verder te bedink of selfs te glo.

- 1 Kor 10:13 sê versoeking kan ons "oorval". Dit bevestig net dat versoeking van die bose af kom. Ons is nuutgemaakte mense in Jesus. Die bose probeer nou ons maar net met sy leuens oortuig dat ons nogsteeds sondaars is en sal en wil toegee aan al die verleidinge wat hy nou voor ons opgestel het.

- Almal van ons word versoek. Ons worstel almal met versoeking. En dit ontdek ons veral wanneer ons werklik as gelowiges saam intieme koinonia begin hê en met mekaar eerlik begin gesels oor ons daaglikse ervaringe as gelowiges. Daar ontdek jy

dat jy nie alleen met jou spesifieke worstelinge is nie. En ontdek jy dat die geestelik volwasse mense selfs soms meer versoek word as van die ander gelowiges!

- Versoeking versoek of verlei ons om te sondig. Dit lok ons uit om uit ons ou natuur te reageer. Dit lok ons uit om ons gevoelsgeoriënteerde mens toe te laat om ons lewe te beheer. Dit is leuens van die bose.

- Versoeking kan selfs 'n drang wees wat by jou opkom om iets te wil doen, om by iets betrokke te raak. Dit kan 'n idee wees wat by jou opkom dat jy homoseksueel is of lesbies is, of depressief is. En elke keer moet jy kies of jy dit wil glo of nie. Moet jy kies om te glo of jy tenvolle God ook hierin wil vertrou

- Deel van oorwinning is om te erken dat hierdie drang of versoeking 'n werklikheid in jou lewe is. Soms is dit selfs nodig om dit voor gelowiges wat naby jou lewe, hardop te erken en te vra dat hulle saam met jou moet bid dat God jou sal beskerm midde hierdie versoekings.

- Ons dink soms verkeerdelik dat daar 'n tyd in ons lewe sal kom waar ons nie meer versoek sal word nie. Maar dit sal nie so gebeur nie. Versoekings sal altyd in een of ander vorm kom. God kan jou wel bedien dat sekere versoekings net nie meer vir jou 'n versoeking is nie.

- Wat God verder belowe is dat Hy altyd alles sal gee wat nodig is om ons te help om daardie versoeking te weerstaan of te oorwin.

- Jesus kom en leer ons dat ons gebede ons kan beskerm en versterk in die lig van hierdie aanvalle.

- Daarom kan ons kies en sê wat daar in Rom 6:12 tot 14 staan. Kan ons kies om te bely: Ek is meer as 'n oorwinnaar in Christus Jesus (Rom 8:31-39)

- Josef is en bly vir ons 'n goeie voorbeeld van iemand wat oorwinnaar was midde versoeking; van hoe die liefde van en vir God jou kan beskerm midde sulke aanvalle.

- Soms val die vyand ons baie direk aan, soos 2 Kor 12:7 vir ons bv teken. En ons moet leer om sy aanvalle teë te staan soos 1 Pet 5:8 en 9, en Jak 4:7 sê.

- Soms hou sy aanvalle aan en aan. As ek dus nie geleer het om hom effektief teë te staan nie, gaan hy mors met my. En dit terwyl ons die mag en outoriteit het om hom effektief te weerstaan.

Jesus leer ons daarom ook bid: Verlos ons van die bose. Bedoelende: Vader, red ons uit midde sy aanvalle.

Daarom wil ek afsluit deur jou bedag te maak op 5 maniere hoe die vyand ons kan aanval:

2 Kor 12:10 noem 5 maniere:

- Deur "swakhede" ("infirmities" noem die Engels dit): Dit is die aanvalle op ons fisies-chemiese liggaam. Natuurlik beteken dit nou nie dat elke siekte direk van die bose af is nie (soms is siekte bloot die gevolg van 'n virus-aanval of die gevolg waar jy jou liggaam verwaarloos het). As jy onseker is oor wie en wat agter 'n spesifieke siekte lê, vra God

- Deur beledigings. Baie keer probeer Satan om ons te laat sleg lyk in die oë van die wêreld. En dan gebruik hy bv skinderveldtogte en agteraf-praatjies. Kies om dus self nie betrokke te raak by sulke dinge oor ander mense nie

- Deur ontberings. Dit wanneer die vyand omstandighede en verhoudinge gebruik om krisis in jou lewe te veroorsaak. Hy doen dit om jou moed te breek, jou angstig of bekommerd te maak, en jou selfs te maak opgee of uitbrand.

- Deur allerlei vervolging. Jy moet die vyand se strategie verstaan. Hy wil jou ten alle koste stil kry. En as jy dit so moet doen, dan doen hy dit so.

- Deur allerlei moeilikhede: Satan val gelowiges aan deur op allerlei wyses die noodsaaklikhede in ons lewe terug te hou. Dink maar hoeveel bedienings het gesneuwel as gevolg van tekort in finansies.

Kies dus om die bose teë te staan. Onthou, hy kom weg omdat ons hom toe laat om met iets weg te kom. Ons het die outoriteit en mag in Jesus deur die werking van die Gees om hom effektief teë te staan.

Moenie opgee nie. Volhard. Bly hom teë staan, al vat dit langer as wat jy gedink het. Moenie moedeloos word nie, en bly God en Sy Woord te vertrou.

En moenie aan God en Sy liefde ooit twyfel nie. God is 'n God wat jou onvoorwaardelik liefhet, en wat gekies het om jou uit jou skoene uit te seën.

Beskou dus elke aanval as 'n geleentheid van groei en karakterbou. Jy is nie 'n slagoffer of magteloos nie. Jy word juis aangeval omdat die vyand sien dat God met jou lewe 'n plan het, en baie bekommerd is.

Doen jy maar net wat God vir jou sê om te doen deur die werking van Sy Gees in jou, en dan sal jy oorwinning beleef.

# HOOFSTUK 22 PERSPEKTIEF

Lees saam met my Kol 2:6 tot 15.

Ons kan party dae dink God luister net na mense soos Paulus, die ander apostels, Dawid, Moses en ouens soos Billy Graham. En dat net hulle werklik geestelike outoriteit het.

Nou die dag hoor ek hierdie oulike storie wat ons help verstaan wat die Bybel in die verband leer: Ek hoor van hierdie gesin, 'n man en vrou met hulle sesjarige seuntjie, wat gaan eet het in die restaurant. Toe kom vra die kelnerin wat hulle bestelling is. Eers luister sy na wat die ouers wil hê, en toe draai sy na die sesjarige seuntjie en vra: En wat wil jy hê? Waarop hy toe halfsku-bang antwoord: 'n Worsbroodjie asb.

Onmiddellik sê sy pa: Nee, bring vir hom 'n bord gewone kos.

Maar die kelnerin is ewe professioneel en laat haar geensins afsit nie, en vra toe vir die seuntjie: Ietsie anders? Waarop hy toe antwoord: Ja, tamatiesous en "chips", asb.

Toe die kelnerin wegstap, sê hy opgewonde vir sy ma en pa: Het julle gesien, ek is ook 'n regte mens!

In God se oë is ons almal regte mense, na wie Hy luister. Net soos wat Hy na 'n Moses of 'n Elia of 'n Paulus geluister het, luister Hy na jou. En veral omdat jy Sy kind is in Jesus. Hy is immers jou Hemelse Vader, en as Hy nie Sy kosbaarste teruggehou het nie, maar Jesus gegee het sodat jy kan lewe, hoekom sal Hy enigiets anders van jou terughou!

Die manier hoe jy na dinge kyk of daaroor dink, bemoedig en bemagtig jou, of dit maak jou mismoedig en hulpeloos voel. As ek luister na die gesprek wat in baie Christelike kringe gevoer word rondom Bybelse bevryding en geestelike oorlogvoering, vind ek dit noodsaaklik om 'n bietjie Bybelse perspektief en balans te bring.

Soms is gelowiges so besig om die bose en sy magte aan te vat en te veg, dat hulle totaal balans verloor en te veel erkenning en mag aan die bose toeken.

Kom ek hou vandag vir jou Ef 6:10 tot 18 en 2 Kor 10:3 tot 5 voor as sleutels tot 'n meer gebalanseerde verstaan.

- Alhoewel ons worstelstryd 'n worstelstryd teen die bose en sy onsigbare magte in die lug is, is ons aanval nie teen hom direk gerig nie. Christus Jesus het hom reeds finaal verpletterend verslaan (Kol 2:13-15). Daarom kan Jesus sê dat "alle mag en gesag in hemel en aarde" nou aan Hom behoort. Die bose het dus na die kruisiging en opstanding van Jesus in werklikheid geen mag self meer nie.

- As die Bybel ons dus waarsku dat hy rondloop soos 'n brullende leeu wat soek na iemand om te verslind, loop hy as leuenaar rond op soek na iemand om te belieg, te besteel of te verwoes deur die leuens wat hy aan hulle bedien. Al mag wat die bose

dus oor ons het, is die mag wat die mens aan hom gee deur sy leuens te glo en te doen wat hy sê.

- Ons opdrag is om elke dag, midde elke aanslag van die bose, ons geloofs-staan- en rusplek te vind in "die krag van God", met ander woorde, in die totale oorwinning wat God reeds in Christus Jesus behaal het. As ons dit doen, dan "veg" God die geveg en dan beleef ons hoe die Naam van Jesus, die Gees van God en Sy krag die vyand se aanslag laat misluk en hy effektief weerstaan word.

- Daarom is ons wapenrusting die wapenrusting van God en dit wat Hy reeds gedoen het. Jou wapenrusting is dus nie JOU geloof, of JOU geregtigheid, ens nie.

- Omgord julle heupe met die waarheid = Beskerm julle posisie van krag as gelowiges deur as waarheid te reken net dit wat God gesê het wat waar is. Joh 4:23 sê immers dat die ware aanbidders van God diegene is wie se gees nuutgemaak is, en wat skoongewas is deur die geloofsekerheid in die reedsgedane werk van Jesus Christus (dit is immers die hart van die "waarheid" waaraan ons vashou). Hulle is dus mense wat nie heeltyd hulle eie sonde en sondigheid bedink nie, maar weet hulle is volkome vergewe, volkome verlos na gees, siel en liggaam, en geseëndes in Jesus.

- Met die borswapen van geregtigheid aan = Beskerm jou hart en al die lewegewende organe in hierdie aanval met die wete dat Jesus reeds alles gedoen het om al jou skuld te betaal. Al jou sondeskuld en straf is betaal en uitgewis. Jy en ek skuld niemand iets nie. Kom ek sê dit weer: Jesus het reeds alles wat nodig is gedoen. Alles. Alles wat nodig was, alles wat nou nodig is en alles wat nog sal nodig wees vir my om as God se geseënde kind nou en tot in ewigheid gelukkig en uitbundig te lewe. Daarom kan ek nou God as my Vader onbevange en met vrymoedigheid liefhê.

- Met skoene "van die bereidheid vir die evangelie van vrede" aan = Ek vind my lewensopgewondenheid in die wonderlike boodskap en wete dat Jesus Christus vir die wêreld volkome vrede met God bewerk het. Daarom hoor ek elke dag hoe Jesus vir my sê: Vrede vir jou.

- My skild is "geloof" = My verdediging en beskerming teen enigiets wat die bose na my kant toe kan gooi is die geloof dat ek in Jesus alles het wat nodig is om lewe in oorvloed te beleef. As ek dit werklik glo, sal ek beleef dat alles wat die bose na my kant toe gooi net leuens is en so "geblus word". Daarom laat ek nie meer toe dat my lewe en my denke oorheers word deur sogenaamde "feite" oor wat ons kan sien met ons gewone oë of hoor met ons gewone ore nie, maar net deur dit wat ek glo God sê wat die waarheid in daardie situasie is.

- Die "helm van verlossing" beskerm ons kop = Beskerm jou denke deur letterlik in sirkels te redeneer met as middelpunt van hierdie sirkel (waarheen jy elke keer terugkeer) jou rus- en staanplek in die verlossing in Jesus. En wat is die "verlossing"? Dit is die wete dat God die Vader in Jesus reeds alles gedoen het om

te verseker dat jy na gees, siel en liggaam totaal genees, totaal verlos en versorg is, en totaal genees, verlos en versorg sal bly in die toekoms.

- Die swaard wat die Gees van God in jou lewe gaan gebruik om jou te verdedig gedurende hierdie aanvalle is die “woord van God” = Dit wat God aan jou self sê en uitwys as Sy Woord en plan in jou lewe van situasie tot situasie. En dit gaan jou effektief beskerm.

Daarom sê 2 Kor 10:3 tot 5 dat ons wapens in hierdie geveg in werklikheid niks anders is as om heeltyd toe te laat dat dit wat God sê -en niks anders nie- ons toets is en bly.

Die hart van die vyand se aanval teen ons om ons heeltyd met halwe waarhede te bedien. En ons enigste effektiewe verweer daarteen is om net te bly staan op wat God sê en wie Hy is.

Die oomblik as ons die bose se leuens gaan begin glo en gaan begin twyfel in die feit of God werklik lief vir ons is, of Hy werklik goed vir ons wil wees, of Hy werklik volkome alles kan voorsien wat ons nodig het, of volkome kan verlos, het ons die geveg verloor.

Hoe sê Ef 6: Soek julle krag in die Here en in Sy sterk mag.

Laat weer toe dat die evangelieboodskap oor hoe lief God jou het, en wat Hy reeds in Christus vir jou gedoen het, weer oor jou hart en jou denke die wag hou en weer opnuut begin oorheers.

## HOOFSTUK 23    MOENIE VREES NIE!

Blaai saam met my daar na 2 Tim 1 toe en dan lees ons sommer van vers 1 tot 18.

Hoor hoe Paulus hier praat. Hoe hy hier sê:

- V1 – Ons het die belofte van LEWE in Jesus Christus.
- V 10 – En dit is onverganklike lewe waarvan ons hier praat. Waarvan min van ons iets verstaan. Dit is mos asof ons eers moet hoor jy het net 'n paar maande oor om hier op aarde in hierdie fisies-chemiese tent van jou te leef, voordat iets van die troos en realiteit hiervan jou soos 'n vuishou voor die kop tref.
- V 5 – Elke dag is geloof 'n keuse om aan hierdie belofte van LEWE, wat ons s'n geword het in Jesus, vas te klou.
- Al beleef ons aanslae en vervolging soos Paulus en Timoteus. Natuurlik moet jy elke keer kies midde hierdie aanslae wat jy gaan glo.
- Om te glo is om te kies wat jy gaan bedink. Om te kies waaraan gaan jy vashou en wat gaan jy vertrou gaan gebeur. Glo is om te kies om God se beloftes te vertrou dat jy verlos is, gered is. (Onthou jy nog "die helm van verlossing" en die skild van "geloof"?) Geloof is om te kies om in sirkels te dink en dan elke keer terug te kom (te dink) na Jesus en wat Hy reeds vir jou deur Sy kruis en opstanding bewerk het.
- V 12 – Dit vul 'n mens met 'n optimisme en laat jou bly hoop. (Ons het ook nou al geleer dat positiewe, hoopvol gedagtes jou brein laat serotonien vervaardig, en dit bring lewe en genot voort in jou fisies-chemiese liggaam).

Blaai ek deur die koerant, kyk ek TV, luister ek na wat om en in my aangaan, hoor ek net vreespraatjies. En jy weet waarvoor staan die anakronisme FEAR:

False Evidence Appearing Real.

Baie van die dinge wat met ons gebeur is aanslae van die bose. Is deel van sy propaganda-veldtog van leuens wat gerig is daarop om jou te maak vrees, wat jou wil angstig en bekommerd maak. Wat jou wil maak op-stres!

Ons is besig om mekaar te leer om die bose se aanvalle effektief teë te staan. Daarom is dit belangrik dat ons ook hierdie vrees-gedagtes sal herken vir wat hulle is.

Wat doen jy in werklikheid as jy op-stres?

- Jy kies om te glo God kan nie nou ... nie. Kan nie hier .... nie. Hy kan nie hier help of red nie. En dit is natuurlik 'n leuen uit die hel. Hoor jy, jy glo 'n leuen wat uit die hel geïnspireer is.

- Jy kies ook om te glo jy is in hierdie saak op jou eie en op jouself aangewese. Jy is hier alleen. Dat God jou verlaat het. Alles natuurlik leuens! Jy glo leuens!
- Jy kies om te glo die vyand het God hier uitoorlê. Wat maar net nog 'n leuen is wat jy glo.
- Ens, ens.

'n Mens moet besef vrees is niks anders as 'n geloofskeuse nie. Hoe sê iemand? Dit is geloof is tru-rat.

Net soos geloof, motiveer dit 'n mens tot aksie. Al daardie adrenalien wat met elke negatiewe vreesgedagte deur jou lyf gepomp word, gee vir jou soms selfs bonatuurlike krag om te veg of te vlug. Maak jou stres, angstig, soek na uitkoms om te oorleef.Hoor jy, oorleef! Dit is waaroor dit dan vir jou gaan: oor hoe om net hier te oorleef. Jy dink niks verder as dit nie. Jy sien niks anders as net dit raak nie. Dit is ook waarom 'n deel van jou brein se vermoëns letterlik afgesit word wanneer jy in jou oorlewings-"mode" is.

En net soos geloof, dra vrees vrug in ons lewe. En dit is vrugte wat ons gesondheid ondermyn as dit te lank aanhou en uiteindelik kan doodmaak.

Hoe hou 'n mens op stres, vrees, angstig en bekommerd word?

- Moenie dit meer ontken nie. Begin dit eerder bely as geloof in leuens.
- Sien raak dat vrees juis uit daardie gekwesde areas van jou lewe kom, uit daardie gevoels-georïenteerde ou natuur van jou. Daardie deel van aangeleerde responses wat jy oorhou uit vorige traumatiese situasies in jou lewe. En begin om God se Gees te vertrou om ook hier heling te bring.
- Besef ook dat oorwinning oor vrees nie gebeur as ons alles in ons en ander se lewens probeer veilig maak nie (deur 'n soort veiligheidsnet te probeer span nie). Oorwinning kom net as ons weer ons geloof-staan- en rusplek vind in God en in Sy krag, in Sy Woord, en wat Hy in Jesus reeds vir ons gedoen het, en in wat dit vir ons beteken.
- Dan ontdek ons ons KRAG is in die Here en in Sy groot krag. En dit is reeds in ons deur die werking van Sy Gees. Dit is dieselfde krag wat Christus Jesus uit die dood opgewek het. Dan ontdek ons dat die Gees wat in ons is, is die Gees van die lewende God, en dat Hy baie sterker is as al die geeste daarbuite. Niks kan stand hou teen Hom nie.
- Maar dan ontdek ons ook LIEFDE. Ontdek ons net weer God se liefde vir ons. En dat dit soos 'n reuse veiligheidsnet is wat ons elke keer vang. Dat dit is soos 'n oorlogsbunker wat enige aanval of storm kan weerstaan. Dit is soos arms wat my altyd vashou en wil beskerm.
- Dan ontdek ons SELFDISSIPLINE. Wat die vrug is van die Gees se werking in ons as Hy selfbeheersing in ons bewerk (Gal 5:22,23). Wat ons help om op te staan en die

eerste tree te gee agter die Gees van God aan. Wat ons leer om te luister as Hy ons wil lei en leer, en laat ons doen wat Hy sê. Wat ons leer om die stemme van ons gevoel en verstand, oë en ore, te ignoreer en eerder te glo wat God, Sy Woord en Sy Gees sê.

Hoe gebeur dit?

- Dit ontwikkel ...
- Jy ontdek dit terwyl jy tyd met God spandeer op jou eie, of in die saamwees met ander gelowiges.
- Hier spreek God in jou gees in. Blaas Hy letterlik jou gees soos ‘n vuur aan. Leer Hy jou om self jou gees aan te blaas soos ‘n vuur.
- Hier gee Hy jou ‘n nuwe bril – en dit is nie ‘n Gucchi-donkerbril nie. Dit is ‘n geloofsbril wat juis lig maak, perspektief bring, daar waar dit donker is.
- Vrees maak mos alles groter lyk. Geloof openbaar dit as ‘n muis met ‘n luidspreker.

God is so getrou. Dit is mos wat 2 Tim 2:13 ook sê. Luister hoe vertaal een vertaling dit: “Even when we are too weak to have faith left, He remains faithful to us and will help us, for He cannot disown us who are part of Himself, and He will always carry out His promises to us.”

Leer ken jy dus maar net Sy beloftes sodat jy iets kan hê om aan vas te klou as die storms kom.

# HOOFSTUK 24 OM MET GOD TE WANDEL IS OM GELOWIG TE SÊ WAT GOD SÊ

Kan jy dink wat kan gebeur as ons as Christene werklik begin glo wat in die Bybel staan? As ons WERKLIK BEGIN GLO dat ons het wat God gesê het ons het! En as ons werklik begin glo dat gaan gebeur wat God gesê het gaan gebeur!

Ons is soms so naïef wat sekere dinge betref. Ons glo feitlik alles wat ons op TV sien en hoor en in die koerante lees. Dit is al ‘n grap in die sakewêreld oor hoe maklik Christensakemanne vir elke vinnige geldmaak-skema val. Hoe sê iemand nou die dag vir my: As dominees en pastore in ‘n besigheid of skema inklim, klim die meeste sakemanne uit!

Terwyl dit so anders behoort te wees, want as ons werklik hoor en glo wat God sê, volg lewe en God se seën ons. En dan sal die wêreld oor hulle voete val om net in ons skaduwee te bly.

Die wêreld om ons sal begin verander as ons entoesiasties God begin glo ...

Rom 10:8-13 sê: “ ... die Skrif sê: ‘Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart.’ En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Die Skrif sê tog: ‘Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.’

‘Niemand nie!’ Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.”

Hoor jy ...

- Geloof is om met jou hart te glo wat God sê ...
- En dan dit met jou mond te begin bely.

Geloof is om te hoor wat God sê ... en om dit te glo ... soveel so dat jy met jou mond dit begin nasê. Hardop dit begin sê sodat almal kan hoor maar dit is wat jy werklik glo.

Om ... as jy werklik glo ... hardop die kernevangelie te begin bely voor mense:

- Ek glo God het my onvoorwaardelik lief ... tenspyte van my verlede ... tenspyte van wie ek was en is en wat ek doen
- Ek glo Jesus het werklik my volle straf gedra
- Ek glo Hy het alles gedoen wat nodig is sodat ek voor die almagtige, allerheilige God kan staan op hierdie oomblik met vrymoedigheid en sonder vrees

- Ek glo ek is ‘n kind van die lewende God en is daarom deel van Sy gelowige familie hier op aarde
- Ek glo Hy woon in my deur Sy Gees om met my elke oomblik te praat om my te lei
- Ek glo dat Hy my toegerus het met die bonatuurlike krag en gawes van Sy Gees en daarom kan daar wonderwerke gebeur as ek bid of mense hande oplê as Hy so sê

So kan ons die een ding na die ander ding, die een belofte na die ander belofte, wat God oor ons sê wat in Jesus glo, begin nasê in geloof. Sodat die mense om ons kan hoor wat ons werklik glo. Maar ook sodat ons, en ons brein, en ons liggaam, kan hoor wat ons werklik glo.

Hierdie geloofbelydenis met ons mond moet saam stem met wat God ...

- In Christus Jesus vir ons reeds gedoen het
- In die Woord reeds aan ons beloof het
- Deur die werking van die Gees in ons bewerk

Kom ons gaan net weer terug na ons gelese gedeelte vir ‘n oomblik as voorbeeld. Rom 10:8 tot 13 sê byvoorbeeld:

- Jy is volkome verlos omdat jy glo Jesus is die Here
- Jy is volkome verlos omdat jy glo dat Jesus uit die dood opgestaan het
- Omdat jy dit glo is jy volkome geregverdig, vrygespreek en as God se kind aangeneem
- Geloof is om dit te glo en na te sê met jou mond
- Jy gaan hierdie verlossing begin beleef in jou lewe as ‘n realiteit as jy met jou mond dit begin uitsê en nasê
- Jy kan nooit terleurgestel word as jy glo wat God sê nie
- Almal wat waag om God aan te roep (by Hom om hulp te vra), beleef hoe God hulle uit hulle skoene uit seën

Besef jy wat kan gebeur as ons begin sê: God het dit gesê. Daarom staan dit vas. Daarom kan ek dit met vrymoedigheid glo. En met vrymoedigheid nasê en bely met my mond. Dat die hele wêreld dit kan hoor.

Ek weet nie waar God presies met jou in jou verhouding met Hom is nie, en wat Hy tans vir jou leer nie. Maar ek weet net dat jy net weer hierdie eenvoudige waarheid moes hoor en weer opnuut moet kies om dit elke dag te begin doen. Dat jy moet kies om dit wat God sê te glo en dan na te sê met jou eie mond dat jy en ander kan hoor wat jy werklik glo.

Ek het nodig om te hoor wat jy glo, en jy het nodig om te hoor wat ek glo. En as ons dit werklik glo en begin sê, begin hier in ons, en rondom ons, die dinge gebeur wat ons glo wat God gesê het gaan gebeur.

As ons dit vir mekaar begin sê, maak ons werklik daar in die byeenwees van gelowiges werklike sinvolle bydraes (1 Kor 14:26). Ons sê immers wat God vir ons gesê het. En omdat ons weet Sy woord staan vas, weet ons dit is betroubaar en die moeite werd om oor te vertel aan mekaar. Dan weet ons ons bedien lewe aan mekaar, en troos en versterking.

Kom ons draai weer 'n keer na mekaar as gelowiges en sê vir mekaar wat ons glo God sê vir ons in Sy Woord. Dinge soos:

- Omdat jy in Jesus glo, is jy splinternuut. God het jou in Jesus splinternuut gemaak (2 Kor 5:17). Jy is nie net 'n sondaar wat vergewe is nie. Jy is 'n nuwe skepping, met die lewe van God, die Gees van God en die krag van God in jou.

- Dan kan ons vir mekaar sê op grond van Ef 1:7 en 8 sê: Jy is totaal verlos in Jesus Christus. Die bose se totale houvas in jou lewe is gebreek. Sy heerskappy het opgehou in jou lewe die oomblik toe jy 'n nuwe Here, Jesus Christus, aangeneem het in geloof. Niks hoe langer in jou lewe te heers nie. Niks nie.

- Dan kan ons mekaar in hierdie tyd bedien met die belofte "Moenie vrees nie. God is by jou. Hy is immers jou God nou. Hy sal jou versterk. Hy sal jou help."

- Dan kan jy 'n eenvoudige psalm soos Psalm 23 vat en vers vir vers vasgryp in geloof vir jou eie lewe en vir elke ander gelowige. En na my toe stap en vir my kom bedien met die lewe in die beloftes van daardie psalm deur dit vir my te kom sê.

Ons kan nie meer stil bly nie. Nie een van ons mag meer stil bly nie. Ons nasê van wat ons glo God sê is deel van ons geloof. Is deel van ons liefdesdiens aan mekaar. Maak ons medewerkers van God wat lewe bedien aan die mense om ons. Maak ons God se soldate wat die vyand beveg met die swaard van die Gees.

## HOOFSTUK 25    BEGIN BELY WAT JY WERKLIK GLO

‘n Belangrike deel van die byeenwees van gelowiges is geleentheid om mekaar te bedien met die bydrae wat God jou opdrag gegee het om daar te maak ...

1 Kor 14:26 spel dit prakties uit: “Hoe moet dit dan wees, broers? Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik 'n bydrae om te lewer: 'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan. Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop”.

Die kern van hierdie bydrae wat jy dus daar gaan maak is dat jy daar vir mense moet bedien met ‘n woord wat jy glo God vir jou gegee het in die een of ander vorm. En die manier hoe jy dit moet bedien is deur jou mond oop te maak en dit hardop vir ander te sê. ‘n Mens kan ook dit beskryf as ‘n openbare belydenis oor wat jy glo God nou vir jou en vir ander te sê het oor wat nou op Sy hart is.

Waar en hoe kry jy dit? Die bedoeling is dat jy dit vooraf by God self kry. Sy dit tydens die tyd wat jy saam met Hom deur die week of dae vooraf spandeer en luister na wat Hy vir jou sê, of selfs, skielik, in die verloop van jou alledaagse lewe, waar jy net beleef dat God iets baie spesifiek vir jou sê. Maar dan nie net vir jou nie. Waar jy bewus daarvan is dat van die dinge wat Hy vir jou sê, ook vir die ander gelowiges bedoel is saam met wie jy byeenkom as deel van jou geloofsfamilie (ekklesia of gemeente).

Maar dan moet jy verder kies om op te staan in die byeen-kom van gelowiges en daar in die openbaar dit met jou mond bely wat jy glo God nou vir ons sê as jy ‘n geleentheid kry.

Net so tussen hakies, terwille van balans en volledigheid: Dit kan wees dat jy dalk verkeerd gehoor het. Die feit dat jy beleef God het iets gesê beteken nie noodwendig dat Hy dit gesê het nie. Daarom is deel van hierdie proses juis dat jy dit deel met jou mond met ander gelowiges sodat hulle saam met jou daardie woord kan moet toets of hulle ook beleef dat dit werklik van God kom (1 Tess 5). Jy weet immers hoe maklik kan dit gebeur dat ‘n mens verkeerd kan hoor of dalk hier en daar jou eie interpretasie kan gee aan wat jy gehoor het God sê. Daarom is dit so belangrik dat ons gedurig mekaar sal toets aan die hand van wat God in die Bybel vir ons sê deur die werking van Sy Gees.

‘Skuus, as ek dinge so eenvoudig en prakties uitspel terwyl jy dit miskien reeds geweet het. Maar my belewing tans is dat gelowiges rondom my – wat al selfs jare in vernuwing is – dit nie doen nie. Miskien weet hulle dit, maar hulle doen dit nie. Hulle bly stil en sit asof hulle niks het om met ander gelowiges om hulle te deel nie – selfs as daar geleentheid gegee word om te deel.

Ek glo werklik dat God louheid, stilswye, lewelose godsdienstigheid, argeloosheid, niks-omgee en onwilligheid om te commit wil breek. En dit gaan gebeur as gelowiges ‘n keuse maak om op te staan om mekaar te bedien met wat ons glo God nou vir ons sê deur die werking van Sy Gees.

Verlede week het God vir ons gesê dat die sirkel van Sy Woord in ons lewens loop van ‘n “glo met jou hart” na ‘n “sê met jou mond”. Dit is mos wat Rom 10:9 vir ons gesê het: “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word”.

‘n Groot deel van praktiese Christen-wees, volgeling wees van Jesus in jou lewe, is om oor dit wat jy glo te begin praat. Om dit te begin nasê en te bely met jou mond teenoor en voor ander.

Daarom wil ek jou vandag aanspoor om net weer te gaan sit en seker te maak van wat jy werklik glo. Gaan maak weer seker van daardie dinge wat God letterlik in jou gees soos lewende saad kom plant het, en wat lewe in jou bewerk het. Dit is daardie dinge wat jy begin oordink het met jou verstand en wat jy begin aanvaar het as die waarheid vir jou lewe. Dit is daardie dinge wat jy gekies het om te glo vir die praktyk van elke dag in jou lewe. Dit het nou tyd geword om te kies om daardie dinge met jou mond teenoor ander te begin bely.

En dan spesifiek ten minste dinge soos ...

- Dit wat ek glo God sê ek is ...
- Dit wat ek glo God sê ek het ...
- Dit wat ek glo God sê ek kan doen ...

Kom ek gee vir jou ‘n paar voorbeelde hiervan:

- Die Here is my Herder. Daarom kan ek bely ek kom niks kort nie. Alles wat ek nou nodig het, het ek (Ps 23)
- Hy is my Vader en ek is Sy kind (Joh 1:12). Hy begeer net die beste vir my. Daarom het ek gekies om net Sy wil en Sy koningskap te bely en te soek met my hele lewe (Mat 6:33)). In die proses, glo ek, sal daar in alles wat ek (en my mense) mag nodig hê, voorsien word (Mat 6:25-33)
- Jesus Christus het die volle straf vir my sonde reeds volkome gedra. Hy het alles reeds gedoen wat nodig is sodat ek met vrymoedigheid enige tyd voor God kan verskyn sonder vrees (2 Kor 5:21)
- Jesus Christus het ons volkome vrygemaak van alles wat ons in die verlede gebind het. Daarom is ons werklik vry en kies ons om nooit weer toe te laat dat iets ons bind nie (Joh 8:36)
- As God vir ons is, dan is daar niks ... geen vyand waarvoor ons hoef bang te wees nie (Rom 8:31)
- God woon in my deur Sy Gees. Hy is altyd by my. Ek is nooit alleen nie. Hy wil my lei in elke besluit wat ek moet neem, of elke aksie wat ek moet neem (Heb 13:5,6)

- Deur Sy wonde het daar vir my totale genesing gekom, na gees, siel en liggaam (Jes 53:5)
- God kan mense om my deur my lewe bedien met bonatuurlike krag omdat Hy my toegerus het met die krag en gawes van die Heilige Gees (Hand 1:8)
- Solank ek 100% God gehoorsaam en doen wat Hy sê, verloor ek nooit weer enige geveg nie, omdat God dan self vir my veg (Eks 14:14)
- Omdat die Gees van God in my woon, is onbeperkte krag tot my beskikking as ek in gehoorsaam op Sy bevele handel. Dan is die Here my bron van krag (Ef 6:10)
- Ek is God se medewerker. Daarom wil Hy my getuienis teenoor mense gebruik en selfs vul met bonatuurlike impak, dat dit die gewenste impak in ander se lewens sal hê (Hand 1:8, 2 Kor 5:18-6:2)
- Ek hoef my oor niks meer te bekommer nie, want ek kan elke bekommernis of nood aan God bekend maak, en dan Sy vrede wat alle verstand te bowe gaan belewe (Fil 4:6,7)

Soos wat ek en jy nou prakties van dag tot dag, van uitdaging tot uitdaging, die Here en Sy Woord begin vertrou, begin soek na God se wil en Sy planne vir bepaalde situasies, gaan ons begin beleef dat Sy Gees hier binne in ons ons begin lei (Joh 10:3,4, 26,27; Rom 8:12-14). Ons gaan begin beleef dat Hy vir ons bepaalde dinge begin sê, en dat Hy vir ons bepaalde beloftes of Woord uit die Bybel begin gee. Hy gaan selfs ander gelowiges na ons begin stuur met bepaalde Woord om ons mee te bedien oor daardie vrae en uitdagings voor ons, sonder dat hulle eers iets vooraf geweet het waarmee ons tans worstel.

Hierbinne in ons gaan ons ‘n vrede daaroor hê dat dit God se plan of God se belofte vir hierdie spesifieke situasie is. Maar partykeer gaan ons nog wonder daaroor. En in beide gevalle is dit belangrik om met ander gelowiges daaroor te gesels – om dit daar in die byeenwees van gelowiges saam met mekaar uit te maak of dit is wat God spesifiek wil sê in daardie situasie.

Maar, soos ek gesê het, soms sal daar van daardie Woord wees wat jy net weet, wat jy glo, wat God se Woord in daardie situasie is. Dit is daardie Woord (kom ons noem dit Rhema-woord vir daardie spesifieke situasie) wat ek en jy met mekaar en met ander gelowiges in ons byeenwees van gelowiges moet begin deel met ons mond. Om ten minste twee redes:

- Omdat God so sê: Dit wat ons met ons hart glo, moet ons ook met ons mond begin bely om die volledige verlossing en impak van daardie woord in ons en ander se lewens te begin sien
- En omdat God so ander gelowiges ook wil bedien, vertroos en versterk deur jou getuienis

Dit gaan ons byeenwees van gelowiges dinamiese byeenkomste maak. Dan gaan mense beleef, God is hier. Hy praat met my. Maar jy gaan self ook beleef dat God jou kan gebruik in

ander se lewens. En jy gaan beleef, soos wat jy daardie Woord wat God jou gegee het, met ander deel, hoe daar iets gebeur as jy jou mond oopmaak om dit met ander te deel. Dit gaan partykeer voel, terwyl jy besig is om dit oor te vertel, hoe daardie Woord die vlam van geloof hier in jou aanblaas en hoe jy net weer van vooraf opgewonde word oor daardie Woord.

Klink dit nie vir jou opwindend nie! Kom ons begin dit te doen. Kom ons waag om dit te doen.

## HOOFSTUK 26    GRYP IN ANDER SE LEWENS IN

Kan een mens werklik ‘n verskil maak aan die wêreld om hom?

Ons lewe in ‘n stukkende wêreld vol stukkende mense waar verskriklike goed met mense gebeur, en waar mense verskriklike goed aan ander mense doen. Waar dit dus beslis nie moeilik is om depressief te raak of genoeg stof te hê om heeldag oor te kla nie.

Die lewende God wat ons dien, daag ons as volgelinge van Jesus uit om lig te wees midde al hierdie duisternis. Om, soos Paulus daar in **Rom 12:21** sê: "… *jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie."*

Ek het hierdie afgelope week ‘n fliek, "**Pay it forward**", gesien wat hierdie beginsel goed raakvat. Die fliek begin waar ‘n koerantjoernalis se motor totaal verwoes word deur ‘n gyselaar wat vir die polisie wegjaag. Terwyl hy verwese langs die wrak van sy motor staan, stap ‘n deftige man na hom toe en gee vir hom, as ‘n geskenk, sy splinternuwe Jaguar! As die joernalis dan verward vra maar waarom, antwoord hy, omdat iemand anders goed vir hom was en dat dit sy manier is om as’t ware "vooruit dankie te sê".

Hierdie joernalis besef dan hy het hier ‘n storie, en begin soos ‘n bloedhond die storie agter hierdie storie ontrafel. Net om te ontdek dat hierdie onverdiende, goeie daad aan hom, die direkte gevolg was van waar ‘n jong Neger hierdie sakeman se dogter se lewe gered het tydens ‘n asma-aanval in die hospitaal. Hy het letterlik die hospitaalpersoneel die aand gedwing om haar eerste  te behandel toe hulle eerste sy wond wou behandel.

Krap hy verder, ontdek hy dat hierdie Neger so opgetree het omdat ‘n ou, boemelaar-vrou een aand in ‘n motor hom ongevraagd opgelaai het terwyl hy weggehardloop het vir die polisie tydens ‘n rooftog.

Uiteindelik kom hierdie joernalis toe af op die bron van hierdie golfbeweging goeie dade, naamlik ‘n seuntjie. Dit het begin die dag toe sy onderwyser hulle Graad sewetjies uitgedaag het om deur ‘n praktiese projek die wêreld om hulle ingrypend te verander. Sy projek was om 3 mense in sy lewe te kies vir wie hy iets goeds gaan doen. En dan hierdie drie mense uit te daag om, op hulle beurt, iets goeds te doen aan drie ander, en so ‘n hele netwerk-golfbeweging aan die gang te sit.

Darom besluit hierdie seuntjie om, onder andere, sy ma, wat ‘n rehabiliterende alkoholis was, weer ‘n kans te gee en te ondersteun om volkome te rehabiliteer. Sy, weer op haar beurt, besluit om haar ma volkome te vergewe vir die pyn en lyding wat sy beleef het as haar kind en so weer ‘n kans te gee om haar kleinkind te kom besoek as sy nie dronk is nie. Haar ma blyk toe die boemelaar-vroutjie in die motor te wees.

Hoor jy heeltyd wat ek hoor in hierdie verhaal? Hoe  mense, deur die genade en goedheid wat hulle van ‘n ander onverdiend ontvang het, gedring voel om iets van hulleself en van wat hulle het, aan iemand anders te gee of te doen wat daardie persoon se lewe verander.

Dit is God se uitdaging aan Sy mense. Dit is inderwaarheid die hart van alle Christelike bediening en Christelike liefdesdiens. Luister 'n bietjie na Bybelverse in die verband:

**Matteus 5:16** Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

**Handelinge 10:38** Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom.

**Kolossense 1:10** sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God.

En:

**2 Korintiërs 9:8** En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.

**2 Timoteus 3:17** sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

**Titus 2:7** In alles moet jy self vir hulle 'n voorbeeld stel van goeie werk, suiwerheid in die leer, waardigheid in gedrag,

**Titus 3:8** Dit is 'n betroubare woord. Daarom wil ek hê dat jy van hierdie dinge met groot nadruk moet getuig, sodat dié wat tot geloof in God gekom het, hulle op goeie werk kan toelê, werk wat goed en nuttig is vir die mense.

Om Christen te wees, wedergebore te wees, beteken om LEWE in jou lyf en lewe te hê. LEWE waarvan mense bewus sal word as 'n soort LIG wat in ons skyn. Of wat hulle sal bedien deur LIEFDESDADE, of "goeie werke" waarvan hier sprake is. Alles as vrug van die werking van God se Gees, Jesus se Gees, wat nou in ons woon.

Miskien sien hulle dit in 'n glimlag, 'n liefdesdiens, 'n guns, 'n geskenkie, hulp wanneer niemand anders wil nie, of daar waar ons 'n ekstra myl onverwags saam met hulle stap.

Verder sê Jesus, sal die Here wat in ons woon, daardeur verheerlik word. Met ander woorde, uiteindelik sal mense dit moet toeskryf aan die feit dat jy 'n Christen is wat die Here dien, en nie net omdat jy maar net "so 'n goeie mens is nie". Mense gaan dus Jesus en Sy liefde in jou daad ervaar.

Verstaan jy, omdat God vir ons goed en genadig was, wil ons goed en genadig wees vir ander. Omdat Hy elke dag goed is vir ons, voel ons gedring om, onder die leiding van Sy Gees, uit te reik in liefde na ander. Miskien deur iets konkreets te doen, of te help.

2 Kor 9 beskryf dit dat dit is asof ons "saad saai" in daardie mense se lewens wat "lewe" in die een of ander vorm tot gevolg het. Waar ek en jy, omdat God ons lewens verander het en

ons elke dag seën met alles wat ons nodig het, bereid is om van daardie “saad” wat God in ons lewens gesaai het, te neem en weer in ander se lewens te saai, ontstaan daar vloei. Gebeur wat gebeur as jy petrol suig deur ‘n pypie en net die pypie afdraand hou sodat daar vloei kan wees. Die petrol wat so begin vloei, trek weer letterlik die ander petrol “agterna’ en so begin meer en meer petrol te vloei.

In **2 Kor 9 vanaf vers 6 tot 14** word hierdie “vloei-beweging” beskryf. Van hoe God vir ons gee sodat ons weer vir ander kan gee. Waar Hy selfs meer en meer vir ons gee sodat ons meer en meer vir ander kan gee, en hulle, weer op hulle beurt, uit dankbaarheid aan God - wat hulle so “seën” en in hulle lewens “saai” - Hom as God “seën” met hulle dankbaarheid en liefde, en ook ander seën met die “saad” wat hulle in ander se lewens saai.

Waar ons met die regte gesindheid, in geloof en in gehoorsaamheid, doen wat die Gees sê ons moet doen, gee wat ons moet gee, raak mense - half bonatuurlik - bewus van God se goedheid en Sy liefde. Word hierdie daad aan hulle ‘n vergrootglas waardeur hulle God en Sy hand in hulle lewe leer raaksien.

Die Here het die afgelope tyd my uitgedaag tot “goeie werke. Tot dit wat ons in die Gereformeerde teologie as “werke uit dankbaarheid” beskryf het. Kom ons noem dit sommer “bediening”, want dit is wat dit is: Dit is God wat deur Sy Gees Sy lewe, Sy liefde, Sy genade … aan mense om ons wil bedien.

Ek praat dus nie sommer net van enige “goeie ding” wat ons aan mense doen hier nie. Ek praat spesifiek van daardie dinge wat God ons opdrag gee, deur Sy Gees, om te gaan doen. Dit wat Jesus daar in **Joh 15** beskryf as die “vrug” wat die loot moet dra omdat hy vanuit die ware Wynstok bedien word met lewe. Dit gaan oor daardie persoon wat ek nóú moet bel omdat die Gees my so lei; of daardie sieke vir wie ek nóú moet gaan bid; of daardie dienskneg van God wat ek nóú moet seën met ‘n duisend rand of twee, of dalk met ‘n motor.

Wat ‘n uitdaging om so, deur ‘n diens van “goeie dade”, kanale te word van God se genade en liefde wat werklik die wêreld om ons kan verander!

Kom ons wees sensitief vir hoe die Gees van God ons spesifiek wil gebruik hierdie week.

# HOOFSTUK 27 TRANSFORMASIE VAN DIE WÊRELD OM ONS

Daar is baie maniere om oor Christen-wees te dink. Ons kan daaroor vanuit ons gewone netjiese status quo-raamwerke dink, of nuut probeer dink.

Meeste mense dink oor Christen-wees as hoe God in jou lewe ingestap het en dit radikaal verander het. Maar ook hoe Hy elke dag besig is met jou, besig is om jou te leer wat Sy droom en planne vir jou lewe is, en jou in lyn daarmee kry deur Sy Gees, Sy Woord, jou stiltye saam met Hom, die gebeure van elke dag in jou lewe, die gelowige Ekklesia om jou en die byeenkomste van die Ekklesia.

En dit is alles reg. Christen-wees is om God te ontdek en te leer liefkry, en in die proses te ontdek wie jy werklik in Sy oë is, en om jouself te leer liefkry en voluit te begin lewe in die lig daarvan.

Maar dit kan nooit wees waar Christen-wees eindig nie. Dit kan nooit wees waarrondom ons saam-wees as Ekklesia alleen draai nie, want daar is meer.

Joh 3:16, die hart van die Evangelie, die hart van die Goeie Nuus wat ons lewens verander het, lui immers: So lief het God die wêreld gehad …

Ja, en ek en jy is deel van daardie wêreld wat God so liefgehad het dat Hy Sy Seun gegee het, maar die wêreld is groter as net ek en jy. Daar is duisende, miljoene, biljoene ander vir wie God ook so liefgehad het …

Daarom moet daar 'n punt kom dat ons in ons Christenwees hulle begin ontdek … hulle begin inberekening bring as ons  oor Christen-wees en ons roeping, en oor die Ekklesia en ons roeping praat.

Daardie hele wêreld was vir ons God so belangrik dat Hy Sy Seun gegee het sodat almal van hulle kan lewe …

Luk 5:30-32: Die Fariseërs, en veral die skrifgeleerdes onder hulle, het by sy dissipels gekla en gesê: "Waarom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars?" Toe antwoord Jesus hulle: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars."

En daarom sê Jesus vir Petrus daar in Luk 5:10 dat hy – soos Jesus – ook van nou af "mense" gaan vang (bedoelende die mense van die wêreld om jou).

2 Kor 5:21 sê: Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.

Dit word dan ons roeping: Om dit aan die res van die wêreld ook te gaan vertel deur woord en daad en lewe nadat ons dit ontdek het, nadat dit ons lewens verander het.

Immers het Jesus nie so gesê nie! Joh 20:21: "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Daarvoor rus Hy ons toe met die Heilige Gees in ons, en die krag, die gawes van die Gees op ons. Dit is mos wat Luk 24:46 tot 49 en Hand 1 :8 sê. Luister daarna:

Luk 24:46 tot 49: Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: `Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' Julle is getuies van hierdie dinge. En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is."

Hand 1:8: Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Sien, liewe vriende, dit bring Bybelse balans aan ons Christen-wees. Dit red ons van 'n vasgekluister wees in ons self, ons eie redding, of net ons "eie kerk" of gemeente.

Dit voltooi ons sirkels:

- God, my liefde vir Hom en Sy droom of Woord vir my lewe
- Ek, my liefde vir wie ek is in Sy oë
- Die wêreld en sy nood – waarvoor Jesus Sy lewe gegee het sodat daar lewe in oorvloed vir al hierdie nood kan wees

Daarom dat Jesus gesê het dat ons God moet liefhê, en ons naaste (die wêreld) soos onsself …

Daarom moet Christen-wees uitmond, uitloop op een of ander vorm van transformasie, verandering, inpak op die mense en die gemeenskap en die dorp en die wêreld om my en jou.

As die Bybel sê daar in Rom 8:14 en 16 dat God se kinders deur die Gees gelei word, dat beteken dit prakties dat die Gees van God ons gaan leer hoe om in ons lewe voor die wêreld so te lewe dat dit saad kan wees wat Hy (die Gees) kan gebruik om mense en omgewings te verander. Dan beteken dit dat Sy Gees ons gaan lei hoe om God se medewerkers in die wêreld te wees om 'n wêreld bewus te maak dat Jesus gekom het om God die wêreld in hulle nood liefgehad het. En omdat God Jesus gestuur het om ook daardie nood, die volle omvang van daardie nood, te bedien sodat hulle ook lewe in sy oorvloed kan ken.

Kan jy dink watter geweldige implikasies dit het!

Ek wil afsluit met 'n woord van een van die kerkvaders, Diognitus, uit die jare 200-300 nC. Hy het probeer om aan die wêreld te verduidelik wie die Christene nou eintlik is. Luister 'n bietjie hoe doen hy dit:

"Christians are distinguished from other men neither by country, nor language", living in such places "as the lot of each of them has determined, and following the customs of the natives in respect to clothing, food, and the rest of their ordinary conduct, they display to us their wonderful and confessedly striking method of life.

They dwell in their own countries, but simply as sojourners. As citizens, they share in all things with others, and yet endure all things as if foreigners. Every foreign land is to them as their native country, and every land of their birth as a land of strangers. ... They pass their days on earth, but they are citizens of heaven. They obey the prescribed laws, and at the same time surpass the laws by their lives.. .. they are reviled and bless".

Then, speaking of God, he says, He, "who is almighty, the Creator of all things, ... has sent from heaven, and placed among men, Him who is the truth, and the holy and incomprehensible Word, and has firmly established Him in their hearts. He did not, as one might have imagined, send to men any .. . angel, or ruler, ... but the very Creator and Fashioner of all things-by whom He made the heavens-by whom He enclosed the sea within its proper bounds " - whom the stars obey. "This messenger He sent to them. . . As a king sends his son, who is also a king, so sent He Him; as God He sent Him; as to men He sent Him; as a Saviour He sent Him."

Not as judging us He sent Him, though "He will yet send Him to judge us, and who shall endure His appearing?" As to the delay in sending the Saviour, God has always been the same, but waited in His long-suffering. He had "formed in His mind a great and unspeakable conception, which He communicated to His Son alone."

As long as He concealed His own wise counsel He appeared to neglect us, but this was to make it manifest that of ourselves we cannot enter into the kingdom of God. But when the appointed time had come, "He Himself took on Him the burden of our iniquities, He gave His own Son as a ransom for us, the Holy One for transgressors, the blameless One for the wicked, the righteous One for the unrighteous, the incorruptible One for the corruptible, the immortal One for them that are mortal.

For what other thing was capable of covering our sins than His righteousness? By what other one was it possible that we, the wicked and ungodly, could be justified, than by the only Son of God? O sweet exchange! O unsearchable operation! O benefits surpassing all expectation! that the wickedness of many should be hid in a single righteous One, and that the righteousness of One should justify many transgressors!"

(Aangehaal uit The Pilgrim Church deur EH Broadbent).

## HOOFSTUK 28    GRYP GOD SE DROOM VIR JOU NOU VAS

Jes 61:1 tot 7

"The Spirit of the Lord GOD is upon Me, because the LORD hath anointed Me to preach good tidings unto the meek. He hath sent me to bind up the brokenhearted, to proclaim liberty to the captives, and the opening of the prison to them that are bound, To proclaim the acceptable year of the LORD, and the day of vengeance of our God; to comfort all that mourn, To appoint unto them that mourn in Zion, to give unto them beauty for ashes, the oil of joy for mourning, the garment of praise for the spirit of heaviness, that they might be called trees of righteousness, the planting of the LORD, that He might be glorified." And they shall build the wastes of old, they shall raise up the former desolations, and they shall repair the waste cities, the desolations of many generations. And strangers shall stand and feed your flocks, and the sons of the alien shall be your plowmen and your vinedressers. But ye shall be named the Priests of the LORD; men shall call you the Ministers of our God. Ye shall eat the riches of the Gentiles, and in their glory shall ye boast yourselves. For your shame ye shall have double, and for confusion they shall rejoice in their portion. Therefore in their land they shall possess the double; everlasting joy shall be unto them."

Om midde sulke tragiese gebeure soos ons pas beleef het in Amerika, en midde die persoonlike krisisse in jou eie en ander se lewens om jou, in staat te wees om LEWE te bedien aan mense, het ons nodig dat God ons bonatuurlik moet toerus deur Sy Gees. Ons kan nie mense bedien as Christene as ons nie deur Jesus, as die Salwer met die Gees, toegerus word met die bonatuurlike gawes van Sy Gees nie!

Soveel gelowiges bid wêreldwyd die Jabes-gebed. Dat die hemele sal oopgaan op ons en die mense om ons. Dat mense die seën van God sal beleef in hulle lewens. Hy wil immers. Jesus het gekom sodat ons LEWE kan hê.

Dit was nog altyd God se hart, maar van alle kante kom die profetiese stemme en sê: Veral nou. Dit is nou die tyd. In hierdie maande wat voorlê gaan julle dit in die besonder beleef. Proklameer 'n jaar van ongeëwenaarde guns, genade en seën van God. Vir elke denkbare area in die kinders van God se lewens. Proklameer dit in die woorde van Jes 61:1 tot 7. God wil herstel wat die vyand van ons gesteel het. Dit is God se tyd van genade. Genade op genade op genade. Seën op seën op seën.

Maar dit ontdek ons net, verstaan en glo ons net, as ons waag om tyd te spandeer aan die voete van Jesus, ons Hoof en Here. Daar ontdek ons wat werklik in God se hart vir ons en almal om ons is. Dat Hy 'n God is wat wil seën en wil goed wees vir mense.

Daar wil Hy jou opnuut toerus om Sy instrument te wees. Daar gaan jy in hierdie tyd ontdek wat Sy drome vir jou lewe is. En soos wat jy gaan in-zoom, gaan konnekteer met die hart van God daar waar jy intiem tyd met Hom gaan spandeer, gaan hierdie drome ook jou drome word.

Moenie hierdie woord ligtelik opneem nie. Kies om dit te glo en begin om dit aktief na te jaag. Gee oor aan Sy Gees en laat toe dat Hy jou manier van dink verander en in lyn bring met God se droom en bediening nou vir jou.

Hierdie tyd waarin ons nou, is die jaar van God se guns, seën, genadige ingrype. Maar dit is ook die jaar waarin ons God se woede en skerpheid teenoor die vyand gaan sien. Hoe sê die Engels: *"This is the year of the Lord's vengeance ..."* Dit is die jaar waarin God elke juk wil breek wat op gelowiges, gelowige gemeentes, gemeenskappe en sekere areas in die wêreld so swaar druk. Dit is die jaar van deurbrake. Dit is die jaar wat God ongeregtigheid aan die lig wil bring. Ongeag van wat in die verlede gebeur het, is dit nou die jaar van jubilee. Dit is die jaar wat God jou verslawing en krisis wil verander in 'n bediening waarin Hy jou in ander se lewens wil gebruik. Dit is die jaar waarin God Sy beloftes aan jou – ongeag van hoe lank gelede dit aan jou gemaak is nie – wil lewendig en waar maak.

In hierdie dae wil God jou gebruik om mense te bedien. Daarvoor het Hy jou die afgelope tyd toegerus en basiese opleiding laat deurgaan. Daarvoor het Hy jou toegerus met ....

- 'n hele stapel "genade-kranse" of geskenke vir mense wat tans op die ashoop sit in hulle lewens
- Maar ook met olie/parfuum vir hulle wat sit en rou in hulle lewens.
- En 'n kleed van uitbundige lof en dankbaarheid (maak dit sommer 'n rooi rok vir die dames) vir hulle wat tans versink sit in die put van depressie.

Daarom gaan hulle jou bedienaar noem. Priester van die lewende God. En gaan jy eet van die oorvloed van die nasies. Dubbele porsies.

Verstaan mooi. Dit gaan geleidelik gebeur. Nie eensklaps nie. Dit gaan gebeur soos Eseg 47 dit teken. Eers gaan jy net waag om tot by jou enkels in te stap in God se droom. Dan tot by jou knieë, dan tot by jou heupe en dan gaan jy oorgee en swem. Onverskrokke vloei saam met die Gees van God in die drome van God vir jou lewe. Dit gaan groei in en op jou, soos jy leer om jouself te gee.

God gaan jou gebruik om mense en gemeenskappe te restoureer en heel te maak. Daar waar jy werk. Daar waar jy bly. En wyer. God gaan jou so seën dat jy genoeg van alles het, maar ook sodat daar 'n oorloop kan wees, sodat jy weer vir ander kan gee.

Bediening gaan oor gewone mense wat leer om die buitengewone God van ons te vertrou om hulle te gebruik om die buitengewone krisisse van mense te bedien met buitengewone oplossings en met bonatuurlike krag en gawes van die Gees. Dit is mense wat geleer het om instrument te word van God se seën, genade, liefde en verlossing.

Dink 'n bietjie hieroor. Dan besef jy, dit is eintlik wat herlewing is. En dit gaan tussen gelowiges begin. Daar in huisgroepe en in gemeentes van alle soorte.

Maar dit gaan ook oorlog beteken. God se woede teenoor die vyand moet ook in hierdie seisoen gesien word. Daarom gaan God ons instuur in die vyand se gebied, want die Goliatte

moet gekonfronteer word. Waar ons dit in gehoorsaamheid aan die bevele van ons Here doen, gaan ons beleef God veg die geveg!

Nou gaan dit nie meer oor oorlewing nie. Dit gaan eerder oor vasstaan totdat daar oorwinning is. Daar lê 'n paar kwaai gevegte voor. Maar ons vreugde wat ons in die Here het, gaan ons help om 'n goeie geveg te veg. ('n Goeie geveg is 'n geveg wat uitloop op 'n oorwinning!)

Wat staan ons dan te doen?

- Begin bid en tree in vir daardie areas in jou en ander mense se lewens waar jy weet God se droom nog nie gebeur het nie en waar God se seën nodig is.
- Staan op hierdie beloftewoord van God. Hy het dit immers gegee vir hierdie tyd in die besonder. Hy wil ons nou buitengewoon seën.
- Dank Hom daarvoor en vra Hom wat jou te doen staan in die lig daarvan. Vra Hom watter tree jy moet gee sodat Hy die geveg kan veg en die oorwinning kan verseker.
- As die vyand jou aanval, proklameer hierdie belofte van God in geloof teenoor hom. Proklameer dat hierdie die tyd is van God se guns en seën. Proklameer dat sy dae daarom getel is en dat die situasie gaan verander. God se woord gaan hier waar word. Leer om vas te klou in geloof aan jou vreugde in die Here en in Sy getrouheid, omdat jy weet Hy gaan binnekort hier 'n verskil maak; hier 'n deurbraak bewerk.
- Gee soos jy nog nooit voorheen gegee het nie. Van jouself, jou energie, jou tyd, jou geld.

Gryp God se drome vir jou en ander nou vas en jaag dit na.

- Vir jou verhouding met God. In jou gebedslewe. In jou aanbidding. Dat jy die teenwoordigheid, heerlikheid, grootheid, genade en seën van God sal beleef soos nog nooit voorheen in jou lewe nie.
- Vir jou eie lewe, en vir jou man of vrou, en vir elke ander gesinslid en familielid, tot die derde en vierde geslag toe. Begin bid dit. Bid vir die drome wat jy vir hulle het. Sê: Here, dit is U jaar van guns. Daarom bid ek vir ..... dit .... en dit ....
- Soek God se hart vir hulle. As daar chaos heers, of dinge aan flarde lê, begin sien hoe God se genade en lig daar inbeweeg en dinge begin herstel.
- Bid dat jou kinders, jou man of vrou se lewens en planne in lyn sal kom met God se planne en drome vir hulle lewens. Dat hulle Sy stem sal hoor en Hom onvoorwaardelik sal leer volg. Omdat hulle weet dit beteken oorvloedige lewe.

Moenie verbaas wees as deure oral om jou begin oopgaan nie. Of dat jy oral guns kry by mense en in allerlei kringe waar jy dit nooit voorheen gehad het nie. God skep maar net verhoë waar jy Sy seën en Sy verlossing moet bedien. Bly jy maar net in Hom, sodat Hy deur Sy Gees vrug kan dra in jou lewe en deur jou kan vloei.